# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

14 April 1989 | Tel: (011) 836-7236 | Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)




## Oranje, Blanje . . . Blues!

Wie en wat is die Alternatiewe Musiekbeweging? — 8 & 9

Boereskelm met poësie in sy hart — 5

# Lang pad na vrede




**Max du Preez**

DIE bloedvergieting is voorlopig gestaak, maar vrede is nog nie 'n woord wat met veel oortuiging in die noorde van Namibia gebruik word nie.

Buiten die lewensverlies van meer as driehonderd soldate, is die belangrikste gevolg van die eerste twee weke van "Namibia se vredesperiode", 'n dieper agterdog tussen deelnemende partye en groter polarisasie tussen politieke groeperinge in die gebied.



Martti Ahtisaari

Wrywing het ook nou tussen die Suid-Afrikaanse magte en Untag begin ontstaan oor die Suid-Afrikaanse onbuigsaamheid en gebrek aan samewerking.

Swapo self - en heelwat waarnemers stem met hulle saam - glo dat die konflik van die laaste twee weke en die optrede van die veiligheidsmagte eerder hul populêre steun verstewig as ondermyn het.

Tog het hulle waarskynlik potensiële bondgenote soos Owambo se Peter Kalangula en die Damara-leier Justus Garoëb finaal afgeskrik. Dit kan die verskil maak tussen 'n gewone oorwinning by die stembus en 'n meerderheid van twee derdes, waarvoor Swapo hoop.

Die Swapo-leier, Sam Nujoma, se eie posisie het 'n kwaai knou gekry. Nie net is hy deur Havana, Luanda, Lusaka en selfs Harare oor die kole gehaal nie, maar sy leierskap binne die organisasie staan volgens goeie bronne nou baie meer wankelrig as ooit tevore.

Hoewel die Swapo-leierskap na buite steeds die guerrillas se optrede verdedig, word Nujoma skerp gekritiseer vir die fiasko en lewensverlies. Hy het blykbaar persoonlik op vergaderings in guerrilla-kampe in suid-Angola die opdrag gegee dat die vegters die grens moet oorsteek. Die feit dat hy self nou by die vegters moet pleit om terug te keer, word as 'n slag vir sy aansien beskou.

Aan die ander kant is daar genoeg getuienis dat dié guerrillas wat op 1 April hul verskyning in Owambo gemaak het, aanvanklik glad nie aggressief opgetree het nie en geen militêre optrede geïnisiëer het nie.

Die VV en die internasionale gemeenskap kom nou eers agter hoe ingewikkeld en problematies die volgende ses maande werklik kan wees - en dat korrektheid ingevolge protokolle en internasionale ooreenkomste nie vir die vryheidshonger mense van Namibia die grootste prioriteit is nie.

Terwyl heelwat guerrillas blykbaar op pad terug is na Angola, is daar aanduidings dat 'n groot aantal van hulle bloot net hul uniforms uitgetrek, wapens begrawe en weer tussen die mense van Owambo verdwyn het.

Die Berg Etjo-ooreenkoms tussen Suid-Afrika, Angola en Kuba, wat in Suid-Afrika as nóg 'n oorwinning vir Pretoria gesien word, blyk nie veel meer werd te wees as die papier waarop dit geskryf is nie. Die oorgee van net vier van die meer as 1 500 Swapo-guerrillas - twee van hulle gewondes - by Untag se monitorpunte teen gisteroggend is bewys daarvan. Die vier het hulle by die Lutherse kerk by Oniipa aangemeld.

Daar is drie redes hiervoor. Nujoma, het volgens 'n Swapo-woordvoerder radio-boodskappe aan sy troepe gestuur dat hulle moet ophou veg en na Angola moet terugkeer

*Na bladsy 2*

# Boerseun heel tuis in Cosatu

**Anton Steenkamp**

JOHAN BEAURAIN is 'n boerseun van Betlehem in die Vrystaat. Hy het gematrikuleer aan die Hoërskool Witteberg waar hy uitgeblink het as middelafstand-atleet.

Johan is nou 'n elektrisiën op die Spoorweë, en verlede jaar het hy by die South African Railways and Harbours Workers Union (Sarhwu), 'n Cosatu-vakbond, aangesluit.

"Ek het in 1981 as 'n vakleerling by die Vervoerdienste aangesluit," vertel Johan. "Ek het omtrent outomaties lid geword van die blanke Ambagspersoneelvereniging, maar ek het gou uitgevind dat hulle maar net 'n verlengstuk van bestuur is."

Hy het uiteindelik in 1987, toe Sarhwu 'n landswye staking uitgeroep het, besluit dié vakbond het meer bedingingsmag as die klompie wat deur bestuur erken word, en aangesluit.

"Hulle probeer iets doen om die regte van alle werkers te verbeter, ons opvoeding en lone en werksgeleenthede, nie soos die ander waar jy net betaal vir boots en overalls nie."

Het hy nie, as blanke Afrikaner, teenstand gekry van die swart werkers in Sarhwu nie?

"Inteendeel - ek het baie gou besef dat hulle werklik die nie-rassige beleid van Cosatu uitleef. Die mense van wie ek wel teenstand gekry het, was die ander wit werkers.

"Hulle het my as verraaier uitgekryt en rassistiese opmerkings gemaak voor my in die teekamer en so aan. Partymaal sommer in die teenwoordigheid van swart werkers of bestuurslede."

Hy is só geviktimiseer by sy werkplek, die treinverligtingsdepot in Braamfontein, dat hy vertoë tot bestuur gerig het om op te tree teen die voorvalle van rassisme en intimidasie.

Volgens hom het dit nie gehelp nie, en hy het nou 'n aansoek voor die Hooggeregshof gebring dat die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste gelas moet word om dié klagtes aan te spreek.

Hy vra ook dat die SAVD gelas word om die werkstoestande en die oorsaak van die klagtes, naamlik rassisme in die SAV, te beëindig.

Die hof het nog nie uitspraak gegee oor die meriete van die saak nie.

Johan het ná skool sy twee jaar diensplig voltooi, en in dié tydperk reeds sy politieke idees begin heroorweeg.

"Ek het in 'n gewone Afrikaanse huis grootgeword. My ouers het die Nasionale Party ondersteun, maar sport was belangriker as politiek in ons huis.

"Ons het aan die NG Kerk behoort, en dit was juis die Christelike waardes wat ek daar geleer het, die beginsels van regverdigheid en moraliteit, wat my in die army laat wonder het of ek die regte ding doen.

"Nadat ek uitgeklaar het, het ek besef dat dié weermag nie 'n diens lewer aan die hele gemeenskap nie, maar deur rassistiese blankes in stand gehou word vir hul eie belange."

Toe hy 'n jaar later opgeroep is vir 'n kamp, het hy geweier. "Van toe af het hulle my uitgelos."

Is Sarhwu nie huiwerig om blanke lede te aanvaar wat diensplig gedoen

*Na bladsy 2*

# Namibia se lang pad na vrede

Van bladsy 1

eerder as oorgee.

Boonop is daar 'n basis van die SA Weermag langs elk van die monitorpunte en volgens die plaslike bevolking glo die guerrillas nie dat hulle toegelaat sal word om veilig verby te beweeg nie.

Verder eis die SA veiligheidsmagte om dié guerrillas wat hulself oorgee, te ondervra, te fotografeer en vingerafdrukke te neem. Nujoma het in Luanda vir Untag gekritiseer omdat hulle blykbaar hiertoe ingestem het, en gesê dit is 'n set om die guerrillas te vang.

Swapo en Nujoma sal lank wag en hard moet werk om internasionale vertroue te herwin.

Zambië se pres Kenneth Kaunda, 'n ou vriend en beskermheer van Nujoma en kritikus van Pretoria, het die week in 'n onderhoud gesê: "'n Oordeelsfout deur die Swapo-magte en die vertraging van die ontplooiing van Untag het tot die bloedvergieting gelei.'

Die Britse ambassadeur in Suid-Afrika, Robin Renwick, het gesê dit is duidelik dat Swapo die vredesplan geskend het deur sy magte oor die grens te stuur. "In die Orwelliaanse wêreld waarin ons leef, het 'n merkwaardige aantal mense dit aanvanklik betwis. Dit is moeilik vir hulle om te glo dat diegene wat hulle so hoog ag, so dwaas kon optree. Die tragiese absurditeit is dat diegene wat die meeste deur die gebeure te verloor het - ná die mense van Namibia self - dié is wat die meeste vertroue het dat hulle die populêre steun het."

Swapo-leiers het dié week hul siening van die gebeure aan Vrye Weekblad verduidelik. Dit klink so: Swapo het nooit die Geneefse Protokolle, wat bepaal dat sy magte noord van die sestiende breedtegraad moet wees, onderteken nie. Swapo staan by 'n dokument onderteken deur die destydse sekretaris-generaal van die VV, Kurt Waldheim, wat bepaal dat Swapo basisse binne Namibia moet hê. Swapo het egter nooit die Geneefse Protokolle aktief teengestaan nie, want hulle het geglo as hulle dit doen Suid-Afrika nooit implementering van die skikplan sou aanvaar nie.

Op 1 April het dié guerrillas wat reeds binne Namibia was, ter viering van die dag, hul uniforms aangetrek en in groot groepe na die dorpies en krale gegaan om fees te vier. Dit, sê die Swapo-leiers, is teenstrydig met guerrilla-oorlogvoering en verduidelik ook hoekom die oorgrote meerderheid gesneuwelde guerrillas in die eerste twee of drie dae gedood is. Want die veiligheidsmagte het opgedaag en voor die voet begin skiet, selfs op mense wat hul hande in die lug gehou het.

Eers toe die guerrillas in die suide van Angola hoor dat hul kamerade uitgemoor word, sê die Swapo-leiers, het hulle oor die grens gestroom om aan die gevegte deel te neem.

**Peter Kenny** berig uit Oshikango:

Die aanvang van die nege VV vergaderpunte, wat as ontvangsbasisse vir Swapo-insypelaars moet dien, is gekenmerk deur chaos, vertragings en spanning.

Na 'n week van die ergste gevegte nóg in die 23-jarige bosoorlog lyk dit asof geesdrif vir die oorlog aan die taan is.

Die dun lyn VV-troepe het by vergaderpunte aangekom en hulle blou vlag gehys.

Sersant Kerry Ponting en 'n ander Australiese soldaat, Sersant Dave Sinai, was van die eerste troepe om by die Angolese grens aan te kom as deel van die vredesmag.

'n Paar honderd meter verder is die sterk gewapende SAW-peleton onder leiding van een van die mees bekroonde bosvegters, kommandant Jan Hougaard.

Hougaard het gister gesê: "Ek dink nie die Swapo-vegters sal hier bymekaarkom nie. As ek een van hulle was, sou ek ook nie my wapen ingegee het nie, maar net so stilletjies soos ek ingekom het, verdwyn het."

Die bevelvoerder van die VV-magte in die Ovambo-gebied, kol Richard Warren, 'n Australiër, het aan Vrye Weekblad gesê, daar is "twee sienings omtrent die wyse van ontrekking van Swapo-troepe."

Die Suid-Afrikaanse sienswyse is deur die Administrateur-generaal, Louis Pienaar verduidelik. Hy het gesê dat Swapo-guerrillas met hul terugkeer ondervra sal word oor die hoeveelheid insypelaars, waar die res hulle bevind en die ligging van wapenopslagplekke.

Cedric Thornberry, die direkteur van die VV se spesiale afgevaardigde, Martti Athisaari, het gesê: "Dit is 'n onaanvaarbare situasie".

By een van die binnelandse vergaderpunte, Okankolo, in die middel van Owambo, het daar Woensdag spanning tussen VV-troepe en die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse basis, so 400 meter verder, ontstaan toe kol Warren en 'n groep VV-offisiere met die bevelvoerder van die kamp wou praat oor hoe Swapo-guerrillas met die vliegtuig na Angola toe terug geneem sou word. Die bevelvoerder wou niks sê nie en 'n swart luitenant het die groep so te sê van die basis af weg beveel.

"Niemand word by my basis toegelaat nie. As julle met iemand wil praat, moet julle die bataljon-bevelvoerder sien," het hy kortliks gesê.

# Boerseun tuis

Van bladsy 1

het en dalk teen hul mede-werkers opgetree het in die townships nie?

Nee, sê Johan. "Die kwessie van ouens wat by Sarhwu aangesluit het, en dan opgeroep word vir kampe, moet nog bespreek word, maar Sarhwu het reeds besluit dat dit nie teen wit werkers wat wil aansluit, sal tel as hulle diensplig gedoen het nie.

"Sarhwu besef dat ons nie self verantwoordelik is vir die wet nie, en dat ons nie 'n ander opsie het as om ses jaar tronk toe te gaan nie."

Volgens Johan sluit al hoe meer blanke werkers by nie-rassige vakbonde aan.

"Ek self stem nie altyd saam met die vakbond se besluite nie, maar dan kry ek 'n kans om my sê te sê en dit word bespreek, net soos enige ander werker s'n. Dis heelwat anders as in die Personeelvereniging, toe hulle nie eers wou luister na my opinies wat verskil het van die meerderheid s'n nie.


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ..........................................................

Naam: ......................................................

Adres: ......................................................

...............................................................

...............................................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**


# Dié week in die nuus

## Suider-Afrika

**Die Demokratiese** Party word gestig.

**Vyf verdagtes**, onder wie Stuart Pegg, 'n frontman in die Inligtingskandaal, word deur die polisie gesoek oor bedrog van R47 miljoen.

**Die bruin** Gereformeerde Kerke maak in 'n brief aan pres PW Botha beswaar oor die noodtoestand wat volgens hulle die gevolg is van 'n staatsbestel wat aan die grootste deel van die gemeenskap basiese politieke regte ontsê.

**Dimitrio Tsafendas**, wat in 1966 vir dr Hendrik Verwoerd vermoor het, word ernstig siek in die hospitaal opgeneem.

**Federale Volksbeleggings** se voorsitter, dr Kerneels Human, sterf in 'n motorongeluk.

**Van Zyl** Slabbert, prof Johan Degenaar en ander Idasa-afgevaardigdes keer terug uit Moskou, waar hulle onder meer met lede van die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party samesprekings gevoer het.

**Albert Nothnagel** word aangestel as Suid-Afrika se ambassadeur in Nederland.

**Nog aanklagte** van ontug met laerskoolseuns word teen onderwyseresse in die Vrystaat ondersoek.

**PW Botha** kry ere-Springbokkleure van die SA Gymkhana-unie en die SA Saalperd-unie.

**Agt swart** mans word op Boksburg se stasie deur blankes aangeval.

'n **Verkragter** wat op heter daad betrap is, word deur die polisie doodgeskiet.

**Twee hoërskoolseuns** wat na bewering 'n seiljag uit Gordonsbaai se hawe gesteel het, verskyn in die hof.

**PFP-LP Marius** Barnard besluit om hom nie by die DP aan te sluit nie.

**Bles Bridges** koop 'n perd van R26 000.

**Die ANC** "infiltreer" vakbonde vir gesondheidswerkers, beweer die veiligheidspolisie.

**'n Voormalige** werknemer van die SA Vervoerdienste verskyn in die hof op bedrogklagte nadat hy na bewering goedere aan die SAVD verkoop het terwyl hy in hul diens was.

**Trevor Tutu** verskyn in die Landdroshof op aanklagte van crimen injuria, belemmering van 'n polisieman in die uitvoering van sy plig en die maak van 'n vals bomdreigement.

'n **Taxi-oorlog** in Johannesburg eis drie lewens.

**Vista Homes** word gelikwideer.

**Peter Soal**, DP-LP, vra dat vervolgings onder die Groepsgebiedewet gestaak word.

**Al die** dosente aan die NG Kerk se teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria vra dat die Kerk 'n tweede kongres oor armoede byeenroep, omdat die armoede van swart- en bruinmense by lidmate verbygaan.

**Elisabeth Eybers** ontvang die Ou Mutual-Letterkundeprys.

**'n Boer** van Heilbron, Johannes Botha, word skuldig bevind aan onsedelike aanranding nadat hy 'n sestienjarige swart seun en 'n vyftienjarige blanke seun betas het.

**Anatoli Adamisjin**, assistent-minister van buitelandse sake van die USSR, besoek Suid-Afrika.

## Wêreld

**Chile vervaardig** 'n prototipe van Suid-Afrika se G5-kanon ná 'n ooreenkoms met Krygkor.

**'n Russiese** kernduikboot sink naby Noorweë. Minstens 42 bemanningslede sterf.

**Israel se** minister van finansies, Shimon Peres, sê Israel onderhandel reeds met die PLO, met die VSA as bemiddelaar.

**Verpleegsters in** Oostenryk wat minstens 49 pasiënte vermoor het, sê hulle het "aktiewe genadedood" gepleeg.

**Pres Robert** Mugabe van Zimbabwe ontvang die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die "Willowgate"-skandaal waarin kabinetslede geïmpliseer is.

**Die VSA** herhaal dat die ANC nie 'n terroriste-organisasie is nie.

**Twee Oos-Berlyners** wat probeer ontsnap het, word op die grenspos in hegtenis geneem.

**In Georgië**, USSR, breek gevegte uit tussen nasionalistiese betogers en regeringstroepe.

**Afrika se** armste lande vra buitelandse eisers om hul skuld af te skryf.

**Ivoorsmokkelaars in** Tanzanië word betrap met 89 olifanttande.

**Twee mensvreterleeus** wat drie mense opgevreet het, word in Tanzanië doodgeskiet.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Voëlvry se vlerke geknip

Anton Steenkamp

DIE Afrikaanse rockers op die Vrye Weekblad/Shifty Records Voëlvry-toer is nie meer so vry om op te tree waar hulle - of hul gehore - wil nie, en is al links en regs verbied nog voordat die toer begin het.

Die Gereformeerde Blues Band en Bernoldus Niemand en die Swart Gevaar is reeds verbied om by die Potchefstroomse Universiteit en die Vaaldriehoek Technikon op te tree, en André Letoit is weens 'n ou verbod daarvan weerhou om Woensdagaand saam met dié twee groepe by RAU op te tree.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het laat weet dat popkonserte op dié kampus net tydens jool of intervarsity mag plaasvind, en op Betlehem is die konsert van die Voortrekker Hoërskoolsaal af verskuif na 'n hotel buite die dorp.

Die studente van die Vaaldriehoek Technikon het nooit 'n keuse gehad of hulle die GBB, Niemand en Letoit wil sien nie. Die bestuurskomitee van die Technikon, bestaande uit die waarnemende rektor, die direkteur van studente-aangeleenthede en die registrateur, het besluit die konsert "voldoen nie aan die opvoedkundige vereistes van die Technikon se kultuurprogram nie".

Nadat die konsert reeds gereël is, het die waarnemende rektor van die Vaaldriehoek Technikon verlede week die kunstenaars laat weet dat hulle nie meer welkom is op die kampus nie.

Die waarnemende rektor, PA Swanepoel, het dié week gesê die besluit is geneem "nadat ons na die inhoud van die program gekyk het en besluit het dat dit nie kultureel opbouend is nie en aan sekere studente en lede van die gemeenskap aanstoot kan gee".

Die konsert is verlede Woensdag verbied, voordat die groepe hul eerste vertoning gelewer het.

Swanepoel wou nie verduidelik op grond waarvan die konsert verbied is nie. "Ek wil nie graag die detail bespreek nie, maar iemand het aan ons verslag gedoen oor die inhoud van die program."

Die studenteraad van Potch het hulle op 16 Maart al eenparig daarteen uitgespreek dat die toergroep op die kampus van die PU vir CHO optree.

Die SR-voorsitter, Victor d'Assonville, sê die redes daarvoor is dat "inhoudelike aspekte van die musiek van die groep in stryd is met die Christelik-historiese karakter van die universiteit".

Volgens hom word daar onder meer gespot met die volkskultuur en godsdiens en is daar probleme met van die taalgebruik.

Die Kovsies se studenteraad het besluit dat die Voëlvry-konsert nie in dié stadium op hul kampus kan plaasvind nie, omdat dit SR-beleid is dat popkonserte net tydens jool of intervarsity mag plaasvind.

Bloemfontein se jollers sal darem nog die konsert kan sien in die Frans Cronjé-saal op die skougronde.

# Nuwe era in wit politiek

Elsabé Wessels

DIE nuutgestigte Demokratiese Party (DP) het hierdie week sy wedloop vir setels in 'n algemene verkiesing geloods met massa-vergaderings reg oor die land.

Die boodskap wat Wynand Malan Woensdagaand aan kiesers in Johannesburg-Wes oorgedra het, het die sentiment van die nuwe party uitgespel: "Wit kiesers moet hulself by die swart bevrydingstryd aansluit indien hulle 'n aandeel in hulle eie toekoms wil hê."

Vergaderings reg oor die land wat deur die DP se troika-leierskap, Malan, Denis Worrall en Zach de Beer, en ander LV's toegespreek is, het groot bywoningsyfers gehad. Meer as 2000 mense het 'n vergadering Dinsdagaand in Kaapstad bygewoon.

Die sterk retoriek ten gunste van 'n nie-rassige Suid-Afrika wat deur DP-sprekers aangeroer is, het 'n nuwe era in wit politiek in Suid-Afrika ingelui. Te oordeel aan die geesdriftige bywoning van die openbare vergaderings verlede Saterdag in Johannesburg en Dinsdagaand in Kaapstad het die party nuwe lewe in tradisionele wit politiek geblaas.

Dit is die eerste keer dat Afrikaners so 'n dominerede rol in 'n politieke party links van die regering speel. Dié steun kan die deurslag gee in die DP se onmiddellike doelwit om die land se amptelike opposisieparty in die wit Volksraad te word.

Met sy daadwerklike verbintenis om sowel die magspel van die wit politiek te speel as om aan die eise van die buite-parlementêre politieke groepe te voldoen, het die DP 'n nuwe politieke vertrekpunt afgekondig.

## Pad vorentoe

Die volgende maande sal bepaal of die party met sy binne- en buiteparlementêre tweepas en klaarblyklike steun in Afrikanergeledere vir homself 'n magsbasis in die land se politieke arena kan afpen.

Die pad vorentoe is nie maklik nie. Die party sal sy steun onder wit kiesers binne ses maande in 'n algemene verkiesing, wat volgens bronne vroeg in September sal wees, moet bewys.

Hier sal die DP hom sterk moet verlaat op die 16 setels van die ontbinde Progressiewe Federal Party en drie setels van die Nasionale Demokratiese Beweging. Om die rol van amptelike opposisie oor te neem, sal die DP op die Konserwatiewe Party se huidige 23 setels moet verbeter. Alle aanduidings is egter dat die KP, ná sy magsvertoon in die munisipale verkiesings, sy kiesafdelings na 30 kan uitbrei, wat 'n nog groter eis aan die DP sal stel.

In DP geledere word daar met bravade van 'n oorwinning van soveel as 40 setels gepraat, maar politieke waarnemers is van mening dat die party se realistiese mikpunt in die dertigs val.

Oud-progge is gretig dat kiesafdelings wat in 1987 aan die NP afgestaan is, veral in Natal en die Oos-Kaap, nou deur die DP gewen kan word. Daar word veral gehoop dat Worrall, wat uitgesproke steun in dié gebiede geniet, die setels vir die DP kan verseker.

Binne party-geledere is die gevoel dat die troika-leierskap tot die DP se voordeel strek. Die gesamentlike optredes van die drie lok gehore en daar word gemeen dat elkeen 'n besondere aspek van die nuwe party verteenwoordig.

'n Verkiesingsveldtog kan egter help om die verskeie elemente van die party saam te snoer en sy eie karakter aan die breë publiek uit te dra.

Dat die NP die DP gaan probeer looi in 'n bittere propagandaveldtog ly geen twyfel nie. NP-gesinde koerante hang reeds die bordjies van "swak op sekuriteit", die "PFP in 'n ander baadjie" en die "leierskapstwis" die DP om die nek.

Die venynige aanval van die kant van die SAUK is reeds verlede Sondag geloods in 'n aanvallende onderhoud met Worrall. Sonder die steun van die tradisionele massa-media sal die party 'n intense openbare verkiesingsveldtog moet voer om openbare steun te werf.



**Dennis Worrall, Colin Eglin, Wynand Malan, Jannie Momberg en Zach de Beer by die stigtingsvergadering van die Demokratiese Party verlede Saterdag in Johannesburg**

*Foto: Ruvan Boshoff*

Die DP se grootste uitdaging lê egter daarin om 'n oortuigende band met die breë versetfront te smee.

Wit ondersteuners van die DP sal gelei moet word om die omvang en voordele van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika in te sien. Daar sal nie net van kontak met buite-parlementêre groepe gepraat kan word nie - die DP se sukses sal aan 'n program van aksie gemeet word.

Daar bestaan geen illusies dat die DP nie binne die afsienbare tyd aan bewind kan kom nie. Maar daar word alom gemeen dat die DP die Nasionale Party op die pad van onderhandeling kan dwing, met voortgesette onderhandeling met swart politieke groepe binne en buite Suid-Afrika.

# VV bekommerd oor Malan-besoek

NEW YORK - Die Verenigde Volke het Woensdag gewaarsku dat 'n onlangse besoek aan Santiago deur Suid-Afrika se Minister van Verdediging, genl Magnus Malan, tekenend is van 'n verbetering in militêre bande tussen Suid-Afrika en Chile.

Die VV se spesiale komitee teen apartheid het in 'n verklaring sy kommer uitgespreek oor Malan se onlangse besoek van twee weke aan Chile.

Malan het het Santiago besoek "met die doel om nouer militêre samewerking tussen die twee lande te bespreek," lui die verklaring.

Die VV se komitee teen apartheid, onder leiding van Joseph Garba van Nigerië, het 'n beroep op genl Augusto Pinochet se militêre regering gedoen "om die wil van die internasionale gemeenskap te eerbiedig en sy militêre en ander samewerking met rassistiese Suid-Afrika te staak".

Die VV-verklaring waarsku dat, deur die G5-kanon met Suid-Afrikaanse tegnologie in Chile te vervaardig, Santiago in die toekoms vir Suid-Afrika kan help "om die wapenembargo teen Pretoria te omseil". - AFP

# Hoogverraad ondersoek teen Oos-Kaaplandse UDF-leiers

Elsabé Wessels

GETUIENIS vir 'n hoogverraadsaak wat die omvang van die marathon Delmas-verhoor kan aanneem, word tans in Oos-Kaapland teen dié streek se top- UDF-leierskapstruktuur ondersoek.

Volgens woordvoerders van versetgroepe in Port Elizabeth vrees hulle dat die UDF-leiers Henry Fazzie, Edgar Ngooyi, Mkuseli Jack, Stone Sizani en Ihron Rensburg en ander, wat sedert die middel van 1986 aangehou word, nie vrygelaat sal word voordat hulle aangekla word nie.

*Volgens bronne is inligting* oor sowat 20 aktiviste reeds aan die prokureur-generaal op Grahamstad gestuur om uitsluitsel oor vervolging te bereik.

'n Polisie-ondersoek na gebeure in die Oos-Kaap in 1984 en 1985, waarby aangehoudenes na bewering betrokke sou gewees het, is nog nie afgehandel nie.

## Twee jaar

Die vyf leiers is onder die meer as 40 aktiviste wat steeds in terme van die Noodtoestand in Oos-Kaapland aangehou word - die meerderheid reeds twee jaar en langer.

Volgens die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, eerw Frank Chikane, is Oos-Kaapland die enigste gebied waar die "eerste vlak politieke leierskap" reeds vir langer as twee jaar aangehou word.

"Indien dié aangehoudenes werklik 'n kriminele oortreding begaan het, sou dit nie die staat drie jaar geneem het om hulle aan te kla nie.

"Dit lyk asof hulle aangehou word om hulle uit hul eie gemeenskap te hou," het Chikane gesê.

Chikane het na 'n besoek aan die UDF-leierskap in Port Elizabeth se St Albans-gevangenis daarop gewys dat veiligheidsoptrede in Oos-Kaapland skerper was as in ander streke.

Toe Oos-Kaaplandse aktiviste op 5 Februarie hul by die landwye eetstaking aangesluit het, was die getal aangehoudenes onder die Noodtoestand meer as 145, waarvan 90 reeds langer as twee jaar in aanhouding was.

NUWE AANKOPE UIT ZOELOELAND
pragtige tradisionele en eietydse stukke
ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is
african magic
spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om nou 'n verskil te maak.**

# Laaste stuiptrekkings van die Boeremafia

DIE Boeremafia, Suid-Afrika se eie misdaad-sindikaat wat oor die afgelope tien jaar na raming honderde miljoene rande gesteel het, het vandeesweek sy laaste stuiptrekkings gegee toe sy leier, Renier "Pappa" Swiegers, vir 32 jaar tronk toe gestuur is.

Pappa Swiegers was die afgelope jare een van Suid-Afrika se mees geslepe swendelaars wat aan die hoof gestaan het van sowat 50 witboordjieskelms wat met fyn uitgewerkte skemas en sluwe beplanning miljoene rande buitgemaak het.

Die Boeremafia se misdaadtentakels het gestrek vanaf Suid-Afrika tot in Kalifornië in Amerika, Griekeland, Spanje, Italië, Siprus en Hongkong. Die meeste van die leierselemente is afkomstig uit Namakwaland en die suide van Namibia.

Swiegers is in die Johannesburgse landdroshof skuldig bevind aan 53 klagtes van bedrog en vervalsing. Hy sal 'n effektiewe vonnis van twaalf jaar uitdien.

Swiegers is in die hof ontmasker as 'n uitmuntende vervalser en manipuleerder. Toe die polisie hom in Maart 1986 by 'n padblokkade voorgekeer het, het hulle 22 verskillende identiteitsdokumente, vervalste bestuurderslisensies en paspoorte by hom gevind.

Swiegers is in 1948 die eerste keer op Springbok weens onwettige prospekteerdery en tjekbedrog aangekla, en daarna was hy in Kaapstad, aan die Rand en in die destyde Rhodesië met swendelskemas bedrywig. Hy is in 1965 as gewoontemisdadiger verklaar.

Talle van die geldslenters waarmee Suid-Afrikaners - en veral Afrikaanssprekendes - die laaste jare mee om die bos gelei is, het sy oorsprong gehad by dié handjievol eksentrieke skelms wat hulself as finansiële konsultante of makelaars voorgedoen het.

Die polisie sê dit is onmoontlik om te bereken hoeveel geld Swiegers en sy manne buitgemaak het, maar erken dat die klagtes wat teen hul aanhangig gemaak is, net 'n druppel in die emmer is.

Banke alleen het miljoene rande verloor met twee skemas wat as "Kiteflying" en "Cross firing" bekend gestaan het. Daarbenewens het nog baie mense geld verloor met eiendomstransaksies en piramiedskemas.

Ander skemas sluit in huurkoopbedrog, veral met weelderige motors, borgskappe vir renjaers en casino-beleggings in die tuislande.

Die polisie het sowat drie jaar gelede op die Boeremafia toegeslaan en vandag sit die meeste van sy topswendelaars agter tralies.

Vrye Weekblad verneem daar is twee groot sindikate: die een waar-

**Jacques Pauw**

van Swiegers en ene Joseph Sabadi aan die spits was, en die ander waarvan Dirk van Lill en Willie Prinsloo die leiers was. Die twee sindikate het egter nou saamgewerk en gereeld met mekaar sake gedoen.

Swiegers, Sabadi en Van Lill is al drie tot twaalf jaar tronkstraf gevonnis, terwyl Prinsloo die land verlaat het en vandag in Parys in Frankryk sit.

Die polisie het al bereken dat 'n bedrag van tot R300 miljoen by die twee sindikate betrokke mag wees.

Die ondersoekbeampte in die sake, adjudant-offisier Nagel van die polisie se handelstak, het in van die hofsake getuig dat die leiers van die sindikate nie self die misdade pleeg nie. Hulle gebruik 'n middelman wat "runners" het. Die geld beland op die ou end in die leiers se sakke.

Die middelmanne van die Boeremafia is die afgelope jaar of twee tot tussen drie en tien jaar tronkstraf gevonnis.

Die Boeremafia het lede gewerf deur oud-misdadigers te nader en "werk" aan te bied. Volgens Hoffman het die Boeremafia die dienste van mense gebruik wat van drank en dwelms afhanklik is.

Talle ander onderduimse maniere is gebruik om mense te werf. Een van die middelmanne, At Shepard (17 jaar tronkstraf) het byvoorbeeld op die plaas Enoch's Walk buite Pretoria 'n organisasie begin met die naam "Reborn Christians".

Shepard het leeglêers en boemelaars van die strate opgetel, hul na Enoch's Walk geneem en huisvesting gegee. Hulle is gebruik om vir die Boere-mafia te werk.

'n Gewese Springbok-slot, Johan Steenekamp, was een van die sogenaamde middelmanne van die Boeremafia. Hy is ook nou in die tronk weens bedrog.

Van die belangrikste figure in die Boeremafia was die broers Gert en Bertie Kotze, wat albei van die vroegste smouse met buitelandse lenings was. Gert is onder meer deur die polisie oor die Smit-moorde ondervra voor hy in 1985 in 'n gestig oorlede is.

Die skemas het almal drie sleutel-eienskappe: dit bied vir die slagoffer geldelike uitkoms, het die skyn van wettigheid en daar is gewoonlik imponerende dokumentasie om die aannames te steun.

Daarom speel tjeks, kontrakte, prokureursbriewe en telekse 'n belangrike rol in die misdade.

Die Boeremafia is vir die eerste keer in 1986 deur 'n ondersoekende joernalis, Martin Welz, ontmasker. Welz glo byvoorbeeld dat die Boeremafia ook betrokke was by al die kubus-foefies waarin die publiek meer as R200 miljoen verloor het.

Vrye Weekblad verneem dat die Staat in die onlangse hofsake net genoeg klagtes op die klagstaat geplaas om 'n goeie en sterk saak teen die beskuldigdes te kan maak.

In die sake het "Kite flying" en "Cross firing" duidelik na vore gekom. Die Mafia het gewoonlik bankrekenings in geslote korporasies of vals name geopen.

"Kite flying" werk so: 'n Bankrekening by A-bank word byvoorbeeld in Kaapstad geopen. 'n Paar dae later word die rekening verplaas na A-bank in Durban. Die rekeninghouer hou egter die Kaapstad-tjekboek.

Hierna word 'n nuwe rekening by B-bank in Bloemfontein geopen. Die rekening word ook verplaas na B-bank se tak in Pretoria. Verskeie rekenings by verskeie banke word op dieselfde manier hanteer.

Geld word nou links en regs met die tjeks van die *rekenings wat verplaas is*, gedeponeer. Die hele stelsel werk baie eenvoudig: banke het 'n sewe dae tydperk waarin tjeks geklaar moet word. Indien 'n tjek na 'n week nog nie na die trekker verwys is nie, aanvaar 'n bank die tjek is "skoon" en die geld kan uitbetaal word.

Volgens "cross firing" word verskillende rekenings deur verskillende mense by dieselfde bank geopen. Al wat gebeur, is dat die houers tjeks in mekaar se rekenings inbetaal. In elke rekening is daar dus geld. Die houers wag tot die rekening groot genoeg is en trek alles.

# Swiegers: 'n Boereskelm met poësie in sy hart

Melkbos

Ek worstel in die Suide vas
tussen kokerboom en blinkhaargras

die samma berg 'n swartbruin pit,
maar mý melk klou taai en wit!

**Melkbos, een van Swiegers se gedigte in sy eie handskrif**

**Jacques Pauw**

ADRIAAN SWIEGERS is 'n fynbesnaarde wese - digter, filosoof en taalkenner. Ook amateur-argeoloog wat woestyne omdolwe vir uitgestorwe rasse. Daarby lakto-vegetariër en intense diereliefhebber.

Hy sê hy's 'n seun van die suide; die dorre suide; Suidwes se suide. Hy dig daaroor: "O! die vaal en die wit/ en die geel en die rooi/ in ons sonbesieland, so onsêbaar mooi."

Maar hierdie 69-jarige man met die grys hare en die sagte stem is nie net Adriaan Renier Swiegers nie.

Soms is hy ook Hans de Wet of Heinrich Heinz. Of sommer een van die 22 ander identiteite wat in 'n verkoelsak in sy motor was.

Bowe alles is hy Pappa. Nee, nie pappa vir sy kinders nie.

Pappa vir sy mede-bedrieërs, swendelaars en misdadigers.

Want vir die afgelope tien jaar was Swiegers aan die hoof van die Boeremafia, 'n groep gewetenlose witboordjieskelms wat hulself "Die Sindikaat" genoem het.

Uit respek het hulle hom Pappa genoem.

Aan Swiegers se hande kleef die smart en ontnugtering van waarskynlik duisende mense wat in hom geglo en vertrou het.

Vandag sit Swiegers in die tronk. 'n Landdros het hom vir 32 jaar tronk toe gestuur op 53 aanklagte van bedrog en diefstal.

Hy is een van die bekendste sindikaat-misdadigers in ons kriminele geskiedenis. Onbekend vir die gewone man, maar berug en selfs gevrees in die onderwêreld. Hy is jare gelede al as 'n gewoontemisdadiger verklaar.

Tog het daar vandeesweek in die Johannesburgse streekhof 'n ander beeld van Swiegers na vore gekom.

Kort voor hy gevonnis is, het hy 'n handgeskrewe betoog van agtien bladsye aan die landdros oorhandig waarin hy hom vra:

"Stuur my asseblief terug na my Heimat, my tuiste, my kontrei - terug na my diertjies waar ek hoort. Terug na myself! Ek en Susan (sy vrou) het genoeg gely - ons het self betaal."

Saam met sy verslag heg hy 52 van sy gedigte aan en sê vir die landdros: "Ek voel ek is geregtig om u te vra om ook na my as mens te kyk en om hierdie rede heg ek hierby aan gedigte geneem uit die twee bundels wat ek sedert Junie verlede jaar geskrywe het - daarin sal u sien wat ek is en waar ek hoort."

Swiegers is op 14 Maart 1986 by 'n padblokkade in Johannesburg in hegtenis geneem. In die motor was 'n verkoelsak met 22 verskillende identiteitsdokumente.

Sy verhoor is onderbreek toe hy ontsnap het terwyl hy by die tandarts was. Hy is uiteindelik weer in Namibia opgespoor en het in Julie verlede jaar weer in die hof verskyn.

In sy verslag noem hy dat die verhoor van die begin af nie behoorlik ondersoek en gekontroleer is nie. Hy noem ook van dokumente wat sou verdwyn het en polisiemanne wat oneerlik sou wees.

Hy noem ook dat weens ongure publisiteit oor sy misdaadlewe sy skoondogter flou geword het en kort daarna op 'n jong leeftyd dood is. Sy enigste seun, 'n bekende wetenskaplike, het hom ook verwerp.

Hy sê van sy aanhouding in die tronk: "Ek kom uit 'n fyn opgevoede gesin. Hier is jeugdige skollietipes wat van smôrens vroeg tot saans laat die sataniese ruk-en-rol van Radio 5 speel. Dis 'n aanranding op my persoon, niks minder nie, ek beskou dit as skandalig."

Swiegers sê hy het 'n graad in argeologie en honneurs in sistemiese wysbegeerte. Hy kan verskeie tale vlot praat. Hy het onlangs Esperanto aangeleer en probeer nou Russies baasraak.

Swiegers en sy vrou het die laaste ruk voor hy in hegtenis geneem is in 'n kliphuis op 'n plaas langs die Hennopsrivier buite Pretoria gewoon. Hy skryf hoe hy en sy vrou soos honde van die plaas af weggejaag is toe hy op borgtog uit die tronk gekom het.

"Ons is geplunder deur die dronklappe en 'Reborn Christians' - klere, radio-toerusting, motoronderdele, gereedskap, erfstukke uit Duitsland, skottelgoed, feitlik alles wat duursaam was - net honderde boeke is nie geneem nie."

Swiegers beweer deurgaans dat hy onskuldig is en "geframe" was deur van sy eertydse vennote. As hy nie tronk toe gaan nie, sal hy hom voltyds besig hou met die verwerking van mineraalmonsters.

"Nooit weer wil ek 'n stad, 'n amptenaar en 'n dronklap sien nie. Ek het hulle nie nodig nie - beide my vrou en ek is kunstig en skeppend. Ons huisie self sal uit plank en klip bestaan."

Swiegers skryf hy is verlede jaar (toe hy verdwyn het) met 'n kombi en sy drie hondjies terug na Namibia waar hy grootgeword het. Hy skryf:

"Semi-woestyn toe - Visrivierafgronde, Hunsberge, haas onbewoonde wilde, woeste wêreld. Kombi met stukke karton in 'n groot stroois omskep. Ek het te voet rondgeswerf en duisende kilometer geloop - sonder wapen, weinig toerusting en een hondjie, wat halfblind was, orals gedra. Sy is my oudste en wag nog op my.

"Langs die Oranje met selfgemaakte primitiewe toerusting vis vir die hondjies gevang. Ek is 'n lakto-vegetariër en dit was bitter teen my beginsels om die vis te vang, maar die diertjies was daar.

"Toe oorval die vloedwaters ons in die nag en 'n worsteling van ure begin om met ons lewens te ontkom. Red twee hondjies, maar water spoel my en een hondjie af. Kom met groot gespook weer uit. Ek vind die verlore hondjie weer die volgende dag. O, die vreugde!

"Daarna verdryf plae - miljoene insekte - ons weg van die rivier woestyngebied in. Toe vind ons nog 'n verwaarloosde hondjie. Ons noem hom Möwe. Nog vyf kleintjies kom by en toe is ons tien. 'n Slang byt toe vir Möwe en ons is weer nege.

"Ek was nog nooit gelukkiger nie, nog nooit nader aan die ritme van die Skepping nie. Ek gaan terug, dit weet ek, ek en my hondjies en my vrou."

Swiegers beweer verder dat hy Boesmangrotte met potte gevind het. In die grot was daar tekeninge van 'n oerras wat 20 000 jaar voor die Boesman in suidelike Afrika gewoon het.

Oor sy rol in die Mafia sê Swiegers: "Ek is nòg leier, nòg beplanner, nòg wenner. Eintlik was en is ek maar net die old fool."

Sy laaste advies aan die landdros: "Edelagbare, u is nog besonder jonk vir u posisie. As u na dekades eendag aftree, sal u kan terugkyk en sê: hier het ek die regte besluit geneem. U sal dan deur een van my boeke blaai. Laat my asseblief toe om my bydrae te lewer."



Adriaan Swiegers


**Bevry alle aangehoudenes**

**Beëindig die Noodtoestand**

JODAC
A UDF affiliate
'n UDF-affiliaat

Black Sash
Black Sash

**Ouer tot Ouer**

Kom luister na die persoonlike ervarings van 'n ouer, 'n aangehoudene en 'n prokureur

17 April 1989, 20h00, The Hall, Orchardsstraat 14, Orchards.

*Uitgereik deur die Johannesburg Democratic Action Committee (Jodac), Posbus 93118, Yeoville 2143 en die Black Sash, 2de Vloer, Queensbrug, Jutastraat, Braamfontein 2001.*

# Kennis agter politieke tralies

**Die Universiteit van Wes-Kaapland poog om 'n mikrokosmos van nie-rassigheid te skep. Is dit moontlik, en kan die universiteit bekostig om 'n eksperiment te wees? ELSABE WESSELS gesels met Ampie Coetzee**

RASSISME is "ingeburger" by die Universiteit van Wes-Kaapland. Baie bruin studente hou nie van swart studente nie, en dit het rassekonflik op die kampus tot gevolg.

In 'n land wat voortwankel op 'n onderbou van rassisme, klink bogenoemde nie eens skokkend nie. Die UWK het verrys uit die opdrifsels van apartheid, rassisme, Bantoe-onderwys en die Groepsgebiedewet - as 'n universiteit vir sogenaamde Kleurlinge.

'n Mens moet noodwendig van apartheidsterminologie soos bruin (kleurling), swart en wit gebruik maak. Die afgedwonge verdeeldheid tussen swart, bruin, wit en Indiër op alle vlakke van lewe het rassisme die reël gemaak in Suid-Afrika - dit geld ook die UWK, ondanks die feit dat die juk van die NP se apartheidsideologie met mag hier ongedaan gemaak word.

Maar om 'n mikrokosmos van nie-rassigheid te skep in 'n wêreld van rasseklassifikasie, afsonderlike geriewe en die Groepsgebiedewet, is om die normale binne die abnormale te verwag.



Ampie Coetzee van die UWK

### Verdedig

Só analiseer Ampie Coetzee, professor in Afrikaans aan die UWK, die toestand op die ontstuimige kampus.

Coetzee is een van vier professore aan die universiteit wat onlangs die buitengewone stap geneem het om die universiteit deur middel van advertensies in die pers te verdedig.

Coetzee het onomwonde die verdeeldheid tussen bruin en swart studente op die kampus dié week beklemtoon.

Dié rassespanning is voorheen nie openlik op die kampus bespreek nie, maar Coetzee voorsien dat dit binnekort sal gebeur. Die personeel is bewus daarvan, maar dit is nog nie op 'n massavergadering aangespreek nie.

Die botsing tussen bruin en swart studente is maar één van die konflikte wat die UWK-rektor, prof Jakes Gerwel, en sy personeel op 'n daaglikse grondslag moet hanteer.

Daar is sterk politieke verdeeldheid tussen ondersteuners van die Arbeidersparty en die "Charterists", én tussen húlle en lede van die Unity Movement - 'n radikale intellektuele groep.

Op 'n praktiese vlak is die studente, ongeag etniese groep of politieke verwantskap, afkomstig uit minderwaardige onderwysstelsels.

Sosiale probleme soos oorbewoning in die koshuise en 'n gebrek aan huisvesting sluit hierby aan. Akademiese boikotte en stakings teister die universiteit al weke lank en het in die verlede tot intimidasie gelei.

Daarteenoor moet aanslae van propagandaveldtogte teen die universiteit, soos die verspreiding van naamlose pamflette, aanvalle in die regeringsgesinde pers en staatsoptredes - die beleëring van die kampus en die aanhouding van studente - afgeweer word.

Tog het die UWK die beeld van apartheidsinrigting afgeskud en sy plek ingeneem in die breë bevrydingstryd.

"As jy sien wat hier gebeur, besef jy hoe groot die gemors is waarin Suid-Afrika homself bevind, en hoe erg daai gemors nog gaan word. Ons probeer dinge regstel hier - deur rassisme uit te skakel, deur êrens 'n gelykheid in 'n onderwys van ongelykes te bereik," sê Coetzee

"Die botsings wat hier plaasvind, word in die gemeenskap herhaal. Die pad na normaliteit in die gemeenskap gaan wees soos op dié kampus - vol aanslae."

Maar is dit geregverdig om van dié universiteit 'n normale kern in 'n abnormale klimaat te probeer maak? Kan die universiteit dit bekostig om 'n eksperiment te wees?

Coetzee sê die debat hier rondom het Gerwel reeds baie kritiek op die hals gehaal. Die bekende Kaapse aktivis, Neville Alexander, het Gerwel al heftig gekritiseer vir sy gebruik van die begrip "University of the Left" - wat sou beteken dat die universeiteit fundamentele politieke transformasie implementeer. Daarom het Gerwel hom tot "People's Education" verbind.

Volgens Alexander is 'n "University of the Left" nie haalbaar binne die raamwerk van 'n apartheidsverwronge gemeenskap nie.

"Maar wat anders staan 'n mens te doen? Is dit nie beter nie om mense voor te berei deur 'n politieke bewussyn van 'n nie-rassige samelewing te kweek, wat hulle hopelik na buite sal uitdra?" vra Coetzee.

### Versoening

Op die UWK word daar nie net gepraat oor nie-rassigheid nie. Hier word die voorskoot aangesit om die gemors van "gutter" en "bantu-education" op te mop - die mismaakte steunpilare van 'n stelsel wat ongelykheid in stand hou.

Teen dié agtergrond kan die akademie nie as 'n geïsoleerde ivoortoring gesien word nie, maar moet dit binne die konteks van die breër samelewing werk.

"Erens in Suid-Afrika moet gepoog word om die politieke en akademiese wêrelde te versoen, nie net op die oppervlak nie, maar in elke sfeer.

"Volgens 'n senaatsbesluit moet enigiemand wat na dié kampus kom 'n verklaring onderteken dat hy/sy gekant is teen apartheid. As ons oorsee gaan, maak ons seker dat die instellings daar ook dieselfde standpunt huldig.

"Geen kennis kan vry staan van die politiek nie. Ons het te lank in Suid-Afrika politiek probeer isoleer. Die feit is dié universteit het uit die politiek ontstaan. Dié universiteit het probleme weens die politiek. Die studente moet gepolitiseerd word om dinge binne dié politieke konteks te sien."

## Groot Trek-mites bespreek

UNISA se Afrika-studie forum bied vanaand, 14 April, 'n bespreking aan oor die mitologie van die Groot Trek.

"From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988" sal bespreek word deur Albert Grundlingh van Unisa se departement geskiedenis en Hilary Sapire van beleidstudies by Wits.

Dit vorm deel van 'n reeks besprekings wat deur die forum aangebied word. Volgende week, op 28 April, praat die ekonoom Philip Mohr oor die moontlikheid van hiperinflasie in Suid-Afrika. Op 12 Mei praat Maxi van Aardt van RAU se departement staatsleer oor Alternatiewe Afrikaans.

Alle besprekings, wat nog tot in September gereeld aangebied word, vind plaas in Unisa se Theo van Wijk-gebou en begin om 8.30 nm.

Dit kos R5 per jaar om by dié forum aan te sluit. Die hele stel lesings kos R15. Belangstellendes kan vir Kierin O'Malley by (012) 429-6068 of Martin Trump by (012) 429-6480 skakel.

# Terre'Blanche: van volksdigter tot rockster

**Eugene Terre'Blanche is 'n moderne politikus - berekend, sinies, en binne die grense van sy sending realisties. Die gebruik van poëtiese taal bevestig dié realisme. DIRK WINTERBACH bespreek**

AWB-LEIER Eugene Terre'Blanche (ET) het na my wete geen digbundel gepubliseer nie. Dis nie nodig nie. Sy digterskap kry goeie dekking in die pers en op TV. Hy word gehoor én gelees.

Luister hierna: "Elke dag word die pers gevoer - steek hom daar, miskien sal hy hom doodbloei, steek hom daar, daar is 'n slagaar, daar êrens sal hy lam word en sal sy rug breek. Hy wat nie wou buig nie."

Dis tog bewus, selfs gekultiveerd "digterlik". Maar dis nie kuns om die kuns se ontwil, of naïef nie. Dis berekende gebruik van die soort taal wat sy volgelinge as digterlik ervaar. Die motief daaragter is polities. Dié digter-demagoog ken die suggestiewe krag van simbool en metafoor. Besef die magiese outoriteit in sy digterskap gebed. Want van volksdigter tot rockster - Afrikaans versvink bly die slimste dier in die kultuurbos. (Buiten die Brink).

Vrot poësie? Miskien. Tog duidelik dat dit in sy guns tel, dat hy daarmee sy beursie dik boer.

Hoewel sy beweging regressief is, is hy 'n moderne politikus - berekend, sinies, en binne die grense van sy Sending, realisties. Die gebruik van poëtiese taal bevestig dié realisme.

### Koel klant

Want die nar met die simpel gebare is toe suave, 'n koel klant wat met méér as 'n ego-boost wegkom uit onderonsies met Jani Allan, die gereg en opstandige luitenante. Die Allan-petalje het waarskynlik sy posisie gekonsolideer... In sy selfregverdiging voor sy Hoofraad het hy homself oortref met knap saamflans van cliché, simbool as wapening en gemanipuleerde sentiment:

"... vlagdraende, gillende boere met hulle harde hande wat met die ysters werk". Die nostalgiese beeld van die swoegende taai boer word verweef met die lot van die stedelike industriële werkers.

"Ek is 'n werkersklas, ek is die gepeupel van my volk..." Hier skry identifikasie verby die feite lyk dit, tot jy onthou hoe Yskor-werker, polisieman en klerk die Afrikaner-suksesstrooisage en/of geleerde diskoers uitgeskryf is.

ET se uitroep is geen feitelike stelling nie. Dis 'n politieke liefdesverklaring aan die miskendes, wat opskorting van ego-grense tussen geliefdes (ek is jy) so gewild in liriese poësie, navolg.

Histerie gebruik hy, melodramaties (vgl. Die klein drama in die gedig - AP Grové): "Et tu Brutus. Jy ook, steek die dolk maar in die hart."



Maar veral meester van die berekende cliché: "Julle, julle was die harnas wat die skerpste swaarde weerhou het van my hart". Deur konsekwente kultivering van cliché, negeer hy die diskoers wat dit wil vermy en skep so 'n outonome taal, abstrakter as die gewone waarin cliché kom en gaan. Cliché is die gans wat sy goue eiers lê!

Sy styl superponeer demagoog op braai-of-draai prediker. Die boodskap oud en dekadent, maar die spraak tog modern ... die ritme gekondisioneer deur mikrofoon met reverberende terugvoering (dat die kranse antwoord gee) ... die woorde wat oor mekaar skuif, mekaar aanhits. Rocktegnieke dié.

Hy besef dat digtaal kragtig is. Dat dit in die openbaar, in die politieke arena kan werk. So maak hy van homself 'n aanhaling uit die historiese teks.

Daar is twee pole: die verfynde, verstegnies voortreflike poësie van die literêre establishment (trefwoorde en begrippe soos: gawe gedig /intrinsieke weerspannigheid/ ironiese afstand/ intratekstuele skakeling/ verkapte versreël/ paralelle strukture/ gedugte oeuvre/ ironiserende omeswaai/ ryke hierargie van kodes wat op mekaar inbuig - blomme in die wind? - /uitwisseling van nosies binne die korpus van 'n oeuvre/ neweskikkende konstruksies/ beskoulike ophef van keerkante/ pakkende rympaar/ selfontluisterende tweegesprek/ assosiatiewe beeldspronge/ gedronge en gedwonge stiltes/ onthutsende, verbluffende, verrruklike/ fyn gekomponeerde/ onderhoudende diskoers/ intertalige interteksgeilheid/ treffend-sobere/ onthullende selfbetraging/ veelkantige betraging/ objektivering/ blinde laag, ens.); en ET se verdigte demagogie.

Die een vertel die storie van die suksesvolle Afrikaner, slim en gesofistikeerd. Indien nie erudiet nie, ten minste gegradueerd.

### Oop vir suggestie

Die ander getuig van intellektuele agtergeblewenes, onkrities oop vir suggestie. Eiegeregtig en manipuleerbaar.

Beide uiterstes kan die groei van kritiese bewussyn inhibeer. Terre'Blanche hipnotiseer sy gehoor met cliché as inkantasie. Bou 'n kultus wat hom bo kritiek stel.

Erkende en bekroonde Afrikaanse poësie lyk dikwels onbewus van 'n gehoor buiten mededigters en resensente; verstegniese problematiek weeg swaarder as dié van politiek en samelewing.

ET se woordkuns is die regs-fanatiese antwoord op elitisme, insulariteit en tegniekbeheptheid in gebundelde Afrikaanse poësie. Dis nie 'n oorwoë antwoord nie. Tog stel dit 'n uitdaging: dat verdigte taal rassisme konfronteer, nie verkwansel, huldig of ontwyk nie.

Die vraag is tot welke mate die land poëties begryp en ge-uit kan word binne die konteks van geldende poësiekonvensies. 'n Teenvoeter vir die Poësie van Rassisme moet gesoek word.

'n Veelseggende, eerlike een. Om die allure van "Digterskap" in die ban te doen, kan help. Is dít wat digters noop om ses of agt bundels in 'n paar jaar te publiseer (wat word dáár verfyn?). Met bloedmin prosa buiten tesisse en poësieresensies tussenin.

Bundeldigters moet 'n slag rondkyk. Daar is lewe op die planeet. Digterdemagoog, reklame-industrie en rockster gaan digtaal by julle weggaps. (Meer as een prosateur doen dit alreeds).

Terre'Blanche neem digtaal in diens van rassisme en reklametruuks waarmee hy sy rocktoer bemark.

Verskansde én verskansende Nasionale taal het geen antwoord daarop nie. En antwoord móét kom, of die nar lag, humorloos, wéér laaste.

# Lasterblad dreig nou met regstappe

**Elsabé Wessels**

DIE verspreiders van 'n Amerikaanse tydskrif waarin Suid-Afrika se voorste anti-apartheid kerkleiers belaster word, het dié week met stappe teen Vrye Weekblad gedreig.

Die direkteur van United Christian Action in Suid-Afrika, dr Edward Cain, het sterk beswaar aangeteken weens beweerde "onakkuraathede" in die artikel, wat geskryf is ná 'n onderhoud met 'n UCA-woordvoerder in Pretoria, Gunnar Wiebalck.

Cain, wat nou hoof is van UCA, was in die sewentigerjare verbonde aan die Christian Action League.

Dié organisasie is in onthullings rondom die Inligtingskandaal uitgewys as 'n propagandafront.

Die hoof van die CAL was Fred Shaw en Caine was redakteur van die tydskrif Encounter waarin pro-Suid-Afrikaanse regeringspropaganda verskyn het.

UCA is gestig nadat die CAL ontbind is. Talle organisasies wat bekend is vir hul propaganda teen die werksaamhede van die anti-apartheidsbeweging binne en buite Suid-Afrika is by UCA ingelyf.

## ANC-teenstander

Cain is 'n uitgesproke teenstander van die ANC en is al dikwels in die pers aangehaal weens sy sterk teenkanting teen die vrylating van Mandela en die ontbanning van die ANC.

Volgens Cain sou die artikel in Vrye Weekblad UCA se befondsing, wat afhanklik is van bydraes, nadelig kon beïnvloed.

Duisende kopieë van die tydskrif is deur UCA en sy affiliate aan Suid-Afrikaners, onder ander teoloë, politici en sakelui gepos. Prof Willem Joubert van Unisa het van die aantygings wat teen die kerkleiers gemaak is as "lasterlik" beskryf.

Die tydskrif, Family Protection Scoreboard, het in 'n "spesiale uitgawe" oor bevrydingsteologie heftige aanvalle op drs Allan Boesak, Beyers Naudé, Nico Smith, aartsbiskoppe Desmond Tutu en Denis Hurley en eerw Frank Chikane gedoen.

Tydens 'n onderhoud met Wiebalck in Pretoria het hy beklemtoon dat UCA 'n Suid-Afrikaanse organisasie is wat geen regeringskontakte het nie en los staan van enige politieke party.

Betreffende die organisasie se werksaamhede, het Wiebalck gesê hulle spits hulle toe daarop om die befondsing van "radikale projekte" in Suid-Afrika te verhoed deur inligting oor Suid-Afrika in die buiteland te versprei.

As voorbeeld het hy die koerant New Nation genoem, wat hy as 'n "mondstuk vir die comrades in die townships" beskryf het.

Op 'n vraag oor die inhoud van die artikel het Wiebalck gesê die UCA ondersteun die "boodskap" van die tydskrif, ondanks die feit dat Vrye Weekblad verskeie onakkuraathede in die aantygings uitgewys het.

Hoewel Cain ontken dat UCA enige bande met die Amerikaners Don McAlvany en Howard Phillips het, het Wiebalck tydens die onderhoud erken dat hulle wel kontak het met McAlvany.

Daar was ook bewyse van briewewisseling tussen Phillips en UCA in die kantoor.

In sy brief aan Vrye Weekblad erken Caine self dat UCA met McAlvany en Phillips korrespondeer.

Dié twee, wat albei al verskeie kere in Suid-Afrika was, tree as sogenaamde "vriende van Suid-Afrika" in Washington op.

Die hoof van die Buro vir Inligting, Dave Steward, het dié week ontken dat McAlvany en Phillips spesiale bande met die Buro het.

"Die voorligtingsessies wat hulle van die Buro ontvang, kan deur enige persoon aangevra word," het Steward gesê.



Een van die foto's op Gideon Mendel se omstrede uitstalling

# Foto-uitstalling lok heftige debat uit

**Anton Steenkamp**

MOET daar van 'n kunstenaar vereis word om duidelik standpunt in te neem - veral vandag in Suid-Afrika?

Dit is een van die belangrike vrae wat na vore gekom het in die debat rondom die fotograaf Gideon Mendel se uitstalling, Beloofde Land, wat deur Vrye Weekblad aangebied is.

Die foto-uitstalling, wat die Groot Trek-vieringe van die AWB, Volkswag en FAK uitbeeld, het kritiek uitgelok omdat dit volgens sommige kykers gesien kon word as 'n verheerliking van dié organisasies en hul apartheidsideologie.

Nadat iemand op Sharpeville-dag van die foto's uit die Markteatergalery verwyder het, is 'n bespreking oor die kwessie dié week by Vrye Weekblad se kantoor gehou.

Vrae rondom sensuur, die rol van die kunstenaar en verskillende kulturele verwysingsraamwerke in die land is heftig gedebatteer.

Van die sprekers het gevoel Mendel se foto's was nie duidelik genoeg satiries nie, en het 'n verduideliking vereis oor sy standpunt teenoor die groepe wat hy uitbeeld.

Daaruit het vrae ontstaan oor die dubbelsinnigheid van foto's wat deels dokumentêr, deels satiriese kuns is.

Kykers wat aanstoot geneem het, het gesê progressiewe Afrikaanse kykers sal onmiddellik die beelde negatief beoordeel, maar vir mense uit 'n ander kulturele verwysingsraamwerk kan die beelde van vlae, kakie-uniforms en swastika-embleme lyk na 'n verheerliking van die feestelikhede.

Hoe sou Jode gedurende die Naziregime gereageer het op 'n foto-uitstalling van Nazi-byeenkomste?

Hoewel Mendel se eie posisie uitgeklaar is, het die vraag nog steeds bly hang: Hoe sou mense reageer op 'n uitstalling wat wél na 'n verheerliking van die AWB lyk?

Ongelukkig is dié kwessie van linkse eerder as regse sensuur nie verder bespreek nie.

Intussen het 'n hele paar sprekers dit duidelik gemaak dat hulle van kunstenaars verwag om kant te kies, en dit *ondubbelsinnig te doen. Die* luukse van kuns ter wille van kuns sou moes wag vir 'n nuwe, vrye Suid-Afrika.

# Wêreldwyd vier Moslems die Ramadan-maand

**Ameen Akhalwaya**

VERLEDE naweek het 500 000 Suid-Afrikaanse Moslems van alle rassegroepe begin om die Ramadan-maand te vier.

Tot en met die nuwe maan volgende maand sal ongeveer 1 biljoen Moslems van oor die hele wêreld van sonsopkoms tot sonsondergang vas ter herdenking van die heiligste maand op die Islamitiese kalender.

Ramadan word deur die Moslems beskou as die maand waartydens die engel Gabriël die Koran aan die profeet Mohammed bekend gemaak het.

Die leerstellings en die boodskap van die Koran lê die Islamietiese geloof ten grondslag.

Die Ramadaanse vas is een van die hoekstene van Islam, waartydens gelowiges hulle lewenswyses en -houdings in oënskou moet neem en die leerstellings van die Koran weer van nader beskou.

Geen kos of drank mag tydens die vas gebruik word nie en rook is ook verbode.

Moslems moet hulle vrye tyd bestee deur die Koran te bestudeer en te bid.

Ramadan of nie, Moslems moet vyf keer per dag bid - met sonsopkoms, in die middag en na-middag, met sonsondergangs en vroeg in die aand. Tydens Ramadan is die aandgebede baie langer omdat verse uit die Koran deur 'n imam in die moskee voorgelees word.

Moslems moet ook 'n gedeelte - ongeveer 2,5 persent - van hulle inkomste aan 'n sentrale fonds skenk om hulpbehoewendes te ondersteun. Die doel hiervan is nie net om armoediges te help nie, maar ook om die ophoop van rykdom te voorkom.

Klem word gelê op noodleniging aan weduwees, weeskinders en krankes.

Daar word van Moslems verwag om die siekes gedurende Ramadan te besoek en te troos.

Een van die doelstellings van die vas is om Moslems bewus te maak van die gevolge van hongersnood, nie net op die fisieke nie, maar ook op die geestestoestand.

Dit is ook 'n tydperk waartydens gelowiges van slegte gewoontes ontslae moet raak en hulle drange in toom moet hou - met ander woorde om selfdissipline toe te pas en sodoende karakter te bou.

Die koms van die nuwe maan beteken die einde van die vas en word die volgende dag met die Eid-ul-Fitr-fees gevier.

Op daardie dag word 'n spesiale biddiens gehou - ook by die Sowetomoskee op die ou Potchefstroompad - en Moslems sal besoek aflê by weeshuise en siekes, asook by begraafplase om vir afgestorwenes te bid.

Die Eid-fees, met min of meer dieselfde betekenis vir Moslems as Kersfees vir Christene, is ook 'n dag vir familiebyeenkomste.

Dié fees, volgens die maankalender uitgewerk, word twee maal per jaar gevier.

Ongeveer 10 weke na Eid-ul-Fitr word die Eid-ul-Adha-fees gevier. Dit is die Eid van offerhandes.

Volgens die Islamitiese geloof het God die profeet Abraham se geloof getoets deur te vra dat hy sy seun Ismael offer. Terwyl Abraham besig was om die hoogste offer te maak, het God Ismael met 'n skaap vervang. Gevolglik word dit herdenk deur vee te slag.

Eid-ul-Adha val ook saam met die herdenking van die Hajj-pelgrimstog na Mekka.

Daar word verwag dat elke Moslem dié pelgrimstog sal onderneem as hy of sy dit kan bekostig. Meer as 'n miljoen Moslems van oor die hele wêreld vergader elke jaar in Hajj in Saoedi-Arabië.

Die verskeidenheid van ras, tradisie en kultuur gedurende dié fees word ook in die Suid-Afrikaanse Moslem-gemeenskap weerspieël.

Dit is 'n vals mite dat alle Moslems in Suid-Afrika as "Indiërs" geklassifiseer is, so ook dat alle "Indiërs" Moslems is.

Net ongeveer 20 persent van die mense wat as "Indiër" geklassifiseer is, is Moslems terwyl 'n groot aantal mense wat as "Kleurling" of "Maleier" geklassifiseer, veral in Wes-Kaapland, Moslems is.

'n Klein groepie "blankes" is ook Moslems. Daar is ook duisende "swart" Moslems in Suid-Afrika. Die meeste van hulle is afkomstig van ander Afrika-lande, maar etlike duisende in die townships - veral in Natal, Wes-Kaapland en gedeeltes van die Transvaal - het die Islam as geloof aanvaar.

Dit is moeilik om te bepaal presies hoeveel Moslems daar in Suid-Afrika is, maar volgens Islamitiese organisasies het die getal Moslems veral in die townships oor die afgelope paar jaar baie vermeerder.

*Ameen Akhalwaya is die redakteur van The Indicator*

# Oranje Blanje... Blues!



Bles Bridges - in 'n rare oomblik van hartstog. Is hy 'n bedreigde spesie?

*Foto: Jacoob Rykliff*

**Daar is deesdae baie kulturele en ander woelinge onder Afrikanergeledere. Een van die opwindendste hiervan is die nuwe Afrikaanse protesmusiek, soos verteenwoordig deur Vrye Weekblad se Voëlvry-toer.**

**Chris du Plessis**

SOWAT twee en 'n half jaar gelede het twee skamerige nouveau-stedelinge, Ralph Rabie (Johannes Kerkorrel) en 'n ongekamde André Letoit 'n nuutgevonde rebelsheid onder Afrikaners in musiek begin opsom. Hul melankoliese klaagliedere by die ou Black Sun het onder die banier Boere Blues bekend gestaan.

Nie lank daarna nie het dié oplewing van Afrikaanse musikale protes in 'n onvoorsienbare orgie van Afrikanargie (Afrikaner "anargie") by die nou reeds ontbinde Pool-klub in Markstraat ontaard.

Die "Eerste Alternatiewe Afrikaanse Rock-konsert" het nie net die nuutgestigte Gereformeerde Blues Band onder leiding van Kerkorrel en die steeds ongekamde troebadoer Letoit op die verhoog gesien nie, maar ander sogenaamde Alternatiewe Afrikaanse musikante soos Koos, The Genuines, Wat is die Nuus, en Bernoldus Niemand (almal wat min of meer verandering voorstaan en Afrikaans kan sing).

Die Pool-klub was soos gewoonlik gevul met die skadu-linge van die Hoëveldse straatkultuur. Die gewone af-gedolliede nagwesens. Jonge knape met hul geliefkoosde oorringe, puisiebesmette dogters met pers hare en blink oë, kaalvoet pseudo-etniese aardbewoners met krale en kikois, kwaaijongens met bovver-boots en ander oorblyfsels van Brittanje circa 1978, Teds, Mods, Lefties - almal met rooierige oë...

Met dié verskil dat meeste Afrikaans gepraat het. "Hallo, hoegaanit?" en so aan.

'n Dromerige atmosfeer van kulturele revolusie het geheers. Die jong Afrikaners het met trane in hulle oë Letoit se weergawe van Die Stem gesing. Die Engelssprekendes (dié wat nie in bot groepies om die kroeg gestaan en dinge soos "Sheesh! the sound is shit" kwytgeraak het nie), het met neerbuigende trots gefluister: "See not ALL Afrikaners are psychopaths".

Teen die tyd wat 'n gechoreografeerde weergawe van die GBB en Boere Blues se materiaal in die vorm van Piekniek by Dingaan in Grahamstad op die planke gebring is, was die woord uit: Iets (whatever dit is) gebeur.

Hoewel die klomp musikale "pioniers" self die skuld moet dra vir die begrip "alternatief", het die pers LAWAAI met sinonieme om die nuwe "tendens" en sy lede te beskryf: NEW Afrikaners, PROGRESSIVE Afrikaners, Avante-Garde Afrikaners, Frontline Afrikaners... selfs 'n neerhalende THINKING Afrikaners het opgeduik - so asof daar nog nooit vantevore Afrikaners bestaan het wat nié prente van Hitler agter hulle toiletdeure geplak het nie.

Piekniek by Dingaan is eers Kinders van Verwoerd genoem voordat dit deur burokratiese paranoïa afgewater is. Die ultra-kamp kabaretster Nataniël het die musiek bietjie verwerk. Gerrit Schoonhoven is ingeroep om te redigeer. Met die hulp van Kruik-akteurs soos Gustav Geldenhuys, Marthinus Basson en Marion Holm is die musiek met kragtige tussenwerpsels en "protes-prosa" bekroon.

Die Kerk, politici, ou tannies, die ganse tradisionele Afrikaner-fondamente is in goeie ou Afrikaanse straattaal gesatiriseer.

Piekniek was oornag 'n volsaalsukses en het die Pick of the Fringe-toekenning maklik ingepalm.

Die opspraak in die Kaap het voortgeduur. Die Piekniek is deur 'n bewende Kruik-hiërargie verbied. Met die gevolg dat drama-hoof Johan Esterhuizen uitloop en die Baxter dit aanbied.

Die kollektiewe bewussyn van 'n groterige groep Suid-Afrikaners is wel deur die "beweging" geraak.

Amper 'n jaar later is die GBB nie meer "die naam wat slegs gefluister word" in goeie huise nie. Sedert die Piekniek-dae wil almal - van die Kanadese Uitsaaikorporasie en die BBC tot Fanus Rautenbach en Potpourri - onderhoude met Kerkorrel voer.

Kortliks: Kerkorrel, die GBB en die "beweging" is bekend.

En soos altyd die geval met "nuwe bewegings" wat uit die "volksmond" ontstaan, sal die tonge van dieselfde volk begin losraak sodra die beweging in tweede rat oorgaan.

Die Britse pers het letterlik fees gevier toe punk van die strate tot die TV-skerms verhef is.

Toe al die swetsende, spoegende voorstanders van die gefrustreerde, werklose Britse jeug populêr geword het.

The Clash is deur Tony Tyler (New Musical Express) tot The Cash herdoop en Johnny Rotten het sy regte van, Lydon, begin gebruik.

Die onvermydelike slaggat vir enige vry-vloeiende neurose wat in 'n populêre kollektiewe angs omskep word.

So ook word daar nou reeds op die (Rockey?) straathoeke gemompel dat Kerkorrel en kie "uitverkoop" het.

Dat hulle die yuppie-ryk betree het.

Dat die angs en agressie, wat oorspronklik die kern van hulle uitings was, (en waarvan die stedelike middelklas "trendy-elite" so afhanklik is) nou tot hortende brokkies futiele neuroses versand het (phew!).

Selfs André Letoit het sy hare geskeer en sy baard "getrim" vir die Voëlvry-toer.

Maar hoewel die selfopgelegde depressiewes en ander voltydse sinici gou verveeld raak (voor hulle 'n nuwe bewing kan vind om verveeld mee te wees), bly die sale vol waar die GBB en kie speel. En baie aanhangers LYK nog dieselfde as in die Pool-klub se dae.

Die nuuskierigheid duur dus voort.

Die vraag of hierdie "opstand" deel van 'n Suid-Afrikaanse musikale erfenis gaan word, of net weer in obskuriteit gaan verkwyn, en of dit 'n duik in die jong Suid-Afrikaner (en spesifiek die Afrikaner) se klapperdop gaan maak, of bloot in die kommersiële kelders van geld en roem gaan werdwyn, kan eers later beantwoord word.

Een feit bly staan: So lank die "Whatever"-beweging in Afrikaanse musiek nog 'n PLESIER is, sal mens eenvoudig simpel wees om dit nie te ondersteun nie.

# . . . en die verskietende sterre flikker saam




Nie 'n gehoor by 'n GBB-konsert nie

*Foto: Gideon Mendel*

**Chris du Plessis**

NET toe 'n mens begin dink verandering is besig om plaas te vind, duik die woord "alternatief" weer op om in die drinkwater te dryf.

Hoewel die lede van die huidige Voëlvry-toer algemeen bekend staan as die Alternatiewe beweging in Afrikaanse musiek, is daar ander wat nie met die begrip saamstem nie.

Selfs sonder om in die semantiek te verval, kan ure lank gegis word of die nuwe beweging "alternatief" is of nie.

Musikaal doen die Gereformeerde Blues Band (GBB) niks nuuts nie. Buiten die slepende ballades (oorblyfsels van Kerkorrel se kabaretdae), speel die groep basies net goeie ou Rock 'n Roll en "twelve-bar blues".

André Letoit sal die eerste wees om te erken dat hy omtrent net drie akkoorde op die ghitaar - amper - ken (wat ooreenstem met punk - wat kwalik as nuut of alternatief beskou kan word).

Ons eie intellektuele Houdini, Pieter-Dirk Uys, het al in die sestigerjare saam met 'n jong Sybil Coetzee (voor haar saligwording) musikaal/liriese protes in Afrikaans gelewer...

Die geskil duur nou nog voort. Alternatief het BELANGRIK geword.

Nietemin is een van die eienaardigste wendings in die loop van die "Alternatiewe" Afrikaanse musiekgeskiedenis die skielike verskyning van ou "sterre" op die toneel.

Die lawaaiwa-sindroom is deel van die musiekwêreld soos 'n Ivor Powell-snor deel van Pik is. Net soos aaklige verskynsels soos éVoid (volmaakte naam sónder die pretensieuse aanhangsel), Hotline en Zia op die destydse golf van "etniese bewustheid" gery het, het daar 'n hele klomp "veterane" van Afrikaanse sang (sowel as 'n klomp nuwes van wie weet waar) weer kop uitgesteek met die bekendstelling van die sogenaamde nuwe beweging in Afrikaanse musiek.

Ietwat van 'n verwarring het ontstaan met die onlangse uitreiking van die Metronoom-langspeler ná Potpourri 'n musiekprogram oor tien weke uitgesaai het met onder meer Sam Marais, Natalia de la Rocha (WIE?!), Jannie du Toit, André Schwartz en andere.

Die insluiting van mense soos Jennifer Ferguson en Nataniël wat tradisioneel nie eintlik by die ander...eh pas nie, het die verwarring vererger.

Die plaat is geadverteer as Alternatiewe Afrikaanse musiek en sou "die gees van die tyd weergee". Laasgenoemde is waar. Die plaat weerspieël een groot sosiale identiteitskrisis. Amper asof die Potpourri/Metronoom-span probeer het om "waaghalsig" te wees en dit net nie gemaak het nie.

## Alles . . .

Dit sluit alles in - van 'n nare Afrikaanse disko-nasleepsel deur De la Rocha, ietsie van die esoteriese Afrikaanse kabaret-"fringe" deur Elsabé "Lank leef die Weimar" Zietzman, die REGTE "fringe" soos voorgestel deur Ferguson, die regte kwasi-fringe soos voorgestel deur Nataniël, die laaste patetiese stuiptrekkings van Musiek en Liriek soos in Jannie du Toit en 'n weermag-manne-kan-ook-sensitief-wees-tipe gemorsie deur die armsalige André Schwartz wat lyk of hy net uit die bokskryt geklim het vir 'n vinnige "nommertjie".

Baie mense was nogal bly toe Musiek en Liriek destyds verskyn het. Dit was ten minste 'n stappie weg van die JARE se karakterswak soetsappighede wat Afrikaanse musiek so lank oorheers het (Bles en die manne hou nog vol, maar hartverskeurende hartstog sal seker nooit op Vereeniging sterf nie).

Niemand was egter regtig kwaad nie. Niemand het opgestaan en die basiese vrot in die Volk aangepak nie.

Slegs 'n paar van die simptome is in gekunstelde "hole" deur die kunsmatige rook belig. Alles baie "gewaagd".

So gewaagd dat die ou orde van oor-gegrimeerde "sangers" wat bárs van menseliefde, in die vorm van Cora Marie en Anneli van Rooyen maar net weer toegelaat is om die planke te betree.

Die eerste werklike "deurbrake" in Afrikaanse musiek het ironies gekom van nie-Afrikaners: David Kramer, 'n vriendelike jong Joodjie van Worcester; en James Phillips, 'n briljante, melankoliese rock-ghitaar-brein uit Springs.

Hoewel Kramer in Afrikaans vasgehaak het by satires van Roodepoort-"mechanics" en 'n romantisering van die kleindorpse Afrikaner, en sy werklike "protestogte" in Engels (Baboondogs) aangepak het, het hy ten minste uitgelig dat daar min verskil is tussen Kwela en Boeremusiek.

Phillips het sy naam na Bernoldus Niemand verander en regstreekse, tipies Suid-Afrikaanse sosiale kommentaar (met brokkies angstige nasleepsels van sy weermagdae en onderdorp-neurose) gelewer. In Afrikaans.

Dit mag miskien waar wees dat mense soos die arm man se Andy Capp, Anton Goosen, en Laurika Rauch hulle om een of ander rede ook vereenselwig met Kerkorrel en Kie se ANDERS Alternatiewe musiek. Maar die feit is dat daar vóór Boere Blues en die GBB geen ernstige musikale aantygings teenoor Afrikaners in Afrikaans deur Afrikaners gemaak is nie.

Die verskil lê eintlik in die HOUDING. In die boodskap van die lirieke en die kombinasie met herkenbare jeug-musiek. In die feit dat Afrikaners die eerste keer in 'n lang tyd wysvingers in hulle eie rigting swaai en daaroor kan lag en/of huil. Dan is dit seker maar Alternatief. En heel welkom.



**Gys de Villiers van Koos - die enigste groep uit die "Alternatiewe" kamp wat nie deur kommersialisering bedreig word nie. Anti-musiek, anti-ideologie, bloot antie Pret. Maar miskien is dit omdat hulle almal ander jobs het. Die meeste lede van Koos is professionele akteurs**

*Foto: Ruphin Coudyzer*

# Oom Chris en die Briels was óók Kerkorrels

**Max du Preez**

EK is nog 'n Bob Dylan, Donovan, Doors en Joan Baez-man. Die Travelling Willbury's is die laaste plaat wat ek gekoop het en die naaste wat ek aan kontemporêre Suid-Afrikaanse musiek gekom het, is Ladysmith Black Mambazo.

Die mees onlangse Afrikaanse musiek waarna ek geluister het, is David Kramer en daarvoor is ek lankal moeg. Ek luister glad nie na Sonja Herholdt of Bles Bridges of Innes en Franna nie. Ook nie na my kinders se Kylie Minogue nie.

Dis my (middeljarige) credentials sover dit musiek aangaan.

En toe gaan ek verlede week na die nuwe lot Voëlvry-mense luister.

Waar was die teeny-boppers? Die meeste mense was in hul middel-twintigs tot vroeg veertigs en selfs 'n paar bekende Johannesburgse sakemense, die mode-ontwerper Marianne Fassler en die LP vir Johannesburg-Noord, Peter Soal, was daar.

Die eerste mense met wie ek gesels het, was 'n paar boepens-manne met "Ek verpes Bles"-T-hemde aan. Hulle is van die Westonaria-goudmyn en sê hulle mis nooit 'n Kerkorrel-konsert nie. Toe die musiek begin, was hulle die voorste jollers.

Toe val die musikante weg: André Letoit met sy skerp (plek-plek erg kru) lirieke en swak ghitaarspel; Bernoldus Niemand, hoed oor die oë, en met seker die mees geslaagde anti-oorlogliedjie in Afrikaans, Hou my vas, korporaal; en toe, onder groot gejuig, Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band.

## Intelligente woorde

Dit is lekker én goeie musiek, selfs (veral?) vir iemand wie se oor in die sestigerjare gekondisioneer is. Maar die lekkerste vir my was om na intelligente woorde te luister, te luister na sosiale en politieke kommentaar in Afrikaans.

Ek het vir myself gesê: Dis nog rou en rof, maar magtag, lyk my ons én ons taal word nou mooi groot!

Toe wonder ek: Waar pas die nuwe "Alternatiewe" Afrikaanse musiek in? Waaruit spruit dit voort? Wat, indien enige, is die sosiale en politieke relevansie daarvan? Kan dit 'n "beweging" genoem word?

Of is dit net 'n mode wat gaan oorwaai?

Wat ook al die antwoorde op dié vrae, een ding is seker: Dit is van onskatbare waarde vir die bevryding van Afrikaans.

Dis darem ook nie die eerste keer dat die Boere se kultuurboot 'n bietjie gerock word nie. Het ons dan al vergeet van die sogenaamde Marginale Beweging met Dan Roodt, Chris Pretorius, Neil Goedhals, Marcel van Heerden, Johan van Wyk en die Kabelkarnimfe so 'n paar jaar gelede?

Miskien is die verskil dat die nuutste klomp 'n groter populêre aanslag het, en dat hulle, in teenstelling met die Marginales wat nogal swaar uit die Franse, Duitse en Oos-Europese versetkultuur getap het, alles uit eie bodem put.



**Johannes Kerkorrel**

*Foto: Ruvan Boshoff*

Ek wonder: Is daar nie dalk ooreenkomste tussen ou oom Chris Blignaut, die Briel-susters en die Kerkorrels van vandag nie?

Waar oom Chris en die Briels destyds van die Afrikaner se werklike sosiale probleme - veral armoede en verstedeliking - gesing het, sing die Kerkorrels vandag oor die land se sosiale en politieke problematiek. Die Bridges'e en die Keuzenkamps sing oor niemand se probleme nie!

Polities relevant? Ek dink so, maar in 'n breë en ietwat ongesofistikeerde sin.

Soos dit vir my klink, lê die grootste waarde daarin dat gesag - staats- en andersins - 'n slag deur Afrikaanse musiek uitgedaag word; dat daar met gemaklike minagting van baie heilige koeie (en krokodille) gesing word; dat die hele materialistiese, rasse- en geweldsbasis van die bestel bevraagteken word. En dít alles word met 'n suikerpil - Rock 'n Roll - ingegee.

Is dit nie miskien 'n bietjie radical chic nie? Miskien, maar in 'n etniese groep waar dit mode is om Nasionaal (miskien so effens verlig) te wees, is dit goed vir die balans.

Dit is werklik opvallend dat die angst nogal eg is en uit eie bodem en onderdrukte agtergrond kom. Dit spreek duidelik uit Letoit se Boer in Beton.

Gaan dit oorwaai? Dit gaan seker en hopelik baie verander in die maande en jare wat voorlê.

Maar Afrikaanse musiek sal nooit weer dieselfde wees nie.

Daar is reeds tekens dat van die "establishment"-sangers soos Anton Goosen hulle deur die Alternatiewes laat beïnvloed. Ek is seker nog ander gaan volg.

Nou wag ons net vir Bles se weergawe van "Wat 'n vriend het ons in PW..."

# Twee gode skeur Nigerië in twee

**Godsdiensgeskille tussen Moslems en Christene teister Nigerië, en die nuwe geslag politici is grootliks verantwoordelik daarvoor. PINI JASON doen verslag**

VOLGENS artikel 10 van die Nigeriese grondwet van 1979 sal "die federale regering of die regering van een van die state geen godsdiens as amptelike staatsgodsdiens instel nie."

Daarmee is aanvaar dat Nigerië 'n sekulêre staat sal wees wat hom nie met godsdiens sal inmeng nie.

Maar Nigerië is nie net 'n multi-etniese land nie. Daar word ook verskeie godsdienste beoefen. Moslems maak 40 persent van die bevolking uit. Daar is in die grondwet voorsiening gemaak vir Islamiete wat volgens Sharia-wette wil leef. So het Artikel 240 van die grondwet voorsiening gemaak vir "enige staat wat 'n Sharia-appèlhof benodig dit daar gestel sal word".

### Veldtog

Artikel 242 het egter die magte van die Sharia-howe beperk tot "burgerlike prosedure met betrekking tot persoonlike Islamitiese wette".

Die twee belangrikste godsdienste het mekaar verdraagsaam geakkommodeer totdat politici, ontneem van enige merkwaardige beginselprogram, hul na godsdiens gekeer het vir 'n politieke veldtog. Die voormalige leier, president Shagari, het met die geskil begin toe hy 4,7 miljoen dollar van die regeringsgeld aan Moslems gegee het om 'n moskee in Abuja te bou. Die Christene was ontsteld hieroor en hy moes nog 4,7 miljoen dollar opdok.

Maar die onderduimse toetrede tot die Organisasie van die Islamitiese Lande (OIC) in 1985 was ernstiger. Hierdie onbedagte daad bly 'n onuitwisbare klad op pres Babangida se andersins voortreflike administrasie.

Dit het Nigerië in twee geskeur - 'n Islamitiese en 'n Christelike Nigerië - 'n nasie met twee gode.

Godsdiens het begin om Nigerjë se politieke spel te oorheers, kampusse te verdeel, en daar was al 'n verlies aan lewens. 'n Godsdientige burgeroorlog dreig. Mense sien nie meer Nigeriërs nie, maar Christene of Moslems.

Christene in Abuja sal eerder deur die son verskroei word as om in die bushaltes skadu te soek. Die rede: die haltes is koepelvormig.

Die owerhede is ook nie juis van groot hulp nie. Oral in die nuwe hoofstad is Islamitiese simbole te sien. Die presidensiële woning en dié van die inspekteur-generaal van polisie het albei ingeboude moskees, wat dit laat lyk of dié poste net deur Moslems gevul kan word.

Sheik Abubakar Gumi, 'n Islamitiese akademikus en wenner van die King Faisal-prys, het eens, meegevoer deur die nuwe pro-Khomeini fundamentalisme, gesê dat Moslems onder geen omstandighede 'n Christenpresident sal aanvaar nie. Volgens hom moet Nigerië eerder verdeel word.

Dié opruiende uitlatings, tesame met die ewe opruiende uitsprake van die Rooms-Katolieke aartsbiskop van Lagos, dr Anthony Okogie, het Nigerië byna tot 'n godsdienstige burgeroorlog gedryf.

Intussen, asof hulle kon voorsien dat verhoudinge in Nigerië as gevolg van godsdiens sal verbrokkel, het die weermag in die geheim die jurisdiksie van die Sharia uitgebrei deur die woord "persoonlik" van die grondwet te skrap.

### Vervals

Hierdeur word die Sharia-hof op kriminele sake van toepassing. Hulle het dit ook so verander dat Christene met hul geskrewe toestemming voor 'n Sharia-hof gedaag kan word. Die probleem is egter dat, soos in die verlede, toestemming vervals of onder dwang verkry kan word.

Dit het gelei tot hewige debatte in die wetgewende vergadering waartydens daar byna bene gebreek en koppe gekneus is. Met die agbare lede, gewapen met knopkieries en messe, se vertrek na Abuja, was hulle reeds oortuig van alle denkbare godsdienstige geskille. Die Moslems was vasbeslote om die Sharia in die wetboeke te kry. Hulle pleit vir 'n federale Sharia-appèlhof.

Die Christene, wat oor 'n skrale meerderheid van 50 in die wetgewende vergadering beskik, was van plan om om die Jihad te stuit. Hulle wou selfs die Sharia-voorsienings van 1979 afskaf.

Die volk het sy asem opgehou terwyl die sogenaamde nuwe geslag politici in godsdienstige swaardvegters verander het. Agt weke lank was die vergadering een onophoudelike rumoer. Kort voordat die land in algehele chaos gedompel is, het die federale regering, wat aanvanklik die godsdienstige geskil vererger het, tydelik tot redding gekom. Hulle het al die artikels van die grondwet, wat betrekking het op godsdiens, verwyder. Die regering het beslis dat slegs die Sharia-voorsienings van 1979 geldig is.

### Tydelik

Hierdie maatreël verskaf egter net tydelike verligting. Hoewel die debat rondom die Sharia verby is, het die godsdienstige drif en onverdraagsaamheid tussen die twee groepe nog nie tot 'n einde gekom nie. Selfs die regering se direktoraat vir die massa-mobilisering vir ekonomiese herstel en sosiale geregtigheid, wat tot stand gebring is om Nigeriërs polities bewus te maak, het 'n slagoffer van godsdienstige onverdraagsaamheid geword en mag dalk binnekort alle geloofwaardigheid verloor.

Twee Christelike musikante uit die suide, Sonny Okusun en Fashek Majek, wat deur die direktoraat in hul nasionale mobiliseringsveldtog gehuur is, is in die noordelike Moslem-state van Sokoto, Bauchi, Borno, Kano en Katsina verbied. Die rede: hulle skree altyd "halleluja" tydens hulle vertonings! Dit het die gaping tussen die twee godsdienste net verder vererger. - New African

# Apokalips nou vir Israeli's

**Jacques Pinto**

JERUSALEM - 'n Volskaalse chemiese wapenaanval, 'n springkaanplaag, 'n polio-epidemie. Israeli's, met genoeg werklike redes om bang te wees, dink gereeld aan ramptonele, en meer onlangs aan die gevaar van 'n geweldige aardbewing.

Sielkundiges verklaar dié vrees vir die apokalips aan die hand van ongeneesde wonde in die kollektiewe geheue van die volk as gevolg van die Joodse vervolging tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Die morbiede bekoring met die dood kan ook verklaar word deur die feit dat vanaf die ontstaan van die staat Israel in 1948, dié land deurgaans in gevaar is. Hulle was al vyf keer die afgelope veertig jaar in oorloë met hulle Arabiese buurlande betrokke.

Wat dit ook al mag wees, die Israeliese pers speel die rol van magiese doemprofeet. Gedurende die afgelope maande word die gevolge van 'n volskaalse chemiese en biologiese wapenaanval luidkeels in die media voorgestel terwyl die radio waarsku teen 'n giftige rookwolk wat die land vanaf Libanon nader ná 'n olieterminusbrand in die land.

Lesers word ook getrakteer op spookbeelde van 'n polio- of malaria-epidemie en op 'n nagmerrie van 'n sprinkaan- of muskietplaag.

Maar vir die afgelope paar weke is die vooruitsig van 'n groot aardbewing bo-aan die ranglys van die apokalipsvrees.

Die nasionale besorgdheid is nie heeltemal ongegrond nie. Israel is geleë op die Syro-Afrika-breuk, die grootste terreininsinking ter wêreld. By die Dooie See is die grondoppervlak tot 400 meter onder seespieël.

"Ons moet vir 'n aardbewing voorberei soos vir 'n oorlog - nie een kan voorspel word nie, maar albei moet gekonfronteer word," het 'n munisipale amptenaar tydens 'n onlangse weermagsvergadering van verskeie munisipaliteite op die breuk, gesê. - AFP

# VV-hupstoot vir Afrika

ADDIS ABBEBA - Die Verenigde Volke se Ontwikkelingsprogram (UNDP) het 'n verdere 32 miljoen dollar goedgekeur om ontwikkeling in Afrika te bevorder, volgens die administrateur van die UNDP, William Draper.

Die geld sal aangewend word om omgewingsagteruitgang te stuit, strukturele aanpassingsprogramme te bevorder en om ekonomiese opnames in Namibia te doen.

Een miljoen dollar gaan aan 'n onafhanklike Namibia gegee word om die nuwe regering te help om 'n toepaslike ekonomiese beleid te ontwikkel.

Die UNDP se hulpfonds aan Afrika van 1987 tot 1991 beloop 1.4 biljoen dollar. - AFP



# Brown se dood skok Keniane

**Liefhebbers van Oos-Afrikaanse musiek was geskok om te hoor van die geheimsinnige dood van een van Kenia se skouspelagtigste musiek-persoonlikhede, Kelly Brown. 'n Vriend bring hulde**

**Links: Kelly Brown, ofte wel Abdulkadir Mohamed Alabakshi**

DIE geheimsinnige dood van een van Kenia se kleurrykste musikante, Kelly Brown, het sy duisende aanhangers verslae gelaat.

Die 42-jarige Brown was reeds twee weke lank dood toe sy liggaam gevind is in sy woonstel in Stuttgart, Wes-Duitsland. 'n Lykskouing het aan die lig gebring dat hy aan 'n hartaanval dood is.

Kelly Brown se lewensverhaal is 'n klassieke voorbeeld van die kunstenaar wat arm begin en ryk geëindig het. Sy pa was 'n Asiër en sy ma Swahili. Hy is in Mombasa gebore. Sy pa is dood toe hy 10 jaar oud was en sy ma is 10 dae na sy pa se begrafnis oorlede.

Brown (sy regte naam is Abdulkadir Mohamed Alabakshi) het 'n wilde lewe as 'n weeskind gelei. Hy het gedurig in moskees in die ou stad van Kibokoni geslaap en was gereeld betrokke in gevegte met ander seuns in die omgewing. Hy was vier jaar lank op skool by Sevani-laerskool in Mombasa, en daarna is hy na die Dr Livingstone-laerskool in Nairobi.

Baie vrypostig het hy sy naam tóé al na "Cally the Bushman" verander - vasbeslote om 'n verhoogkunstenaar te word. Hy het gou gewild geword in die rowwe woonbuurte van Nairobi.

Sy skoolvriende onthou hom nog as die trotse eienaar van 'n Fiat 600, 'n geskenk, so is geglo, van 'n Asiatiese vrou wat hom aangeneem het.

As student het hy Mombasa gereeld besoek en het sy basiese musiekopleiding daar ontvang. In die sestigerjare het die toerismebedryf in Kenia gebloei en hotelle is oral langs die kus gebou. Dit het 'n vraag na plaaslike musikante - wat Westerse musiek kon speel - laat ontstaan.

### Kon nie inpas nie

Verskeie bekende groepe gedurende dié tyd was onder meer die Vikings, die Drifters en die Sharks, maar Kelly kon nooit werklik by enige van hulle inpas nie. Sy sangstyl was te eiesoortig om te vermeng met die "koolpapier kopieë" van die Westerse musiek wat dié groepe gespeel het.

Keniaanse popmusiek het in die tyd 'n unieke styl begin ontwikkel. Hoewel die formaat popmusiek was, was die verwerkings, sang en lirieke Keniaans. Kelly het gepoog om dié weergawe van popmusiek, waar die sanger 'n opvoering gee eerder as die blote herhaling van Westerse musiek, gewild te maak. Hy het grootliks gefaal, hoewel hy welslae gehad het in die Florida-nagklub. Sy vertoning daar was deel van nagtelikse kabaretvertonings: 'n ontklee- en 'n slangdans. Die hotelgangers het hom egter as "te inheems" beskryf.

In Nairobi was dit 'n perd van 'n ander kleur. Plaaslike musiek is gedurende die tyd ywerig aangemoedig. Gereelde nagklubbesoekers het plaaslike jollers en oud-bannelinge ingesluit. The Equator, Hallians, Club 1900, The Small World Club en Starlite was dié plekke om by gesien te word, en waar jy enigiemand wat enigiets beteken kon ontmoet.

Die tieners kon in die middae "boogie" en na disko-musiek luister of optredes van orkeste bywoon. Dit is waar die seuns bymekaar gekom het en meisies ontmoet én dikwels oor hulle baklei het. Daar was so baie stokkiesdraaiers dat die regering op 'n tyd gedreig het om die danssale toe te maak.

Kelly Brown het geléé́f in die tyd. Hy was mal daaroor om op te tree en was seker die eerste Keniaanse musikant om in leer en blinkertjies op te tree.

Hy het saam met baie groepe opgetree: Air Fiesta, Kenya Blue Shades, Superphonics, Ashantis, Conga Success en die legendariese Hodi Boys.

### Meer as musikant

Maar Kelly was nog altyd 'n rebel, hy wou die wêreld sien. Terwyl sy mede-musikante tevrede met hulle lot was, wou Kelly meer as bloot musikant wees. Hy wou 'n ster wees.

'n Kort reklameliedjie wat hy vir Sportsman-sigarette gesing het, het 'n mate van nasionale roem tot gevolg gehad, maar hy het geweet dat hy homself oorsee sou moes vestig om werklike sukses en miskien roem in die musiekwêreld te behaal.

Hy is Engeland toe, maar die musiekwêreld was te konserwatief om sy eiesoortige talent te waardeer. Hy hét na Wes-Duitsland verhuis waar hy verskeie plate gemaak het en waar hy voor aansienlike gehore opgetree het.

Sy suksesvolste plaat was miskien Let The Music Take You Higher waarvan 250 000 plate verkoop is en waarmee hy die Gold Disc-toekenning in 1985 verower het.

Net voor sy dood het Kelly, wat ironies genoeg in sy afwesigheid 'n groot ster in Kenia geword het, planne gehad om na sy land terug te keer om 'n nuwe plaat op te neem.

Hy sou egter nooit die hartlike ontvangs ervaar wat sy mense vir hom sou gee nie. - New African

# Vaalseun-kompetisie loop ten einde

**VANDAG plaas ons die laaste inskrywings in ons Teken FW-kompetisie. Inskrywings wat laat ontvang word, sal nog vir publikasie oorweeg word.**

**Die oorspronklike Vaalseun het egter nie net spotprenttekenaars tot groot hoogtes aangespoor nie, maar ons het selfs 'n geraamde marionet van die man ontvang! Ons oorweeg 'n FW-beeldhoukompetisie.**

**Die wenners word teen die einde van die maand aangekondig.**









**Bo: Andries Gouws van Alberton se inskrywing**
**Heel links: FW op die afgrond deur Wynand Malan van Waterkloofrift**
**Links: FW en Marike deur mej E van der Walt van Stellenbosch**
**Onder, links: FW in 'n ligte luim, deur Martin Back van Wynberg**
**Onder: FW die fragmatis deur A Harrington van Braamfontein**






**LOSPRAATJIES**
**Fanie Olivier**

# Proteas voor die swyne

NIKS is meer heilig nie. Terwyl onse Bles noord van die Apies en in die omstreke van Boksburg die fliekvolk laat huil, ruk "Alternatiewe Afrikaans" op om die platteland suid van Pretoria te laat sidder en beef.

En voor die magtige dreuning van Johannes Kerkorrel en trawante word die grendels dig gegooi, die luike gesluit en trek die leërmagte uit om hulle te verslaan.

En die oorwinnings vir die ou garde lyk voorlopig goed. RAU boikot Letoit, Potchefstroom se PU vir CHO veto die Gereformeerde Blues Band en die Vaaldriehoekse Technikon het reeds gesê tot hiertoe en nie verder nie. En Roekelose Ralph het nog nie eers sy proteas in die platteland begin uitstrooi nie en mense praat al klaar van pêrels voor die swyne.

Maar diegene wat gedink het dat die Alternatiewe Afrikaanse Lied net tuisgebring word met die generaal De Wet-optrede van die tref-en-trappers op hul Voëlvry-toer, het lelik op hulle neus gekyk toe daar van oorkant die tweede grens berig word: in Lusaka kom die liedereskat van die FAK wyd oor die veld gesweef.

Wat doen 'n mens met "Slaap rustig, dapper helde" as die ANC dit begin sing en as ander mense in die veld 'n wandelstaf afpluk van die naaste doringboom?

Hierdie verbreking van die ou, geykte en grys greep van die establishment op Afrikaans het verlede naweek dramaties ook op 'n ander terrein gestalte gekry. Die Suid-Afrikaanse wit partypolitiek.

Nadat die regse partye sedert 1948 die een na die ander Afrikaans vir hulle eie kleinlike politiek ingepalm het, was dit weer die Kaapse mense wat besluit het hulle vat húlle taal terug. Tot hiertoe Boere, en nie verder nie.

Maar binne die blanke opposisiepolitiek het Afrikaans maar altyd 'n treurige tweede viool gespeel, of ten minste daardie beeld voorgehou. "Token Afrikaners" was die ding waarmee kongresse kon spog.

Juis daarom was die stigtingsvergadering van die Demokratiese Party so lekker.

Daar is skaamteloos Afrikaans gepraat en gehoor, sonder dat iemand daarvoor gevra het of daarvan weggeskram het.

Dit was nuwe en bevrydende politiek wat hoop kan gee en wat met ewe veel oorgawe as die Voëlvry-toer aangepak moet word.

Soos die Amerikaners moet hierdie klomp mense nou op toer gaan deur die Afrikaanse platteland om aan hulle te wys dat die bevryding van ons gemeenskap in en deur Afrikaans ook moet geskied.

En dat gewone mense deel kan hê aan hierdie nuwe gemeenskap wat om ons gaan groei van Kaapland tot bo in die Noorde.

* Miskien is dit die heel grootste ding wat nog met Afrikaans gebeur het: dat hy werklik weer vry soos 'n voël geword het, en dat al die bleek geeste wat hom om hulle eie kleinlike redes wou vasvat deur die taal self voëlvry verklaar is.

# Totale aanslag teen makelaars?

**Vir die Effek**
**Pia Niemand**

JULLE ken my nou lank genoeg om my as vriend en informant te beskou. Ken Wood is tot nou toe 'n makelaar op die Effektebeurs, maar gerugte wil dit hê dat hy binnekort van werk gaan verander. Hy sê die werk is nie skeppend genoeg nie en sy geloofsoortuigings stem nie ooreen met dié van sy firma nie. In elk geval is die geld minder as wat hy verwag het.

Hy het twee jaar gelede die regsprofessie verlaat omdat sy makelaarsvriende beter motors as hy bestuur het. Nou ry hy ook 'n BMW 325 cabriolet, maar dit word eintlik eers oor nog twee jaar syne. 'n Mens noem dit blykbaar "gearing" wat, soos ek dit verstaan, bloot beteken dat jy op geleende geld lewe omdat die rand in elk geval sy waarde gaan verloor.

Hoewel die motor 'n goeie statussimbool is, besit Ken dit bloot om finansiële redes - eintlik vind hy die motor ietwat beperkend: toe hy my byvoorbeeld nou die aand Mark-teater toe neem ('n mens moet dit nou en dan doen sodat jy iets kan hê om by skemerkelkpartytjies te bespreek), moes ons in my motor ry omdat hy bang was sy simbool van kapitalisme word nie deur die bewoners van Newtown waardeer nie.

Maar ek dwaal af. Hy vertel my die lewe is nou swaar op die Beurs. Onkostes het alwéér gestyg omdat die Beurs se administratiewe burokrasie steeds groei en die makelaars so besig is om geld te maak dat hulle nie tyd het om te veg vir hul regte nie.

Wat hom egter die meeste pla, is die onsekerheid. Daar is gerugte dat een van die groter firmas op die beurs hoop om 'n banklisensie te kry. Dis nie juis 'n teken van groeiende vertroue in die Beurs nie.

Indien die lisensie toegestaan word, is dit net 'n haneetreetjie voordat banke hul eie makelaars op die vloer kan hê. Ken sê dit voel vir hom asof daar 'n "total onslaught" teen makelaars gerig word.

Neem byvoorbeeld die grap wat nou die rondte doen: Waarom gebruik wetenskaplikes makelaars in plaas van rotte in hul eksperimente? Daar is meer makelaars verkrygbaar, die wetenskaplikes raak nie emosioneel afhanklik van hulle nie, en daar is sekere dinge wat selfs 'n rot nie sal doen nie.

Ken dink die grap is in swak smaak, maar hy besef daar is seker 'n rede daarvoor.

Hy vind 'n artikel in verlede week se Business Times, wat vertel van 'n ene Paul Ridgen wat blykbaar opsies aan privaatkliënte verkoop het teen astronomiese pryse - nadat hy gesê het dat hy net 'n fooi sal vra indien die kliënt geld maak - kommerwekkend.

Blykbaar voorspel Ridgen ook dat die rand binne die volgende jaar een van die sterkste geldeenhede in die wêreld gaan wees.

Ken wonder wat se poeier hy snuif, want dit moet goed wees. Dis nie te sê dat Ridgen noodwendig verkeerd is nie. Hy is dalk net tien jaar voor sy tyd.

Die oneerlikheid maak hom neerslagtig (hy betwis dikwels die moraliteit van sy beroep). Dalk moet hy maar sy klerkskap gaan voltooi, 'n prokureur word en 'n eerlike beroep volg. Maar dan, hy het reeds sy oorsese reis bespreek vir volgende Desember.

Vrye Weekblad

# Nuwe opposisie

ONS verwelkom die stigting van die Demokratiese Party. Vir te lank het die klem in die wit politiek op die ver-regse kant geval en die hele politiek daardeur verwring. Die samevoeging van die drie gematigde wit politieke groeperinge tot een mag behoort ver te gaan om dié balans te herstel.

Die stigtingsvergadering van die DP was heel indrukwekkend. Sulke entoesiasme het ons laas by die Konserwatiewe Party gesien.

Die gehalte en visie van die leiers se redes, het 'n mens weer hoop laat kry dat ons nader beweeg aan normaliteit en weg van die retoriek en 'n wedywering tussen partye om te sien wie kan die witmense die bangste maak.

Ons hou van die selfvertroue wat die party uitstraal, soos duidelik geblyk het in die uitstekende vertoning van Denis Worrall op TV. Dit is reg en goed dat die DP-leierskap nie die belangrike kwessies en die DP se posisie daaroor deur die NP en sy ondersteunende media gaan laat definieer nie, maar rustig self vir die wit kiesers gaan sê wat hul perspektief is.

Betreffende die "sag-op-veiligheid"-aanklag het Worrall reeds daarin geslaag. Die DP ís sterk op veiligheid, maar daarmee bedoel hy iets gans anders as die aankeer-en-opsluit, verbied-alles-wat-voorkom, prop-die-townships-vol-troepe-metodes van die huidige regering, het Worrall aangedui.

Ons hoop die DP sal in die dae wat voorlê hom nog duidelik uitspreek teen die noodtoestand en die vergrype wat noodwendig daarmee saamgaan, teen aanhouding sonder verhoor, teen die inperking van en verbod op politieke leiers en organisasies en vir 'n terugkeer na beskaafde, demokratiese norme en die soewereiniteit van die reg.

Die DP sal vind dat hy baie begrip by die kieser gaan kry vir sy beleid dat daar met alle organisasies, insluitend die ANC, in gesprek getree moet word sodat apartheid en geweld gestaak kan word en daar tot werklike onderhandeling oorgegaan kan word.

Die regering en sy ondersteuners in die media het die ANC-spook nou flou gery. Wie kan iemand nog glo wat vandag praat van Nelson Mandela vrylaat, en net môre sê dié wat hom vrygelaat wil hê, tree nie in landsbelang op nie; iemand wat vra vir gesprekke met die ANC en selfs verslaggewers stuur om in Tanzanië met hulle te gesels, maar in dieselfde asem burgers wat kontak met die ANC bepleit, as onpatrioties beskryf; en mense wat in Lusaka besoek aflê, as "nuttige idiote" afmaak?

Die DP behoort ook genoeg selfvertroue te hê om sensitiewe sake soos die vlag en volkslied openlik en eerlik te hanteer. Die verwerping van dié simbole deur die meeste swart en bruin landsburgers as wit en Afrikaner-simbole kan nie net geïgnoreer word nie. Ons moet daaroor praat.

Die DP hoef ook nie daarvoor verskoning te maak dat hy sensitief is vir die wense en begeertes van die buite-parlementêre groepe nie, en dat hy hulle gereeld sal raadpleeg nie. Dít is juis die bestaansreg van die DP: om Suid-Afrika te lei op 'n versoeningspad met dié burgers buite die stelsel - 'n pad wat na 'n vreedsame skikking en voorspoed lei.

Die feit dat die DP 'n driemanskap aan die spits het, hoef die party se ondersteuners en potensiële ondersteuners nie af te skrik nie. Die drie here bring elkeen sy eie bekwaamheid en persoonlikheid saam, en verteenwoordig boonop drie belangrike elemente wat nie noodwendig onmiddellik sal saamsmelt nie.

Ons wens die DP sterkte toe.

## So sê hulle . . .

"Kyk net hoe trots is Sterk Hans nou." - 'n Lid van Swapol oor sy bevelvoerder, genl-maj Hans Dreyer, nadat Swapol meer as 200 Swapo-insurgente afgemaai het.

"God se pad is die duur pad van plek maak vir ander om vrede te bou." - Dr Willem Nicol.

"Ek beskou dit as opvoedkundige leiding, nie straf nie." - 'n Amptenaar van die Departement van Ontwikkelingshulp wat sy driejarige seuntjie met die agterkant van 'n staalborsel geslaan het.

"You're so thick, you don't even know I've got a bomb in my baggage." - Trevor Tutu aan 'n polisieman op Jan Smuts-lughawe, volgens getuienis voor die hof.

"Soos sy voorgangers bied die Demokratiese Party geen vastigheid vir die blankes en ander minderhede nie." - FW de Klerk.




VOËLVRY IN DIE PLATTELAND

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033**

# Twee protagoniste lyk so eenders

**Dirk Ligter van Stellenbosch skryf:**

AP Brink en Gerrit Olivier se slepende vete in VW en elders is somber en verbete soos 'n High Noon showdown, sonder dergelike sprankel of spanning.

Is ek te dig om die gewig te lig? Het ek nie al die feite nie? Hoekom lyk die twee protagoniste dan vir my so eenders? Terwyl hulle mekaar met stomp houe (waar's die satiriese angel, waar's die polemiese sprenk?) in die openbaar afransel soos dit eerbare gegriefde here betaam, wonder ek:

Kan die twee literatore aanvaar dat ons in hulle dialoog belang stel? Ek dink die sentraliteit van die "Literêre Figuur" is vir albei ewe betwisbaar. Was die polemiese prosa so geslaagd soos die literêre loopbane, kon dié binnetwis tog breër relevansie verkry het.

Om soos APB te sê dat hy skrywer is en Olivier nie, is intellektueel eng en selftevrede. Olivier is 'n essayis, joernalis en polemikus, ál drie prosavorme in eie reg. Laasgenoemde lyk my sy forté, hoewel nog nie op peil van 'n VZ Slabbert nie. Sy polemiese subjek is nog te dikwels die lettere (nés Brink), maar hy is 'n skrywer, nie meer of minder gefrustreerd as Brink nie.

Tog sien ek nie dat hy APB se skriffiksie-skryf aanname grondig kritiseer nie. Is dit nie swyend akkoord gaan met die Lettere se monopolie op SKRYF nie? 'n Ernstige klag? So wil ek dit. Want veral misken word (by name, GO se benefit) is die joernalistiek.

Daar is tekens dat die Heilige Houvas op die Afrikaanse Vers verswak. Terselfdertyd gedy die prosa (nie net fiksie nie). En juis nou wil APB aan ons 'n Heilige Bul verkoop: die Roman. Koop ons, kry hy kommissie - 'n vernamer plek in die Literatuurgeskiedenis. Daar word allure rondom poësie oorgedra na die roman.

Vers se Verheerliking het poësie al byna morsdood. Brink se bemarking van die Bulroman kan dieselfde vir prosa doen. So help me. Ek sien dit! Spaar ons tog die groot "Oopskryf van dié land onder die Son". (Verklaarde etos van 'n jonger Brink. Kon PW se dogter perser? Gelukkig bied koning Roman in sy breë ryk meer wegkruipplek vir die soort ding as die korter teksdomme).

Brink laat graag Marquez se naam val, maar hy pluk dié se roman uit 'n organiese konteks. Marquez se kortverhale kom baie na aan lang prosagedigte. En in die bundel kortverhale van Latyns-Amerikaanse vroue, Other Fires, vind mens deurgaans poësie in prosa soos nog lank nie hier nie.

Liewe vriende, 'n genre is 'n genre is 'n genre. Vers is nie vanselfsprekend poësie, die Roman nie, eweso Bulprosa nie. Laat asseblief dieselfde fout nie weer gemaak word nie! Maar as mense hul ideologiekritiek op Brink uittoets, sonder sy verliteratuurde konsepsie van SKRYF te ondersoek, raak ek pessimisties aangetas. Hoe lank bly skryf nog net genre-skryf?

Aan literatore Brink en Olivier: Julle presumpsie is magnifikoos. Hoeveel publisiteit wil julle nog hê? Moet ons belang stel in te verskene replieke op aantygings wat nog láter verskyn? Moet ons vra dat die De Kat se Mei-nommer voor April s'n uitgebring word?

Moet ek julle teëkom tussen glansomslae in "...", die saakliker interieurs van "...", ewe tuis met die lunatic fringe in "..." en nou in VW nou strip my moer.

Staan tog asseblief opsy dat ons kan sien wat aangaan, dankie!

## Olivier speel Pilatus

**Joan Hambidge van Pietersburg skryf:**

In Vrye Weekblad van 10 Maart 1989 onder die opskrif "Debatte eerder as paranoïese reaksie" probeer die fyn beoefenaar van die literêre fracas Pontius Pilatus speel. Dit alles, terwyl van die gemeenste persoonlike reaksies uit sy pen verskyn het. Wie onthou nog vir LI Bertyn?

Soos altoos vergaap Olivier hom aan ánder se ge-"misdoen", terwyl hy self skuldig is aan dié laakbare optrede(s). Vanselfsprekend is almal bewus van die gepolitiseerde aard van die letterkunde én hierdie samelewing se vergrype. Literatore wat egter 'n soort objektiwiteit bepleit, probeer eerder die reeds óór-emosionele gesprekke enigsins "wetenskaplik" te maak.

Ek is ook nie seker dat Olivier net standpunte aanval nie; daarvoor het ons net té veel bewyse. En gepraat van 'n steriele uitwisseling van beskuldigings: Olivier is nogmaals besig om ánder van vergrype te beskuldig waaraan hy ook skuldig is.

En hoër op op dieselfde blad is dit doktorandus Wilhelm Liebenberg (Clichés vasgevang in 'n geslote baan) wat die sweeping statement maak dat ek prosa skryf wat ek in reëls opbreek. 'n Paragraaf verder - ja, één ondertoe - praat hy van die tweeheffingsvers in die bundel. Hoe rym dit dan, doktorandus Liebenberg?

Dié leser sien die clichés raak, gee selfs toe dat daar "slim met hulle gespeel word", en skryf hy: "kan 'n mens immers nie anders as om 'n postmodernistiese kode te herken nie."

Tog so. Net jammer dat hierdie leser - by name Wilhelm Liebenberg - nie liewer dáárdie kode verder ontgin het nie. Dan sou hy moontlik agtergekom het die tong was in die kies.

Mbt my Insig-artikel van Februarie 1989. Ek het 'n oplossing probeer soek júis vir diegene soos Liebenberg wat my striem oor sogenaamde clichés in my poësie maar dit vergewe in politieke verse, omdat dit oor die stryd handel. Is dit 'n bewaring van hegemonie? Nee, eerder 'n raaksien van die verskillende doelstellinge van die "elitistiese literatuur" en die "anti-hegemoniese literatuur".

Want soos Fanie Olivier nou onlangs in 'n radiopraatjie gesê het: sy verklarings wil as politieke vers primêr polities kommunikeer; en ander dan weer literêr.

## Helderheid asseblief

**Kobus Faasen van Stellenbosch skryf:**

Vannie os oppie jas, het die dr Fred du Plessis nie miskien selfmoord gepleeg nie? Die Van der Spuy-man kan miskien groter helderheid bied. Dié vermoede het posgevat toe'k hoor van mnr Joe Taylor se skielike bedanking.

Onder wie se departement val die Behuisingstrust en wat het nou daar skeef geloop? Is dit nog 'n korrupte (semi-)staatsprojek?

Ag meneer, ek sal dit so waardeer as u vir ons so 'n kort loopbaangeskiedenis van Taylor kan gee - hy is voorwaar 'n man van vele talente.

Nog briewe - bladsy 14

# Dit lyk mos of PW tóg die laaste sê gaan hê!




Verkiesingstyd is gewoonlik 'n verskriklike vervelige tyd in Suid-Afrika. Dis wanneer Afrikaanse dagkoerante nog onleesbaarder as gewoonlik word soos hulle oor hul voete val om die party te dien en jy nie jou TV-stel kan aanskakel sonder om in die een of ander NP-politikus se gesig vas te kyk wat òf dreig òf 'n valse belofte maak nie.

Dié jaar gaan die Nasionale Party en sy mondstukke dit dalk nie so maklik hê nie.

Hulle gaan hul kiesers moet vra om vir 'n party te stem sonder om te weet wie onmiddellik daarná die leisels gaan oorneem. Dié man, en nie die NP-koukus nie - PW Botha het dit bewys - sal bepaal wat werklik in die land gaan gebeur.

PW loop eers ná die verkiesing. Dit beteken dat FW de Klerk eers 'n verkiesing moet gaan veg op Vanderbijlpark. Daar is 'n goeie kans dat hy teen die KP kan verloor, veral as die DP ook 'n kandidaat stel.

Kan die NP regtig iemand tot Staatspresident verkies wat deur sy eie kiesafdeling van baie jare verwerp is?

'n Mens kan seker aanvaar dat Barend du Plessis, wat laas vir die verkiesing om hoofleierskap met net agt stemme verloor het, hom beskikbaar gaan stel vir die presidentsverkiesing. Dalk maak hy dit dié keer, veral as FW in Vanderbijlpark verloor.

* Dit lyk mos asof PW tog uiteindelik die vete teen FW kan wen!




**Die egpaar Prins van Silverton skryf dat hulle aan die Teken FW-kompetisie wou deelneem, maar nie eintlik kan teken nie. Hulle stuur toe dié mooi beeldjie van die aanhanger van die Groot Indaba saam.**

### Albert die Leeuehartjie (Deel II)

En daar trek die dappere rebel Albert Nothnagel toe Nederland toe as ambassadeur. En almal is tevrede: die party, vir wie Albert 'n verleentheid is met sy verligte uitsprake, en vir Albert self, wat eintlik maar weghol uit Innesdal - want daar is mos 'n verkiesing op pad.

* Daar gaan geen rus vir jou siel wees in Den Haag nie, Albert. Tot nou toe kon jy dalk probeer het om "van binne te verander", maar van nou af moet jy alles verdedig wat die NP doen.

### Liewe Heunis se groot skrik

So van verkiesings gepraat, 'n mooi storietjie in die onlangse Laughing Stock. Van Chris Heunis wat in die haarkappersstoel sit. Terwyl hy knip, vra die barbier hom wanneer die verkiesings dan kom.

"Wanneer die tyd ryp is," sê Chris nors.

Maar die barbier wil nie laat los nie. "Maar wanneer sal dit wees - hou julle dit nie te gou nie?"

"Net as die tyd ryp is," sê Chris weer.

Maar die haarkapper hou vol, en na nog twee vrae oor die verkiesing bars Chris uit: "Hoekom vra jy my die hele tyd uit oor verkiesings?"

* "Kalm word, maatjie," sê die man, "dis net dat elke keer as ek oor 'n verkiesing praat jou hare so lekker regop staan."

### Maak reg!

Hoe weet jy dat die AWB jou rekenaar gebruik het? Daar is Tippex op die skerm.

### Don't play it again, Sam

'n Roekelose, onverantwoordelike en dom ding wat Swapo se Sam Nujoma gedoen het om sy troepe in hul honderde na hul dood te stuur en die vredesplan in gevaar te stel. Wanneer raak Swapo van hom ontslae?

Maar die oordrewe, bloeddorstige leedvermaak in sommige kringe nou dat Swapo wêreldwyd gekritiseer word, is ook darem aanstootlik. En die voorspellinge oor wat dit in 'n verkiesing gaan beteken, is heeltemal oningelig.

Soos Beeld wat laasweek selfvoldaan sê as die groepe wat teen Swapo gekant is net kan saamstaan, "móét hulle die verkiesing in November wen".

Dat Beeld se Namibia-insigte effens verwyder is van die werklikheid, blyk verder uit 'n opmerkinkie wat die rubriekskrywer Lood maak.

Lood sê soos die Amerikaners Viëtnam tot Nam verkort het, gaan Namibia dalk ook nog Nam word. En dan: "Lood glo ons sal met veel meer trots en prestasie oor ons Nam kan skryf as die Amerikaners wat sonder ophou uitryg."

* Not bloody likely. Ons het óók die oorlog verloor; ons het óók die bloed van 'n groot aantal Namibiërs op ons gewete; ons verlaat óók die gebied as 'n gehate, onderdrukkende besettingsmag.

Onder ons internasionale mandaat het ons vir dekades lank ons eie walglike apartheidstelsel op die mense afgedwing; onder ons toesig is Namibia gestroop van sy diamante en ander minerale.

### Lood in sy pype

Weer eens oor Lood: dié knaap het toe 'n bekvol te sê oor Vrye Weekblad wat aan 'n Nederlandse blad gesê het ons sal ook finansiële ondersteuning uit die Weste aanvaar en dat daar gehoop word dat multi-nasionale groepe ook by ons, soos in ander onafhanklike koerante, sal adverteer.

En dan voeg Lood by: "Watter vertroue kan jy in mense hê wat hul vaderland op sulke maniere wil 'red'? Genadiglik het ons al baie sulke 'redders' sien kom en ewe vinnig gaan. Lood weet van ander Suid-Afrikaanse publikasies wat eerder deur hul base gesluit sal word voordat hulle hulself so vasknoop."

Gmnf, soos hulle in die strokiesprente sê. Nou wie sou dié "base" wees waarvan Lood praat? Dan nie die Nasionale Party in die geval van Beeld en sy susters nie? Met sulke base sou Vrye Weekblad se redaksie liewer glad nie in die joernalistiek wil wees nie.

* Die punt is juis dat Vrye Weekblad nie base hét nie - die redaksie is sy eie baas. Kyk maar weer oor die laaste paar maande of ons na énigiemand se pype gedans het. En ons vra nie verskoning oor ons nie 'n miljoen rand in die bank het nie.

### Tertius se onderrok

Lood se woorde was kwalik koud of die Sunday Times se Hogarth kom ook met 'n aanmerkinkie oor Vrye Weekblad se opmerkinge in die Hollandse blad.

* Dié arme mense het nou éérs probleme met base! Hulle weet nie aldag of hulle moet kies tussen hul geldbase of hul ideologiese base nie, maar dit wil tog lyk of die ideologiese base wen.

### Base Deel 3

Ten minste probeer die SAUK nie eens voorgee hy word nie met 'n ysterhand deur sy base beheer nie.

* Soos verlede week se onderhoud wat Colleen Hendricks met Sam Nujoma gevoer het. Die videoband van die onderhoud moes eers Kaapstad toe gevlieg word sodat Pik Botha dit kon goedkeur voor dit vertoon kon word.

# Gedoente in Namibia 'n newel in die woestyn

DAAR sit ek toe en praat met myself, vrinde, soos Bieljam met sy donkie, toe die gedagte hier op my skouers kom sit soos 'n budgie. En dit spreek, kompleet soos Broeder Heyns, want praat is te eenvoudig vir só 'n gedagte: Die hele Namibiese gedoente is 'n verbeeldingsvlug van Pik Botha, nou nie op vrind Vermaas se vliegtuig nie, maar beslis met Magnus PI in tow, asof aan 'n leiriem.

Dag na dag bekyk ons die nimlike Staatmaker van Buitelandse Gekonkel wat towerwebbe spin om sy gevange, of is dit nou bevange, gehoor. Terwyl Magnus PI met onbegrip toekyk, die gesiggie sommer so opgeskroef soos dit probeer verstaan.

En dit gaan maar swaar. Het die hele droom nie begin met Swapo se manne wat by strategiese punte hulself by die monitors van Ontug wou skaar nie? En het dit nie so te sê geëindig met Swapo se manne wat hulle by strategiese punte by die monitors van Ontug skaar nie? Nou ja, dan was die middelste gedeelte mos net 'n skim, so 'n soort newel in die Namib.

Intussen kry Pik Both natuurlik emmersvol publisiteit met die oog op die komende verkiesing effens suid van die sestiende breedtegraad. Met die vorige verkiesing was dit die spook van die bloeddorstige ANC wat hom op die loop gejaag het, maar al die invalle en verwoesting waarvan daar glo onweerlegbare getuienis was, het nooit plaasgevind nie. Het die sogenaamde Swapo-inval werklik gebeur?




Egbertus Klaagvoort

### Klaagvoortse Protokol

Ek dink Pik het soveel draaie om die wêreld se toeskouers gepraat, selfs stomme Magnus wonder of dit alles 'n sappige militêre droom was.

Moeder meen mos amelee dat charity begins at home. Wat 'n mens nou nie kan verstaan nie, is waarom daar so ver gesoek moet word na 'n bruikbare protokol. Dis die Geneefse Protokol, lyk dit my, wat nou vasgesteek het in die muf van die ou spul se verstande. Maar wat dan van die Klaagvoortse Protokol?

Hiervolgens is vrede maar 'n hanetreetjie van ons af, om van free and fair elections nie te praat nie.

Sien, dit werk so: Niemand word suid van die sestiende breedtegraad toegelaat nie. Ontug monitor dan die besigheid, en selfs Pik en sy Volksheld mag nie in stryd met internasionale reg hul voete oor die streep sit nie. Dan is die land mos weer soos hy was voordat onse Jan van Riebeeck hier aangeland het met sy boontjiesade en koolkoppe: leeg.

Want g'n mens het mos voor dit in hierdie geweste gewoon nie. Hiervoor is ons dankbaar, en het ons verlede week om die vlag getoyi-toyi totdat die blanje oranje geword het en ons blou in die gesig was. "Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg/ vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg."

### Suiderkruis express

Ek dog ek sou julle maar herinner. Iedergeval, as julle nie van die Klaagvoortse Protokol hou nie, is daar nog Egbertus se new year's resolution 435, dis nou ná die ophou rook en die sokkies op die vloer neersmyt.

Volgens dié ou resolusietjie mag 'n mens histeries te kere gaan as enigeen Namibia uit Angola betree, maar mag jy nie kritiseer nie wanneer jou eie demokratiese welwillende meesterlike staatspresident snags stilletjies 'n ander land se integriteit skend deur onwettiglik sy gebied binne te gaan om by die troepies te wees. Soos 'n express Suiderkruisfonds-pakketaflewering.

Spreekbeurte onder die leierskap van die Nuwe Party word glo deur die trek van lootjies bepaal. Dis natuurlik 'n ou Nasionale Party-gebruik wat Vyand Malan en dr Wobble nou met hulle saamgebring het.

Moet wees, hoe anders verklaar jy die jare lange onlogiese ad hoc besluite van ons heersers?

So het dit gegaan: "Pik, ek het 'n steak nodig of 'n skermutseling. My tande jeuk."

"OK Magnus ou bees, trek jy die langetjie dan val jy Angola binne, trek jy die kortetjie, dan is dit Botswana."

"Ag Pik, verduidelik net weer die middelste deel."

"Lank is Angola, kort Botswana."

Dan val Magnus Lesotho binne.

# Nuus te reaktief

**Mauritz Moolman van Troyeville skryf:**

Lou-Marie Kruger se kritiek oor Vrye Weekblad se redaksionele inhoud (Briewe, VWB 23/3/89) is myns insiens nie ongegrond nie. Ek weet dit is redaksionele beleid om nie 'n spreekbuis vir die linkse politieke drukgroepe te wees nie - 'n prysenswaardige standpunt in die lig van, geskiedkundig, die nasionaal-propagandistiese aard van die Afrikaanse joernalistiek. In dié opsig is Vrye Weekblad die belangrikste ontwikkeling sedert Di Patriot (nee, nie die lady van die Britse koningshuis of die KP se blaadjie nie!)

Maar my probleem is dit (ek sluit VryDag uit): In pleks daarvan om die agenda vir gesprekvoering te bepaal, bevat Vrye Weekblad se nuuskolomme soms te veel reaktiewe nuus. Ek bedoel hiermee die belang lê dikwels oorwegend by die bekende.

PW, Roz Both die fliekmaker, Rozanne die digteres, Rozanne die musiekmaker en Rozanne die rubriekpleegster, kry meer aandag as die alledaagse, onbekende bestaanskrisisse en aspirasies van vervreemde, Afrikaanssprekende, landgenote.

Dit is Vrye Weekblad se onbenydenswaardige maar grootste taak om Afrikaanssprekende Doringrosies, gesus deur dekades van manipulasie deur Afrikaanse koerante en die SAUK, te ontwaak, in te lig deur vervreemdes te betrek.

Maar, soos Lou-Marie se brief tereg impliseer, die permissiewe AWB-bierbul se eskapades met 'n blonde geelpers joernalis word tot Nasionale Belang, Prioriteit: Hoofnuus, verhef en die swanemeer- en neutekraker-wiegeliedjie van slegs-blanke (Afrikaner?) belang, duur voort. Die agenda is deur die handelspers bepaal.

Ek sê nie Vrye Weekblad is deurgaans skuldig nie - die deurbraak is daar - maar Afrikaanssprekendes, en veral Suid-Afrika, sal gedien word deur prioriteite met groter omsigtigheid te bepaal en nie op loop te gaan met dit wat deur die handelspers opgedis word nie - tensy Vrye Weekblad sirkulasiegewys met die establishment wil meeding.

Maar dan moet redaksionele beleid dit duidelik as doelwit stel.

## Skietvingers moet rus

**Djastis van Stellenbosch skryf:**

As die ANC nou geweld afsweer (sonder voorwaardes) lê daar 'n groot kopseer voor vir Suid-Afrika se nuwe president.

Die ou wêreld het jare gelede so 'n vlaag van vrede en versoening beleef soos nou. Wie het ooit kon droom dat Suid-Afrikaanse afgevaardigdes saam met Castro om 'n eettafel sou sit in Havana? Wat dan nog van Tambo en De Klerk oor 'n bord potjiekos in Harare...

Gorbatsjof het die wiel van vrede aan die rol gesit - in so 'n mate dat die opstellers van die HAT daarvan kennis moet neem. Die glasnost en perestroika moet egter nie net leenwoorde uit Russies bly nie, dit moet gerealiseer word, ook hier in Afrika.

In 'n onlangse Huisgenoot is berig dat die wittes (sic) so lekker leef in Zimbabwe. Was die jarelange bosoorlog met al sy pyn en leed dan werklik nodig? In Namibia word Resolusie 435 nou uiteindelik geïmplimenteer, maar in die wapenstryd van dekades was die mens en die natuur ondergeskik aan die heilige beginsel van mag.

Oorlog is teenproduktief omdat dit 'n mens van geregtigheid vervreem. Dit is ook veel goedkoper vir die belastingbetaler om in vrede en geregtigheid te leef. In so 'n milieu kan die mens weer alles in die stryd werp om reg te laat geskied aan sy omgewing.

Natuurliefde en die integrasie daarvan in die opvoeding is baie bevorderlik vir demokrasie, en omgekeerd. Die Westerse beskawing het nie juis harmonie met die natuur bevorder in die Derde Wêreld nie. Ons hoor nou net in plekname hoe dit vroeër moes gelyk het hier in die Suiderland. Talle spesies kom nou net in boeke voor en ander staan op die rand van uitwissing. Hoeveel diere sterf nie as gevolg van teikenoefeninge, trofeejagters, landmyne en geëlektrifiseerde drade nie?

Is dié sinnelose uitroeiing en verwoesting werklik nodig? Die Rambo's se skietvingers moet nou rus kry.

Daar sal weer vrede kom in Suider-Afrika, dis 'n voldonge feit, nes geregtigheid. Maar hoe gaan die natuur lyk as al die oorloë uiteindelik verby is, sal daar nog vir ons kinders iets oor wees om te bewonder en te bewaar?

As ons mekaar beveg oor gemeenskaplike geboortegrond, is dit eintlik futiel en selfvernietigend, want net eiebelang en selfsug word dan gedien. 'n Gemeenskaplike erfenis word só vernietig, dis 'n onherstelbare verlies vir ons nageslag.

Dit is nou die tyd om bymekaar te kom en sake uit te praat, nou meer as ooit. Ons krag lê in eenheid, as Afrikane met realistiese planne vir die toekoms.

## Foto's van vingernaels

**Bev Davie van Sandton skryf:**

Hoe tipies oud-Suid-Afrikaans. Hoe ontipies van die "nuwe stem vir die nuwe Suid-Afrika".

'n Omvattende stamregister en familiegeskiedenis vir Pretoriusse word saamgestel (VW 23 Maart 1989), maar dis SLEGS VIR BLANKES. Mens wonder of dié wat inskryf kleurfoto's van hul vingernaels sal moet saamstuur?

**(Die korrespondent verwys na 'n brief wat in VW geplaas is. Die redaksie het tog geen beheer oor die inhoud van briewe nie. Red.)*

## Praat soos jy skryf

**Ethné Clarke van Tokai skryf:**

Dr BC Donaldson het in sy brief (VW 31/3/1989) alle taalversorgers darem lelik in die gesig gevat. Ek dink nie ons is almal boosaardige agente van die Nat-pers nie. Het glasnost die Kommunisme dan so afgewater dat ons nou 'n Nat-komplot agter elke bossie soek?

Miskien verstaan hy nie die funksie van 'n taalversorger nie. Die eerste vereiste vir 'n goeie taalversorger is 'n "oop gemoed", en hy mag nie 'n skrywer se styl verander nie. Niemand sou byvoorbeeld droom om aan 'n rubriekskrywer se styl te peuter nie. En hier stem ek met hom saam, Vrye Weekblad se rubrieke is juis vanweë hul taal treffend en genotvol om te lees.

Wat die berigte betref, is dit egter 'n ander storie. Elke taal het tog sy standaard spelreëls en sinskonstruksie, en dit verbreek 'n mens se konsentrasie wanneer jy telkens oor ongewone spelling of konstruksie struikel. As Donaldson se brief byvoorbeeld versorg was, sou 'n mens die volgende sin nie twee maal moes lees nie:

"...wat net so veel die besit is van derduisende nie-blankes is as wat dit die besit van die Afrikaner is."

Verder wil ek net vra of hy 'n Engelse koerant met onortodokse spel- en taalgebruike ook sou gelukwens? Waarom moet Afrikaans noodwendig feitlik na ongeletterdheid oorhel om aanvaar te word?

Daar is 'n verskil tussen swak taalgebruik en 'n gemaklike en maklik verstaanbare skryfwyse. Taal is net soos 'n mens se klerekas, daar is verskillende style vir verskillende geleenthede, en ek sou eerder wou sien dat mense probeer praat soos hulle skryf - dan sal daar dalk minder misverstand wees. En dit geld alle tale, nie net Afrikaans nie.

Daar is reeds 'n verlaging van standaarde op feitlik elke gebied van die moderne samelewing.

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-7236, fax (011) 836-7230, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

## PERSOONLIK

Barbara Barnett: Die uitstalling lyk pragtig. Hou vol en hou aan. Met liefde van ons

Flippie: Dankie dat jy twee en twee bymekaar gesit het. Wat uiteindelik tel is mos maar trust. En die totaal is nog die lekkerste

Super M: Die Namib, kantoor en kussings sal nooit weer dieselfde wees nie. Super C

Bles, vra mooi en ons gee jou 'n gratis kaartjie vir die Voëlvry-konsert

Die Takhare vir Vrede sê die mampoerbeperkings is kultuurmoord

Sonneblom van Stellenbosch soek 'n man wat hou van perdry, dans en die buitelewe. Net rokers en drinkers kan aansoek doen. Mans met baie energie sal voorkeur geniet. Tel: 2789

## WOONPLEK

Hillbrow: Luukse-woonstel met een en 'n half slaapkamers en een en 'n half badkamers. Noordaansig, sekuriteit en parkering. R45 000. Skakel Janet by (011) 648 6778 of 880 5707

Eva soek 'n woonstel in Johannesburg, verkieslik noordwestelike voorstede. Skakel (012) 432586 of (011) 725 2544 x 1707

## DIENSTE

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Jacob Regop-kapsules: Help om verlore energie terug te plaas deur die voedingsvitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te verskaf. Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 'n maand se voorraad aan: Emcor, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel: (021) 551 4360. Ook verkrygbaar by jou naaste apteek

Diensplig Adviesdiens: Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplig navrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 322 7670 Jackie (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye We[illegible]'ad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 7236

## GEBEURE

Nelspruit/Witrivier: Demokratiese Party se stigtingsvergadering 17 April. Navrae: J Bramley (01311) 33841

Die Leonard Rayne-laataandvertoonkas: eerste vertoning "Jo'burg Follies" vanaf 5 - 28 April op Woensdae, Donderdae en Vrydae om 10.45 nm. Toegang: R10. Skakel (011) 805 2805/6

Die NP van Wyk Louwklub vergader elke Dinsdagaand in die Skilpadsaal. Eerskomende Dinsdag om 7.00 nm word die naakte siel bespreek

Die Voëlvry-konsert is Vrydag- en Saterdagaand in die Hoofstad, en Dinsdag op Potchefstroom

## WERK

Die Leonard Rayne-laataandvertoonkas se doelwit is om aan jong kunstenaars en skrywers die geleentheid te gee om hul talente ten toon te stel. Enige aspirant-kunstenaars, skrywers en musikante wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet Debbie Batzofin skakel by (011) 805 2805/6

POWA is op soek na 'n deeltydse koördineerder. Aansoeke sluit op 15 April. Skakel (011) 642 4345

## MARK

Irma soek 'n kap vir 'n 85/86 VW bakkie. Skakel (0171) 27241 bedags of (0171) 71713 saans

Gesoek: Yamaha XT250 of XT500. Bel Anton by (011) 726 1764 of 836 7236

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

Yeoville Book Stall, Cavendishstraat 36, Bellvue. Tel: 648 2002. Die volgende misdaadskrywers nou in voorraad: Raymond Chandler, Leslie Charteris, Agatha Christie, Dick Francis, Dashiel Hammett, Ellery Queen en andere

Te koop: Opreggeteelde Duitse herdershondjies (ongeregistreer), ingeënt en ontwurm. Afstammelinge van nie-rokende, progressiewe reun en teef met uitstekende temperamente. R225. Skakel (011) 403 3600 x 246 (w) of 726 3797 (h)

Victor soek 'n betroubare tweedehandse wasmasjien. Skakel (011) 487 1433

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue- en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Kashgar

KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

JACOB RegoP®

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........

Adres: ..........

..........

.......... Poskode: ..........

Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Ondersteun Vrye Weekblad Adverteer!

RUGBY:

# 'Toetie' Coetzee op pad na Australië

**André van Wyk**

EEN van die veelsydigste sportmanne in die South African Council on Sport (Sacos), Allister Coetzee, sal nie vanjaar op die rugby- en krieketvelde van ons land in aksie gesien word nie.

Die 25-jarige Allister, of Toetie soos hy onder liefhebbers van nie-rassige rugby bekend staan, vertrek binnekort na Australië. Hy gaan by die Universiteit van Wollagang, suid van Sydney, werk. En natuurlik sy gunsteling-sport, rugby, beoefen.

Dié besoek is moontlik gemaak deur die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru). Hy sal 'n jaar daar bly. Hy sou aanvanklik studeer het, maar weens probleme met sy reisdokumente het dié planne deur die mat geval.

Allister sê omdat dit reeds diep in die Australiese akademiese jaar is, gaan hy nou administratiewe werk verrig.

Allister is die liefling van die skares by Suid-Afrikaanse rugbyvelde. Sy sekure aangeë, sy slim en blitsige breekslae om die skrum en dodelike skopvoet het van hom 'n groot trekpleister gemaak.

Sy briljante vertoning op die onlangse Top Agt-toernooi van die City and Suburban-rugby-unie in Kaapstad sal nie gou vergeet word nie. Hy is as Speler van die Toernooi aangewys en het sy span, Wallabies, vir die tweede agtereenvolgende jaar tot 'n oorwinning gelei.

## Loopbaan

Allister se rugbyloopbaan het op laerskool op Grahamstad begin. Hy het sy debuut op provinsiale vlak gemaak as hoërskoolleerling in 1978 toe hy Suidoostelike Distrikte-rugbyunie (Sedru) in 'n toernooi in Kaapstad as skrumskakel verteenwoordig het.

Hy het ook in dié jaar vir die OP se hoërskolespan gespeel.

Hy het Sedru van 1978 tot 1981 verteenwoordig. In 1982 is hy na die Dower-Opleidingskollege om hom as onderwyser te bekwaam. Hy het onmiddellik die OP se SA Bekerspan gehaal en is sedertdien 'n gereelde speler.

"My grootste oomblik op die rugbyveld sal altyd die SA Bekereindstryd in 1987 teen Tygerberg in die Athlone-stadion wees. Dit was die eerste keer dat ek 'n lid van 'n SA Beker-kampioen was.

"Nog 'n hoogtepunt was my debuut vir Saru in 1985. 'n Ander ligpunt was toe ek die nasionale span teen Namibia in Namibia verteenwoordig het," het Allister gesê.

Oor sy klubspan, Wallabies, se uitstekende vertoning op die nasionale klubtoernooi kon Allister nie uitgepraat raak nie. Hy is ook heel tevrede met sy eie vertoning en sê hulle het reeds verlede November begin met voorbereidings vir die Top Agt.



**Allister Coetzee**
*Foto: Saru-jaarboek*

Sommige mense sien maar swaarigheid vir die OP in vanjaar se SA Beker-kompetisie sonder Allister, maar hy stem nie daarmee saam nie.

"Ek sal nooit die OP afskryf nie, want hy beskik oor genoeg potensiaal. Die man wat waarskynlik in my plek gaan speel, Appolis January, beskik oor heelwat provinsiale ervaring."

Die skrumskakel wat hy altyd sal beskou as 'n gedugte teenstander, is die SWD-skrumskakel, Willie Booysen. Hy het nog nie juis veel teen Ronnie Korkee van Uitenhage, vir wie hy uit die Saru-span gelig het, gespeel nie en kan dus min oor hom sê.

Allister is ook 'n uithalerkrieketspeler en het die OP se Howabekerspan vanjaar as paaltjiewagter en kolwer verteenwoordig. Hy gaan ook - "as ek die kans kry" - krieket in Australië speel.

Hy weet nog nie in watter liga die universiteit se rugbyspan speel nie, maar hoop om teen van die groot name in Australië te speel.

PADWEDLOPE:

# Budd se rekord kan môre spat

**Ockie Dupper**

ZOLA BUDD se Suid-Afrikaanse rekord oor 10 km kan Saterdag in Durban in die slag bly wanneer van die land se top-vroue-atlete aantree vir die finale been van Clicks en Femina se reeks padwedlope.

Elana van Zyl, Springbok van die Maties, het aangedui that indien die toestande meewerk én sy goed voel, sy 'n aanslag op Budd se rekord, wat op 32 minute 10 sekondes staan, sal maak.

Toeskouers kan hulle lippe aflek vir 'n reuse-stryd aangesien R10 000 op die spel is vir enige atleet wat die Suid-Afrikaanse rekord verbeter.

Van Zyl, wat die eerste been van die wedloop verlede maand in Johannesburg in 'n tyd van 34 min 36 sek gewen het, kan egter sterk teenstand van atlete soos Colleen de Reuck (Lindeque), Blanche Moila, Ronel Scheepers en Sonja Laxton verwag.

De Reuck het verlede Saterdag se Kaapstad-been gemaklik in 34 min 16 sek gewen en ná die wedloop aangedui dat die oorwinning haar weer baie selfvertroue gegee het na haar onlangse terugslae.

Hoewel De Reuck se beste tyd oor 10 km beter as Van Zyl s'n is, en sy baie moeilik in Durban geklop word, erken sy sy is skrikkerig vir Van Zyl: "Elana is op die oomblik top-fiks en lewer die een goeie vertoning na die ander.

"Dit sal maar moeilik gaan om haar te klop."

Buiteperde is waarskynlik Moila en Scheepers, aangesien Laxton op 41-jarige ouderdom dalk net nie die spoed oor die korter wedlope het om die jonger atlete tot die uiterste te beproef nie.

'n Verbasende inskrywing vir Saterdag is dié van Frith van der Merwe, wat egter aangedui het dat sy slegs vir 'n tyd van ongeveer 40 min mik en nie voluit sal hardloop só onlangs na haar oorwinning in die Twee Oseane-marathon nie.

# Totsiens Suid-Afrika, hallo Olimpiese Spele

**Met onafhanklikheid voor die deur, jeuk sportmense in Namibia se voete al om op internasionale sportvelde mee te ding. Wedstryde teen die wêreld se beste én die Olimpiese Spele, wat voorheen net op sportblaaie verskyn en op TV-skerms geflikker het, lê om die draai.**

**Tog is daar struikelblokke wat Namibiese sportmense moet oorkom voor hul dag van glorie aanbreek. CHARLES LEONARD het met sportbase in Namibia gesels.**

KOMPETISIE teen Suid-Afrikaanse spanne het die Suidwes Rugby-unie die krag gemaak wat hy vandag is, sê die sekretaris van die unie, Henk Cloete.

"Na onafhanklikheid is die laaste ding wat ons wil doen om bande met Suid-Afrika te verbreek," sê Cloete. "As ons nie meer in die Republiek speel nie sal ons minder kompetisie hê."

Tog is die Biltongboere opgewonde oor die vooruitsig van moontlike internasionale mededinging wat onafhanklikheid kan besorg.

"Ons gaan nie skroom om internasionale kontak te maak nie," sê hy.

Hulle sal weldra hul naam van Suidwes-Afrika Rugby-unie na Namibia Rugby-unie moet verander, sê Cloete.

## Bande verbreek

As die nuwe regering dit vereis sal die nie-rassige Namibia Nasionale Rugby-unie (Nanru) bande met die moederliggaam, die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru), verbreek, sê hul president John Walters. Nanru, wat dié seisoen promosie na 'n hoër afdeling in die SA Beker-kompetisie gekry het, speel môre in 'n vriendskaplike wedstryd teen Noordwes-Kaapland.

Die atletiekbase "wag-en-kyk" nog. Geen amptelike besluit is nog op bestuursvlak óf op 'n jaarvergadering geneem nie.

Die President van die atletiekunie, Gerhard Lourens, sê 'n besluit sal teen die einde van die jaar geneem moet word omdat die posisie op die oomblik so vloeibaar is.

"As Namibia aanvaarbaar is vir die internasionale politieke gemeenskap, glo ek ons sal ook aanvaarbaar wees."

Intussen bly hulle geaffilieer by die Suid-Afrikaanse Amateur-atletiekunie en neem môre aan die 0/21 Suid-Afrikaanse kampioenskap op Kimberley deel.

Namibiese sokker het geen bande met Suid-Afrika nie.

Wat getalle betref is sokker die gewildste sport in Namibia. Die belangrikste sokkerliggaam in dié land is die Namibia Nasionale Sokkerliga (NNSL). Hulle is ten opsigte van internasionale deelname nog in die beplanningstadium, sê hul president Elliot Hiskia.

"Ons siening is dat dit goed vir Namibia sal wees om internasionaal mee te ding," sê Hiskia. "Ons sal weldra kontak maak met die Internasionale Sokkerfederasie (Fifa) en die beheerliggaam in Afrika (Caf)."

Die Namibiese krieketspelers het reeds 'n brief aan die Internasionale Krieketkonferensie (IKK) geskryf waarin hulle vir die vereistes vir internasionale toelating vra.

"Hoewel ons nie die hand byt wat ons voed nie, sal ons bande verbreek met die Suid-Afrikaanse moederliggaam as die IKK dit vereis," sê die bestuurder van Namibiese krieket, Louis van Reenen.

Hulle het reeds baie positiewe terugvoer uit Afrika gekry.

Politiek kan nie van sport geskei word nie en daarom vergeet politici nie van die rol van sport in 'n nuwe Namibia nie.

'n Swapo-regering sal hom hou by wat die internasionale gemeenskap vereis wanneer Namibia tot dié gemeenskap toegelaat word.

"Die tyd sal egter leer," sê woordvoerder Anton Lubowski.

Kontak met Suid-Afrikaanse sport sal dan afhang van dié land se politiek, sê hy.

MOTORSPORT:

# Gevaartes brul môre op Zwartkops

**Len Wagenaar**

GROOT opwinding word môre op die Zwartkops-renbaan naby Pretoria verwag wanneer die brullende WesBank-gevaartes mekaar die stryd aansê op dié kort, draaierige baan.

Dit is die eerste keer dat die WesBank-wedren vir veranderde sedanmotors op Zwartkops plaasvind en dit kan vir heelwat verrassings sorg. Sarel van der Merwe in die Audi Sport Turbo is weer eens die gunsteling, maar hy kan kwaai teenstand van die klein Mazda RX7 van Ben Morgenrood, Hennie van der Linde se Nissan 300ZX en Tony Viana se BMW 3-reeks verwag.

Willie Hepburn in sy monsteragtige Opel Rekord V8 gaan ook daar wees, maar sy motor behoort hom redelike hoofbrekens op die vinnige, maar draaierige baan te besorg.

SuperSarel sal hiér die voordeel hê omdat sy motor vierwielaandrywing het en dus beter om die draaie behoort te hanteer. Maar top-snelheid gaan nie soveel saak maak op die kort baan nie, en dit kan die kleiner, ratser motors soos die Mazda en BMW tot groot voordeel strek.

Dit is nog onseker of een van die Ford Sapphires gereed sal wees vir die ren. As die Ford-ingenieurs egter daarin slaag, kan hulle sake lelik deurmekaar krap vir die ander spanne.

In Klas B kan 'n groot stryd tussen die Nissan Skylines van Johan Coetzee en Dick Sorensen ontwikkel. Tot dusver het Coetzee die beste daarvan afgekom, maar Sorensen sal sekerlik die bordjies wil verhang.

Wedrenne op Zwartkops word net beter; moet dus nie dié aksie misloop nie!

*En daar doen die ou strydros Serge Damseaux dit weer in die Nissan-tydren! En dié keer sommer in 'n Klas C-Toyota Conquest...

Damseaux se Klas A vierwielaangedrewe Conquest is kort voor die tydren beskadig. Die enjin het opgeblaas en hy het sonder 'n motor gesit. Die Toyota-base het besluit hy moet in Ben en Isebel van der Westhuizen se Klas C-motor deelneem.

En daar wen hy toe nadat al die groot kanonne in Klas A en B uitgesak het.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# SPORT Vrye Weekblad

Allister Coetzee na Australië - 15

Sport in 'n onafhanklike Namibia? - 14

**ATLETIEK:**

## Langasem Machelm gaan die driekuns jaag

Cheryl Roberts

WANNEER die Suid-Afrikaanse amateur-atletiekraad (SAAAB) - wat by die South African Council on Sport (Sacos) geaffilieer is - die naweek sy jaarlike prestige-byeenkoms hou, sal dit die laaste keer vir die top-deelnemers van nie-rassige atletiek wees om hul prestasies te verbeter en die seisoen op 'n hoë noot af te sluit.

Die byeenkoms word môre op Worcester gehou en die land se beste nie-rassige atlete sal in aksie wees. Die baan is egter in 'n swak toestand en die plaaslike owerhede behoort dringend aandag daaraan te gee. Die baan kan daartoe bydra dat die atlete swak vertonings lewer.

Twee nasionale spanne sal aan die kampioenskappe deelneem - die South African Senior Schools Sport Association (SASSSA), wat deur 'n span van 51 verteenwoordig word, en die SAAAB met 33 atlete wat gekies is ná sy nasionale byeenkoms twee weke gelede in Port Elizabeth.

Die SAAAB-span het meer ondervinding en daar word verwag dat hulle die titels voor hul jonger teenstanders sal wegraap, maar groot wedywering word verwag voordat die wenners aangewys sal word.

Die ster-atleet van die Westelike Provinsie, Owen Machelm, in die kleure van die SASSSA, sal daarop uit wees om 'n driekuns van nasionale titels in die 5000 meter te behaal.

In die Paasnaweek het Machelm die SASSSA se 1500 meter-titel ingepalm en in die proses byna die skolerekord - met 'n sterk wind van voor - gebreek. 'n Week later het hy die senior skole-titel gewen. Dié naweek sal hy daarop uit wees om die eerste nie-rassige atleet te word wat die "groot drie" kan inpalm.

Ná 'n teleurstellende wedloop op die senior nasionale byeenkoms, waar Anita Witbooi die 800 en 1500 meter-wedlope verloor het, sal sy vasberade wees om te wys waarom sy die nasionale skolerekordhouer is en SA skolekleure gekry het. Sy kom te staan teen haar aartsopponent Valda Booysen. Booysen is kaptein van die SAAAB-span en sal soveel moontlik titels vir haar span wil wen.

Met die naelloop-ster Shaun Vester buite aksie weens 'n besering, sal die kollig val op Clint Cloete om die 200 en 400 meter-titels in te palm.

Die byeenkoms bring 'n einde aan 'n suksesvolle seisoen vir die SAAAB, wat nou nóg groter moontlikhede vir nie-rassige atlete in die vooruitsig stel weens hul skakeling met ander Afrika-lande.

**RUGBY:**

## Naaslose Noorde moet uithaal en wys

Chris van Vuuren

DIE naweek se toetsuniedag op Ellispark sal 'n goeie aanduiding gee van wat vanjaar in die Curriebekerstryd verwag kan word.

Al ses die toetsunies is hier in aksie en 'n deeglike waardebepaling kan gemaak word van die room van Suid-Afrika se spelers. In die eerste wedstryd om twaalfuur kom OP teen die Vrystaat te staan, waarna WP teen Natal sal kragte meet. In die hoofwedstryd kom die gasheer, Transvaal, teen die Curriebeker-kampioen, Noord-Transvaal, te staan.

Die Vrystaat/OP-wedstryd kan vir heerlike hardlooprugby sorg, aangesien albei spanne 'n voorliefde het om die bal lustig rond te gooi. Die vraag is egter watter span die skoonste besit gaan kry. Beide spanne se voorspelers voldoen nie aan verwagtinge nie, veral in die vaste spel.

Die stryd om die losbal kan beslissend wees. OP het in Tobie Oosthuizen, Robert Blignaut en Jan Serfontein 'n woelige lostrio wat die pap dik kan aanmaak. Vrystaat se Frikkie Botha, André Cloete en Rooibal Pretorius is egter ewe bedrewe in die kuns om eerste by die afbreekpunt te kom.

OP het opwindende snellers in Danie Gerber en Jacques du Plessis terwyl Vrystaat se Stompie Fourie, Helgard Muller, Eben Scheepers, Chris Badenhorst en André Joubert nie skaam is om rieme neer te lê doellyn toe nie.

WP wil die seisoen vergoed vir die glips in die Curriebeker-finaal verlede seisoen en kan op 'n hoë noot afskop teen die Natallers. Selfs sonder 'n paar staatmakers lyk die WP te goed toegerus vir die Piesangboere.

In Carel en Michael du Plessis, Kobus Burger, Schalk Burger en Tiaan Strauss het die Kapenaars wedstrydwenners wat Natal se verdediging deeglik op die proef sal stel.

Indien Natal egter voorlangs sy man in die lynstane en skrums kan staan, kan die losmanne Graham Hefer en die skitterende Andrew Aitken saam met Henry Coxwell, Tony Watson en Hugh Reece-Edwards dalk net vir 'n verrassing sorg.

In die hoofwedstryd het Transvaal die onbenydenswaardige taak om uit die stof op te staan ná sy onlangse nederlaag teen OP - en dit nogal teen die konings van SA rugby, Noord-Transvaal.

Of die Blou Bulle sonder Naas Botha vir Transvaal sal laat moed skep, weet 'n mens nie. Sonder Botha het die ander Bulle die motivering om te wys dat hy nie die alfa en omega van Noord-Transvaal-rugby is nie en dat hulle goed sonder hom kan klaarkom.

Die "nuwe" Rooibontspan - ná 'n klomp veranderinge dié week - kan moontlik Ellispark se toeskouers laat moed skep vir die seisoen. Die onbeholpenheid en herderloosheid teen OP sal moet plek maak vir meer durf en vuur voorlangs en meer planmatigheid onder die driekwarte.

Transvaal moet die feit dat dit Noord-Transvaal se eerste wedstryd is, en dat samespel kan ontbreek, uitbuit. Tjaart Marais op losskakel kan 'n kwesplek in die Bloues se mondering wees en Transvaal se losvoorspelers moet daarvan gebruik maak.



Garth Wright (links), een van Transvaal se staatmakers

*Foto: Ken Oosterbroek*

Indien hy stewig onder druk geplaas word, bestaan die moontlikheid dat hy kan swig en sodoende die res van die agterlyn kan ontwrig.

Transvaal sal egter 200 persent beter moet speel teen OP as hy enigsins 'n kans wil staan om die wedstryd te wen en sy ondersteuners hoop te gee vir die res van die seisoen te gee.

**SOKKER:**

## 'People's Clubs' se dae getel ná uitspraak

Dan Pienaar

'N ONGEMAKLIKE kalmte het oor die Natalse sokkerwêreld neergedaal ná die arbitrêre besluit wat 'n einde gebring het aan die voortslepende drama rondom die regmatige eienaarskap van die Amandhla AmaZulu-sokkerklub.

Die regsgeding, wat meer as 'n jaar geduur en aan die einde van verlede seisoen in die Hooggeregshof beland het, is eindelik geskik met 'n besluit wat verreikende gevolge vir die struktuur van professionele sokker in Suid-Afrika kan inhou.

David Dlamini, voorsitter van AmaZulu, se aanspraak op eienaarskap van die klub is deur 'n ondersteuningskomitee onder leiding van Albert Masinga teengestaan.

Dlamini beweer hy is die wettige direkteur van die klub en die enigste ander wettige aandeelhouer in die klub was die boedel van sy voormalige vennoot, KE Mathe. Aan die ander kant beweer die ondersteuningskomitee dat AmaZulu die geboortereg van die Zoeloevolk is en dat niemand as sulks 'n aanspraak op eienaarskap kan maak nie.

Terwyl heelwat professionele sokkerklubs in Suid-Afrika as private maatskappye bedryf word, is daar nog 'n paar wat as gewone sportklubs deur 'n komitee beheer word. Dit is juis laasgenoemde klubs wat bedreig kan word vanweë die groot geldelike inkomste wat deur die sokkerbedryf gegenereer word. Dit laat die klub wawyd oop vir 'n paleisrevolusie.

Verlede week het die arbiter, Archibald Findlay, egter die laaste spyker in die doodskis van "people's clubs" geslaan deur te beslis dat Dlamini die enigste eienaar van AmaZulu is en dat die ondersteuningskomitee geen aanspraak daarop het nie.

Die onmiddellike gevolg van dié besluit was dat Dlamini weer in beheer van die klub geplaas is, waarvan hy in elk geval die afgelope drie jaar administrateur was.

Dit sal egter ook tot gevolg hê dat die druk verlig word op klubs soos Bush Bucks, en Transvaalse klubs soos Orlando Pirates, Moroka Swallows en SuperKurl Aces, wat ook van tyd tot tyd deur "coups" van hul ondersteuners bedreig word.

Die rebellespan van AmaZulu, wat deur die ondersteuningskomitee begin is, het ontbind en 'n paar van die ou staatmakers soos Joel Fire het hom weer by Dlamini se span aangesluit. Sy span word deur die plaaslike held Gordon Igesund afgerig.

"Ek weet daar lê 'n lang pad voor om die span te herbou," het Dlamini vandeesweek gesê. "Die hofsaak het die ordelike beheer van die klub oor die afgelope twee seisoene in die wiele gery, maar noudat 'n paar regspunte uitgeklaar is, kan ons soos 'n behoorlike sokkerklub begin werk.

"AmaZulu gaan 'n opdraande stryd hê om relegasie vanjaar te vermy, maar as ons oorleef, sal ons volgende jaar 'n span hê waarmee rekening gehou moet word," het hy gesê.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepener straat 32, Booysens, Johannesburg.

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 14 April 1989

# Eietydse Nama-legende verfilm

## Township Boy oorsee



Die Mamu Players en die Markteater se ko-produksie Township Boy het gister na Duitsland en Brittanje vertrek. Hulle gaan optree in Berlyn, Birmingham, Londen en by die feeste van Glasgow en Brighton. Township Boy is geskep deur John Ledwaba en Christo Leach. Op die foto verskyn (vlnr) Petunia Maboe, John Morapama, John Ledwaba en Tonny Nene in 'n toneel uit die stuk.

Felice Orsini

DIS nie aldag dat die plaaslike rolprentbedryf kan spog met 'n eietydse inheemse verhaal vol egte karakters nie.

Ná jare se geduldige onderhandelinge en voorbereidings het die Suid-Afrikaanse regisseur David Wicht sy eerste vollengte speelprent, Wind Prints, in Namibia voltooi.

Wicht het die draaiboek gegrond op die legende van 'n Nama wat onder sy eie mense begin moor het en uiteindelik - oor drie jaar - tot die dood gejag is.

Wind Prints is in die foto-joernalistieke genre van prente soos The Year of Living Dangerously en Under Fire.

Die Britse akteur Sean Bean speel die rol van 'n televisiekameraman, Anton van Heerden, wat tydens die onrus in Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie gesoek word. Hy soek skuiling in Namibia waar hy help met die verfilming van die verhaal van 'n Nama-rower, Nhadiep.

Charles Rutherford, 'n Britse filmlmaker wat Nhadiep se verhaal op film vaslê, word deur John Hurt gespeel.

Van Heerden raak betrokke by Nhadiep - vertolk deur die Suid-Afrikaanse akteur Leslie Fong - se verknorsing en ontmoet sy vyande, mense soos Henning (Marius Weyers) en sersant Platvoet (Eric Nobbs).

"Ons het probeer om die legende in stand te hou. Ons het die plaas waar Nhadiep gebore is en grootgeword het, vir sekere tonele



John Hurt



Marius Weyers

gebruik. Dit is 'n fiktiewe storie, gegrond op 'n ware insident.

"Nhadiep het nooit 'n witmens vermoor nie, net Nama's. Niemand kon ooit vasstel waarom hy dit gedoen het nie. Ons het aangeneem dit was die frustrasies van die koloniale bestel wat hom daartoe gedryf het," sê Michael Games. Dit is Games se eerste prent as vervaardiger.

Die prent sal versprei word deur die Britse maatskappy Virgin.

## Wêreld deur Slovo-oë

Shawn Slovo se prent, A World Apart, word enkele kere in Kaapstad, Johannesburg en Durban vertoon. Slovo het met VryDag gepraat oor haar ouers, Ruth First en Joe Slovo, die kulturele boikot en haar ma se dood deur 'n briefbom - 5

Avontuur op die wit water - 9

ATKV kampus-toneel: geraamtes uit die verlede - 3

Leipoldt oor Louis Botha se oskop - 8

Barney Simon se blik op manlike prostitute - 7

## Hoffman se Rainman wen 'n Goue Beer in Berlyn - 5



## Pot-Pourri: Program, gids en resensies - 6 en 7

**THE GOLDEN AGE OF SWING - VERSKEIE KUNSTENAARS (TEAL RECORDS) (10)**

Toe ek na hierdie plaat luister het ek aan die verskil tussen wyngommetjies en wyn gedink.

So 'n paar jaar gelede is ons met die Hooked On-monstrositeite gestraf. Daar was selfs 'n Hooked on Swing.

Dit het my aan wyngommetjies laat dink. Dit proe effens so, maar dit is nog steeds ver van die ware jakob af.

Nou het die wyn verskyn: Die beste kultivar uit die beste oesjaar gemaak deur die oorspronklike kunstenaars.

Glenn Miller, Louis Armstrong, Benny Goodman, Duke Ellington, Count Basie, Ella Fitzgerald en talle ander meesters se oorspronklike treffers verskyn op hierdie dubbellangspeler.

Dit is musiek wat jy kan proe en weet, dít is die ware jakob.

# Slaan jou tande in The Raw and The Cooked

## HAAKVAS!

**Plateresensies deur Charles Leonard**
**(op 'n skaal van een tot tien)**



Fine Young Cannibals sit koppe bymekaar.

**THE RAW AND THE COOKED - FINE YOUNG CANNIBALS (TEAL RECORDS) (7)**

Die drie kannibale maak soet soul en dansbare disko-musiek.

Die eerste soort is die rou bestanddele en laasgenoemde die gekooktes. Soos Vrye Weekblad se koskenner, Koos Coetzee, oor groente voel, voel ek oor Fine Young Cannibals se kraaknuwe langspeler. Koos verkies sy groente eerder te rou as te gaar (VW 23/3/89).

Die beter snitte op hierdie plaat is die soulnommers. Op I'm Not the Man I Used To Be, As Hard As It Is en Tell Me What bewys hoekom Ronald Gift een van die opwindendste stemme op die poptoneel is.

Die dansnommers is nie afstootlik nie. Al is jy nie 'n diskojoller nie, maak dié snitte nog steeds jou skarniere los. Die beste van die lot is Don't Look Back waarop Andy Cox 'n witwarm Mellencamp-ghitaar speel. Goeie pop is 'n groot kuns en hier vervolmaak FYC dit.

Verdere plesiertjies is She Drives Me Crazy en die Buzzcocks se Ever Fallen In Love.

Gift, Cox en klawerbordspeler David Steele se The Raw and the Cooked het die regte bestanddele om 'n reusetreffer te word. Ek kan dit verstaan. Slaan jou tande daarin. Veral die rou dele is 'n gastronomiese heerlikheid.


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB
Vry & Sat — D-FUSION
Dins, Woens & Don — JAHNITO
Tel: 836-6002/838-1769


**UNDER THE COVERS: OTHER PEOPLE SING OTHER PEOPLES' SONGS - VERSKEIE KUNSTENAARS (WEA IMPORT) (9)**

Stel jou voor: Echo and the Bunnymen wat The Doors se People Are Strange doen, of Aztec Camera wat Van Halen se Jump sing, of The Jesus and Mary Chain wat die Beach Boys se Surfin' USA speel.

Dit klink miskien heel absurd, maar dit het rêrig gebeur. Soos die sub-titel aandui is Under the Covers 'n samestelling van "cover versions".

Echo and the Bunnymen speel saam met The Doors se klawerbordspeler, Ray Manzarek, 'n baie eerbiedige weergawe van dié Doors "classic".

Dieselfde kan nie van die Chain se weergawe van die branderplanktreffer gesê word nie. Op tipiese Chain-wyse, met feedback-ghitare en toegedrukte neusvokale, doen die Glasgowiane 'n vars tong-innie-kies Surfin' USA. Dis pure plesier.

Roddy Frame en sy groep Aztec Camera doen 'n amper onherkenbaar akoestiese Jump, maar eindig hoog in die lug met 'n psigedeliese ghitaarsolo.

Ander interessante snitte is Strawberry Switchblade se Jolene, oorspronklik van die vrou met die groot treffers, Dolly Parton; die Pretenders met The Small Faces se 1965-treffer Watcha Gonna Do About It; We've Got A Fuzz Box and We're Gonna Use It met die treffer Spirit in the Sky, wat deur Norman Greenbaum bekend gemaak is; en die Skotte, The Associates, wat Diana Ross se Love Hangover nuwe lewe gee.

Hierdie plaat kan nie langer bedek bly nie. Koop dit voor dit in 'n skandaal ontaard.


SHIFTY RECORDS & VRYE WEEKBLAD

bied aan

VOËLVRY

met

BERNOLDUS NIEMAND
& die swart gevaar
ANDRE LETOIT
GEREFORMEERDE BLUES BAND





Shifty Records/ Vrye Weekblad Voëlvry toer

Toerdatums

Vandag Vrydag 7 April - Wits Studente Unie - 9nm. Woensdag 12 April - RAU - D-lab - 8nm. Donderdag 13 April - Vaaldriehoek Technikon - Gimsaal - 8nm. Vrydag 14 April - Tuks - Maskerteater - 9nm. Saterdag 15 April - Tuks - Maskerteater - 9nm. Donderdag 20 April - Potchefstroom - Hotel Elgro - 8nm. Vrydag 21 April - Bethlehem - Voortrekker Hoërskool Saal - 8nm. Saterdag 22 April - Welkom - Heavenly Bodies Gymnasium - 8nm. Vrydag 28 April - Bloemfontein - Frans Cronjé Saal - skougronde - 9nm. Saterdag 29 April - Kroonstad - Alan Rautenbach Saal - 8nm. Woensdag 10 Mei - Universiteit van Wes-Kaap - Main Hall - 9nm. Vrydag 12 Mei - Universiteit van Stellenbosch - Die Gat - 9nm. Saterdag 13 Mei - 3 Arts Theatre - Plumstead, Kaapstad - 9nm. Woensdag 17 Mei - George Stadsaal - 9nm. Vrydag 19 Mei - Port Elizabeth - The Feather Market Hall - 9nm. Saterdag 20 Mei - Grahamstown - Stadsaal - 9nm. Vrydag 26 Mei - Durban - Methodiste Kerksaal - 9nm. Saterdag 27 Mei - Pietermaritzburg University - Students Union Hall - 9nm. Vrydag 2 Junie - Windhoek - Windhoek Teater - 9nm. Saterdag 3 Junie - Windhoek - Windhoek Teater - 9nm.

Toegang - R8. T-hemde, plakkers, plate en lapelwapens sal by die deur verkoop word.

# Geraamtes van die verlede

## Fanie Olivier skryf oor die ATKV-kampustoneel

DIS nie net op die politieke front waar Namibia toon aangee nie. Vanjaar se ATKV-kampustoneel se grootste wins het ook van oorkant die grens gekom met die Universiteit van Namibia se Skeleton.

Dit was 'n stuk teater wat geborrel het van lewe binne 'n redelike droë program. In 'n vermenging van allerlei tradisies het skrywer Dorian Haarhoff en regisseur Gerrit Schoonhoven vir die "geleerde" studente van die vyf Suid-Afrikaanse universiteite wat kom deelneem het, gewys hoe lyk 'n teater vir die nuwe Suid-Afrika.

Sonder respekte vir heilige koeie het hierdie nuwe bure van ons die geskiedenis van hul land uitgespeel en uitgesing en gewys op die uitbuiting en verwoesting van die begin af. Moraliserend maar nooit prekerig nie. En met 'n produksie wat die tale van die land laat klink het.

Anderkant die geraamtes van die verlede het Skeleton gewys hoe soet en ryk die toekoms lyk.

Die geraamtes van die verlede: dit is miskien die beste samevatting van die tematiese onderbou van Kampustoneel '89. Naas die mense van Namibia was dit die Ikeys wat aangegryp het met Murg, die debuutdrama van 'n jong Kapenaar Kobus Geldenhuys.

In hierdie drama word daar binne die kader van die tradisionele teater gekyk na die sondes van die vaders. Letterlik. Die jong Linda ontdek met 'n skok dat haar "orige" woonstelmaat, Beverley, eintlik die buite-egtelike (in al sy ontugtige Suid-Afrikaanse betekenis) dogter is van die Oupa wat sy so bewonder het, die enigste persoon wat werklik vir haar lewe betekenisvol was.

"Moenie jou murg afsteek nie," is die refrein in hierdie drama, maar die boodskap bly staan dat ons dit eintlik reeds gedoen het.

Hierdie twee stukke was die enigste direkte politieke teater by Kampus. En tog het 'n mens die gevoel gekry dat die verwerping van die verlede in dinge soos Stellenbosch se Hier Begin Ons en selfs Ada van Tukkies binne 'n groot metafoor geskryf is: daar is uit die verlede maar min te neem om die toekoms op te hierdie bou!

Die verhoudings tussen die karakters, geskets teen die agtergrond van 'n leë kapitalisme, verloop almal in steriele uiteindes en vernietiging. In die eerste drama kan 'n hele aantal karakters se lewe uitloop op die selfmoord waarmee die stuk begin; in die tweede (deur Louw Odendaal) is al wraak wat die kind op haar moeder kan neem om haar fisiek te skend.

Binne hierdie ondersoek van verlede-hede staan Abri le Roux se Balkon vir Twee as ligte ontspanning. Op die vooraand van hul agste huweliksherdenking verken 'n skerpbekkige egpaar hulle verhouding oor die jare, met 'n soort swart komiese besef dat die skip nooit gaan kom nie.

Maar alles in die verlede is darem nie so sleg nie, protesteer Anlen Marais in haar Waenhuiskrans-stuk Witakker se Laaste Trippie. Twee oumense vir wie die dood nader kom (die visser Voëltjies se oorlede ma verskyn een nag in die buite-toilet vir "nie-blankes"), ontdek rondom die dood van die gemeenskaplike Ingelsmanvriend en die verkoop van die visserskuit "Sweet Caroline" hulle werklike verknogtheid aan mekaar.

Dis 'n stuk met aangrypende moontlikhede, met 'n "haunting, whistful quality" het iemand dit omskryf, en met dialoog wat die Kaapse kus laat lewe.

Maar wat die sterkste uit hierdie drama gekom het, is dat daar tog iewers, êrens mooi dinge was in ons verlede, ten spyte van die aparte toilette wat soos sere op die verhoog bly staan.

Op die oomblik, egter, is dit net die mense van Namibia wat glo dat daar water in ons dorstige deel van die wêreld gaan kom.



## Bring tamaties saam!

Paul Savage soos hy verskyn in Pieter-Dirk Uys se Just Like Home (tot Saterdag by die Markteater). Hy speel ook saam met Sean Higgs, Lesley Rochat en Liam Cundill in die tuisgemaakte Schitz-are-free-in-here. Dié snaakse stuk is nog net vanaand en Sondag-aand 10.30 in die Black Sun. Anti-teater.



## Jaar van die buffel

VIR al die laatslapers het die Natuurlewevereniging 'n almanak wat van Maart 1989 tot einde Februarie 1990 strek.

Kleurfoto's van 'n buffel en 'n witwanguil verskyn op die dubbelbladsy-almanak. Dit kos R5 (saam met belasting en posgeld) en kan bestel word by die Natuurlewe-vereniging, Posbus 44344, Linden, 2104.

Van 20 tot 22 April bied die vereniging in samewerking met OOGSA (die omgewingsopvoedingsgenootskap) 'n werkswinkel aan vir mense wat by omgewingsonderrig betrokke is.

Die gasspreker is dr David Uzzel van die universiteit van Surrey. Hy sal praat oor die teorie van omgewings-interpretasie en praktiese betrokkenheid by vertolkende ondervindings.

Dit kos R60 per persoon en vind plaas by die Natuurbewaringsentrum in Deltapark, Johannesburg.

Kontak Linda Paxton by 782-1934/1531 of Frances Gamble by 640-4394, albei in Johannesburg.

## Sewe jaar se poppe



**DIE Handspring Puppet Company stal die poppe wat hulle tussen 1981 en 1988 geskep het, in die Markgalery uit. Die uitstalling (van 16 April tot 13 Mei) val saam met die multi-media produksie van Shakespeare se A Midsummer Night's Dream in die Markteater. Die poppe word in die komedie gebruik. Op die foto verskyn Basil Jones en Adrian Kohler by hulle handewerk.**


Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns.

Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak

ZONA

Grantlaan 64 Norwood Tel: 728-4154



KIM SACKS-GALERY EN HANDWERK-SKOOL

Kim Sacks-Galery
Hk Cavendish- & Frances-straat
Bellevue, Johannesburg
Telefoon 648 6107/9204

BREEK WEG UIT DIE GRYS STAD ... KOM SAAM OP 'N GROOT AVONTUUR



Kom roei op die bruisende Vaalrivier met SONWA VENTURES PRO RAFTING TOURS

Vul die vorm in om ons pragtige volkleur brosjure te ontvang:
Naam: ..........
Adres: ..........
..........
Telefoon: .......... Poskode: ..........
Of skakel (011) 726-7251/2

# Vuurperdewa na die belofteland Azania

DIE lojaliteite van die predikant-digter Patrick Petersen het van die begin af uit sy debuutbundel Amandla Ngawethu! duidelik gelyk: 'n kompromislose toewyding aan die stryd om bevryding.

As deel hiervan was hy ook verantwoordelik vir die oprigting van die onafhanklike swart Kaapse uitgewery, Prog. Hier het sy tweede bundel dan ook verskyn: Advent.



Patrick J Petersen

Die naam verwys binne die Christelike tradisie na die koms of aankoms van Christus, maar word binne die bundel 'n veel ruimer aankoms: die aankoms van bevryding. Die eerste strofe van die titelgedig (uit die laaste van sewe afdelings) spel dit ondubbelsinnig uit:

### Bloedkreet

Die muur wind moet val./ Die reënboog moet nou kom. / Die heilhoring nou blaas./ Die orkes moet kom speel kom/ dans bly dag langarm vrye stond./ Kom/ kom/ hulle gehoringde manne./ Lusaka vlug so en so.

En die slotgedig van die bundel is inderdaad wat dit wil wees: "'n bloedkreet uit die aarde" (Gedig word hiernaas afgedruk.)

Die 69 gedigte in die bundel word deur motto's by die afdelings en die name in gedigte vierkant in die bevrydingstryd geplaas.

Die soort Afrikaans wat hier geskryf word, sê dit ook: dit is geen AB-Afrikaans nie, maar die taal van die mense van die stryd. Dis 'n teruggryp na die ou slagkreet "Ons skryf soos ons praat" en vir die oningewydes word daar aan die einde van die bundel ook 'n kort lys woordverklarings gegee.

Die eerste afdeling van Advent is tekeninge van die bestaande orde en van diegene wat dit wil bestendig. Die tweede teken mense aan die ander kant, die "Soldate van die tweede revolusie".

### Gesprek

Dit is portrette van die vrou in die stryd en herroep die gebeure van dertig, veertig jaar gelede. Hierdie gedigte staan in die teken van die dringende herskrywing van ons geskiedenis waarin nuwe name aan ons opgedring word en bekendes weer bygeroep word.

Opvallend in talle van hierdie gedigte (veral in die derde afdeling) is die wyse waarop die digter 'n gesprek met die "gevestigde" Afrikaanse kultuur aanknoop. Dit doen hy deur verwysing na Afrikaanse gedigte, liedjies en meer volkse dinge.

Hier leer ken ons Afrikaans dan waarlik as taal van die bevryding in die breë volksmond, o.a. in die nou reeds bekende liedjie "Cosatu": Klim op die wa/ Klim op Cosatu se wa/ Almal wat die werkers liefhet/ Klim op Cosatu se wa.// Dis 'n vuurperdewa/ Dit is ek voor op die wa/ heen na die melk en heuning/ Na die belofteland Azania.

Van hier af word die toon steeds bitterder. Die afdeling "Ons ervaring kan geen mag ter wêreld ons ontneem" is 'n voorstelling van 'n klompie gebeure waarin die belewing van apartheid ("die uitgediende droom") sentraal staan.

Die afdeling met hierdie naam bevat 'n ontstellende tiental gedigte. Van meelewing en vergifnis is daar inderdaad nie sprake nie, en die volkome afwesigheid van die Christelike spreek uit die gedig "Ha ha red jouself".

### Vrye Afrikaans

Hierin word die bespotting van Christus omgekeer en stel die spreker dit duidelik dat die geskruisigde apartheid geen kans op redding het nie. Of hierdie soort dekonstruksie van die beeld egter werk, is vir my nie seker nie.

Vir diegene wat die "tradisionel" maatstawe vir poësie voorlê, sal Advent vreemd op die tong kom sit. Die vloeiende versmaat, die suiwer en enkel woord, die deurgevoerde metafoor en geïntegreerde beeldspraak ontbreek in baie gedigte.

Maar die aandring op sulke kriteria sal binne die idioom van die bundel juis weer 'n beslag lê wees op die soeke na vryheid.

Advent sal nie almal rustig laat slaap nie, maar vir diegene wat omgee vir 'n vrye Afrikaans is dit een van die belangrikste bundels van die afgelope paar jaar.

boeke blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

Daar kom 'n bloedkreet uit die aarde op:
ONS IS DIE TOEKOMS!
BRING AZANIA NA HAAR MA TERUG!
'n Ma wat aanmekaar harde brood knaag
met kinders wat pyn van blare in die maag
eis een ding
:vernietig die reptiele;
skiet hulle soos honde;
hou 'n bloedparade.
Hulle wat ons wou doodmaak,
het ons voorwaarts marsjeergemaak.
ONS IS DIE VUURHOUTJIES VAN MANDELA WAT BRAND
DIE LEM VAN DIE SPIES VAN DIE VOLK
DIE DROOM VAN ROBERT MANGALISO SOBUKWE
DIE PUNTE KOMMA'S WOORDE SINNE BOEKE VAN
BESSIE HEAD OSWALD MTSHALI MONGANE SEROTE
SIPHO SEPAMLA NADINE GORDIMER ADAM SMALL
O bid vir ons bid vir ons
dat ons die waarheid as voertuig sal hê;
dat ons moed ons nie sal vergewe nie;
al staan tienduisend caspers aan ons regterkant
en tienduisend blou duiwels aan ons linkerkant;
ons nie kleinkoppie sal kry nie;
dat ons met God oor 'n muur sal spring
en so ons kettings sal verloor;
dat die kollaborateurs min sal wees
en ons pad na vryheid skoon.
SO BRING ONS AZANIA NA HAAR MA TERUG
want hoekom ons is die toekoms
agter die streep aan die horison
wat die heuwels rooi kleur

**- Patrick J Petersen**

**Die werk van twee digters wat - weens hul rasse-klassifikasie - 'n wêreld deel, word bespreek deur FANIE OLIVIER. Die predikant Patrick Petersen skryf strydpoësie, terwyl die onderwyser CJ Hollenbach dig in die tradisie van die Dertigers. Albei digters, wat ook saam gepubliseer het in die bundel Aankoms uit die Skemer van die swart uitgewery Prog, vind op 'n besondere manier aanknoping by "gevestigde" Afrikaans. (Prog se adres is Posbus 72, St Helenabaai 7390. Pryse nie vermeld nie.)**

# Bedeesde stem bly spook



CJ Hollenbach

CJ HOLLENBACH se gedigte is ongekompliseerde verse wat die tradisie weerspieël waarbinne hy skryf: dis die Dertigers en die werk van PJ Philander en SV Petersen.

Die onerkende, treffende tekening op die voorblad vang die atmosfeer van hierdie dertig gedigte goed vas: die arbeider binne 'n grou milieu, op die voorgrond uitdagend, maar agter kop-onderstebo.

Hoewel die bundel in vyf afdelings verdeel word, kry ons dit nie in die tipografiese versorging van die bundel nie. Daar is, terloops, 'n bepaalde slordigheid in hierdie bundel: set-, taal- en spelfoute wat darem reggesien moes geword het.

Die eerste afdeling met sy agt gedigte is 'n voorstelling van die onvergenoegdheid van die bestaan, van die menslike toestand. Tekenend hiervan is die kwatryn "Narre" uit die siklus "Sirkus": In die grote ring wat aarde heet/ speel ons die harlekyn maar weet/ agter elke spot en lag/ skuil daar gryser vreugde... gryser leed Dis verse oor maatskaplike euwels soos dronkenskap en oor die ouderdom en aftakeling.

Die tweede afdeling is voorstellings van die arbeiders. Uit hierdie gedigte blyk daar geen teken van die vreugde van die arbeid nie en in feitlik almal staan armoede en die werk om den brode sentraal.

### Ongeregtigheid

In hierdie opsig is die gedigte allermins gestaltes van gister, maar staan dit vierkant in die voorstelling van die maatskaplike ongeregtigheid waardeur mense verdoem word tot 'n sukkelbestaan. Dis "Kleinboere" wat kom eet: Soutlose mieliepap, die ete wat/ lewensmoë hande, tam en flou, berei en voortsit sodat 'n blinknat man sy hande samevou.

Aan die einde van hierdie afdeling vra die spreker in "God se weë": Wie moet vir wie hier dien? Wie het dié bitter ingeskink?

Hierdie vraag staan in die tekening van die vertwyfeling in die geloof en die kort middelste afdeling is 'n drietal gedigte rondom God se verhouding met die wêreld. Dit titels gee die verloop: eers "Vertwyfeling", daarna "Verward" en dan die "Versekering".

Die vierde afdeling sluit dan direk hierby aan met sewe godsdienstige verse rondom Bybelfigure. Hierdie gedigte staan binne 'n eenvoudige en diep godsdiensbelewing en sluit ook aan by die ouer Afrikaanse poësie.

Hiervan is Hollenbach se "Maria" seker die duidelikste voorbeeld en vind mens amper onverwerkte formulerings van WEG Louw en Elisabeth Eybers.

Tog bewys hy in 'n kwatryn soos "Bartimeus" dat hy selfstandig kan sê: Nagte lank het ek verward gemik/ om na U weë my te skik/ ...en toe oorstelp U aangegryp,/ toe U die lig die netvlies prik.

Hoewel die toonaard van die bundel deurgaans gedrae en verdraagsaam gebly het sodat die woede eintlik nie sigbaar word nie, eindig Gister se Gestaltes met 'n waarskuwing. In die slotgedig "Vryheid van spraak", laat die bedeesde digterstem duidelik blyk dat hy die frustrasies van 'n verdrukte gemeenskap ken. Wet en orde mag dink dat hy alles onder beheer het, maar al wat eintlik gebeur is dat uitbarstings "tot 'n tydbom in/ dun sakkies krop gevat" word.

Gister se Gestaltes is nie groot poësie nie, en ook nie gedigte wat die hartstogtelike stryders sal aangryp nie. Soms is die segging lomp, met hinderlike taalfoute, en by tye is die retorika duidelik verouderd.

Tog het die bundel 'n bietjie by my bly spook: waarskynlik omdat dit so eg klink in 'n tydperk waar te veel poësie een of ander mode najaag, ook dié van verset.

# Kunswoordeboek vul gaping

**Ryk Hattingh**

DAAR is 'n ernstige tekort aan omvattende en op datum kunshistoriese dokumentasie in die Suid-Afrikaanse kunswêreld. The Dictionary of South African Painters and Sculptors, wat uitgegee word deur Everard Read (1988) probeer daardie gaping vul.

Die ensiklopedie, wat saamgestel is deur Grania Ogilvie ('n Skotse kunshistorikus wat sedert 1982 in Suid-Afrika woon) en Carol Graff, bevat alfabetiese inligting oor meer as 1 800 Suid-Afrikaanse en Namibiese skilders, beeldhouers en grafiese kunstenaars.

Soos dit 'n woordeboek betaam, word gestrewe na objektiwiteit in die seleksie en beskrywing van kunstenaars. Twee dinge help baie om die boek te laat slaag: die lys van kriteria vir insluiting wat voor in die boek gegee word, en die biografiese - eerder as vertolkende - aard van die inligting oor die kunstenaars.

Daar is 84 kleur-reproduksies van 'n hoë gehalte, 'n bibliografie en 'n adreslys vir verdere verwysing. 'n Aanwins teen R95 (plus belasting).



Azaria Mbatha se linosnee: Reconciliation, 1968




'n Goeie boek is die enigste sleutel wat die deur van vrye gedagte oophou.

Cranfords Boekwinkel.

*"Ons vind wat u soek"*

Langstraat 257 - 261 ••• Kaapstad ••• Tel: 244970

# Slovo: 'As my ma nog geleef het'

**Shawn Slovo het onlangs die prys vir die Beste Draaiboek in die Britse Rolpprenttoekennings vir "A World Apart" gewen. Verlede jaar het die drie hoofspelers - Barbara Hershey, Jodhi May en Linda Mvusi - Cannes se prys vir Beste Aktrise gedeel. Die regisseur, Chris Menses, is met die Spesiale Jurie-prys bekroon. "A World Apart" is deel van die Standard Bank Internasionale Rolprentfees en word twee keer elk in Johannesburg, Kaapstad en Durban vertoon. ANDREA VINASSA het met die draaiboekskrywer gepraat**

"AS my ma nog geleef het, sou ek nie dié soort draaiboek geskryf het nie," sê Shawn Slovo, draaiboekskrywer en dogter van Joe Slovo, die algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Slovo lyk meer na haar pa as na haar ma, Ruth First, wat in 1982 in 'n briefbom-ontploffing by die Eduardo Mondlane Universiteit in Maputo dood is.

'n Jaar gelede het ek op 'n skoon strand in die suide van Frankryk met Slovo gesels. Sy was kil en professioneel in haar houding teenoor 'n lid van die Suid-Afrikaanse pers.

Hoewel sy toe heeltemaal oortuig was dat die sensors haar prent nie in Suid-Afrika sou toelaat nie, kon ek sien sy wou graag, soos alle bannelinge, kommunikeer met die mense wat sy 'n kwarteeu laas gesien het.

Dat die dodelike brief nie aan haar ma geadresseer was nie, en dus nie vir haar bedoel was nie, gaan haar nie aan nie. Die briefbom was gerig aan Professor Aquino de Braganca, die direkteur van die Sentrum vir Afrikastudies, volgens 'n verklaring wat hy in 1982 in die Portugese weekblad Expresso gemaak het.

De Braganca het aan Expresso gesê dat hy "bewus geraak het van iets abnormaals toe hy die koevert oopgemaak het. "Ek het dit op die lessenaar laat val, naby Ruth First, wat op slag dood is." De Braganca, een van Samora Machel se adviseurs, was saam met hom op die vliegtuig wat in 1986 geval het.

## Versoening

Wat vir Slovo belangrik is, is dat Ruth First deur "die agente van die Suid-Afrikaanse regering" om die lewe gebring is in 'n tyd toe ma en dogter besig was met 'n tentatiewe versoening.

Nog die sensasionele besonderhede van haar ma se dood, nog die dramatiese omstandighede van haar pa se ontvlugting is die tema van Slovo se prent. Die politieke klimaat van die jare sestig is die agtergrond vir die verhaal van die "intense en onstuimige verhouding" tussen Slovo en haar ma.

First was die eerste Suid-Afrikaner wat onder die 90-dae sonder verhoor-wet aangehou is. Sy het 117 dae in 'n gevangenis deurgebring. Slovo is toe reeds die land uit en die egpaar se drie kinders het "weeskinders van die struggle" geword.

Sentraal aan die prent is Slovo se gegriefdheid dat haar ma haar geen aandag gegee het nie, haar begrip vir die politiek onderskat het en haar probeer beskerm het. Terwyl First haar in die struggle verdiep het, het Slovo 'n politieke bewustheid van haar eie ontwikkel en politieke saamtrekke saam met hul huisbediende bygewoon.

"In die laaste jare voor haar dood het ons eers regtig begin praat. Die gevoelens was daar en sy was nie en daarom het ek die draaiboek toe begin skryf. Dit is 'n drama, nie 'n dokumentêre prent nie. Dit is nie 'n prent oor my ouers nie. Dit is 'n prent oor 'n dertienjarige meisie en haar verhouding met haar ma.

"Ons het nooit eintlik politieke gesprekke gehad nie. My ouers het probeer om ons te beskerm van hulle politiek. Ek ken die kinders van aktiviste wat teen hul ouers gerebelleer het, maar ek het nie en my susters het nie."

Ondanks die kulturele boikot het Slovo besluit om toe te laat dat haar prent hier vertoon word. Slovo is 'n sterk aanhanger van die boikot, tog kon sy nie die teenstrydighede raaksien in haar besluit om die prent hier te laat vertoon nie.

"Die kulturele boikot is nie 'n oorkoepelende ding nie," het sy destyds gesê, "maar as jy die vryheidstryd daar steun, ondersteun jy die ANC wat die verteenwoordigers van die mense daar is. Dit is net een van die dinge waarna jy moet luister.

"Ek meen Paul Simon en die hele Gracelands-affêre het baie verwarring veroorsaak en ek dink hy het dit met soveel arrogansie en onkunde gehanteer dat dit op die ou einde baie skade gedoen het."

Oor Richard Attenborough se prent Cry Freedom het Slovo ook 'n paar woorde te sê: "dit het nie as drama gewerk nie, maar by baie mense wat niks geweet het van Suid-Afrika nie, het dit 'n goeie propaganda-doel gedien. Dit het die lidmaatskap van die Anti-Apartheid beweging in Engeland met dertig persent laat styg."

Slovo werk al tien jaar in die rolprentbedryf en wil graag nog prente oor Suid-Afrika skryf:

"Daar is nog die swart verhaal om te vertel. Ek hoop om terug te gaan. Maar ek dink nie (die regering) sou my toelaat om die land binne te gaan nie, veral nie met my van nie. Ek is Joe Slovo se dogter."



Barbara Hershey (as Diana Roth) in aanhouding, in Shawn Slovo se prent A World Apart

# Digters se bose somer

**Haunted Summer (VSA 1988). Regie: Ivan Passer. Met Alice Krige, Phillip Anglim en Laura Dern. By die Johannesburgse Filmfees - 7 Arts. Resensie deur CHRIS DU PLESSIS**

PASSER beeld met Haunted Summer dieselfde tema uit as Ken Russel se "Gothic" en Suarez se "Rowing to the Wind": 'n Somer van self-ontdekking aan die oewers van die Geneefse meer met die digters Shelley en Byron, Shelley se vrou Mary (Alice Krige) en haar suster Claire (Dern).

Die vier (en Byron se persoonlike "kneg") se wedervaringe word met tye visueel oor-poëties uitgebeeld maar dit breek nie af aan die spanning wat veroorsaak word deur die groepie se uitdaging van die bose nie.

Anglim, in die rol van Byron, kom voor as 'n Romantieke Jim Morrison wat, soos die "Great Lizard" self, die inherente boosheid in homself en ander ontgun. Shelley is die antitese van die gebreklike, gefolterde Byron. Hy is 'n hedendaagse Ariel wat glo die mens word goed gebore en boos gemaak. Mary se suster wat eers Byron se grootste "groupie" (intelektueel en seksueel) is, word die ergste slagoffer van Byron se swartgalligheid wanneer sy verwagtend raak en deur die digter gedwing word om te kies tussen die Byron-naam en die kind.

Die hele "vakansie" word gevier in 'n wolk van opium en seksuele aggressie. Byron lei die groep na 'n grot in 'n poging om Shelley se teorie van inherente goedheid verkeerd te bewys. Hy "truuk" 'n bedwelmde Shelley om die donker kant van sy vrou Mary te sien.

Shelley en sy positiwiteit bons egter terug. Selfs sy toestemming dat Mary fisies uiting gee aan haar fassinering met Byron, doen die ongelooflike rapport tussen die twee geen skade aan nie. Aan die einde van die fliek, soos in alle tradisionele feëverhale, seëvier goed oor kwaad... (In werklikheid is Shelley en Mary later van mekaar vervreem nadat sy die oorspronklike klassieke verhaal Frankenstein - moontlik met Byron in gedagte - uit haar agterkop opgediep het. Byron en Shelley is altwee op 29 jaar - 'n paar jaar na dié Somer oorlede).

# Vrolike revolusie

**Manifesto (Joego-Slawië 1988) by die filmfees in Johannesburg (7 Arts) en in Kaapstad (Labia). Resensie deur VICTOR MUNNIK**



Camilla Soeberg speel die rol van die mooie Svetlana, rewolusionêre heldin

DUSAN MAKEJEV, die Joego-Slaafse regisseur van Montenegro, het in Manifesto 'n baie vrolike prent gemaak oor revolusie en roomys.

Die arme Joego-Slawe was nog amper altyd deel van die een of ander empire. Geen wonder nie dat hulle ná járre se onderdrukking en revolusionêre aktiwiteite, dinge met 'n stewige knypie humor vat. So ook in die film.

Wanneer die nuwe koning, 'n regte aap, 'n klein dorpie kom besoek, is dit die revolusionêre se kans om iets ('n koeël) in sy kop te probeer kry.

Die polisiemanne is 'n klomp innemende bobbejane, onder aanvoering van 'n geslepe veiligheidspolisieman wat vreeslik van kinders hou, veral van die roomys-verkoopstertjie, 'n arme wesie.

Die revolusionêre heldin, bedeel met 'n boesem wat dikwels te siene is, en met 'n vleeslike aptyt wat die plot vinnig laat vorder, stry ook 'n ander stryd: teen Oos-Europese machismo.

Die prent is 'n moet vir almal wat te ernstig struggle. Die erotiese sy van die revolusie word baie bekoorlik uitgebeeld, en tussen die grappies deur word kommentaar gelewer op marteling in aanhouding, fascisme en die oorwinning van die mooi in die lewe oor die lelike.

Een waarskuwing: in die rolprent sien 'n mens 'n vlak van organiese struggle waarvan wit radicals hier nog net kan droom.

Maar gaan kyk, en gaan geniet ook die sorg waarmee die prent gemaak is. Hoe op aarde kom dit uit die Cannon-stal?

# Goue Beer vir die reënman

**Peter Bonsen**

BERLYN. - Die Berlynse filmfees is vanjaar oorheers deur Amerikaanse prente. Drie van die vier Amerikaanse inskrywings het toekennings verower.

Accused, met Jodie Foster, het dit nie reggekry nie, maar Gene Hackman het weggestap met 'n Silwer Beer vir sy vertolking van 'n FBI-agent in Mississippi Burning. Eric Bogosian het een verower vir sy draaiboek en spel in Oliver Stone se Talk Radio. Barry Levinson se Rain Man het die Goue Beer gewen.

Dié prent - met Tom Cruise en Dustin Hoffman - is vir agt Oscars genomineer. En Hoffman het 'n spesiale prys geken vir sy rol as die outistiese "reënman".

Tradisionele rolprentvermaak, ryk dekor en kostuums en goeie spel was die dinge wat getel het by die fees. Maar die ander films het ook heelwat gehad om te bied.

Dis nie meer nuus dat rekords op die Berlynse filmfees gebreek word nie. Meer as 3 500 geakkrediteerde gaste en meer as 1 700 joernaliste het vanjaar se fees bygewoon. Vier-en-twintig vollengte-prente en 15 kort films was die amptelike inskrywings wat meegeding het om die gesogte Silwer en Goue Beer-toekennings.

Prente met sosiale en politieke botone is in 'n eie afdeling vertoon. Terugskoue het ingesluit die Amerikaans-Duitse vervaardiger Erich Pommer, wat in 1966 dood is, en Europa in 1939. 'n Dosyn prente oor die Franse Revolusie is vertoon om die tweehonderdjarige herdenking van dié gebeurtenis te vier.

Sake van die dag en 'n kritiese houding was opvallend in die 55 prente wat by die Internasionale Jong Filmforum vertoon is, waar 'n paar juwele ontdek is wat deur die amptelike program geïgnoreer is. Onder hulle was Spur, wat Caligari se eerste prys ontvang het. Die prent van die Tunisiër Nejia Ben Mabrouk is 'n sensitiewe ondersoek na die rol van vrouens in Islamitiese gemeenskappe.

Dis egter onwaarskynlik dat hierdie prente gou weer gesien sal word. - DaD/AP

# Iets van alles by Pot-Pourri

## Drama

### THE CAR

'n Man is net 'n man as hy 'n sportmotor besit, glo die mense in die kantoor waar die vaalseun Norman werk. Hy kry 'n Alfa gekoop maar... Hierdie ondersoek na statussimbole en 'n man se beheptheid met 'n droom is geskryf deur Jonathan Barrett, geregisseer deur Michael Richard. Die spelers is James Borthwick, Graham Hopkins, Chris Wells, Denise Stock en Judy-Lee Vivier.

### DIE LAASTE SUPPER IN MARABASTAD

Dis oujaar. Die res van Marabastad se kleurlinggemeenskap is al in hul huise in Eersterust, oos van Pretoria. Maar Bobby Lewis - sonder vriende of gesin - eet 'n laaste supper en drink sy twaalf jaar oue whisky. Hy dink terug aan die vriendelike klein gemeenskappie wat nou tot niet is.
Geskryf en afgerig deur Robert Pierce, gespeel deur Anthony "Speedo" Wilson.

### MAN IN DIE BLOU MAAN

"Dis die absurde en tragiese verhaal van 'n man op soek na sy muse, maar sy dra soveel maskers dat hy haar miskien miskyk!" sê die programnotas van Ilse van Hemert en haar topspan se aanbieding. "Parades, danse en musiek, fotografie en speletjies" word gebruik om te sorg vir "vinnig opeenvolgende beelde en persepsies".
Musiek van Didi Kriel, lirieke van Pieter Brand, choreografie van André Odendaal.
Met Sandra Prinsloo, Marcel van Heerden, Michael McCabe, Jacqui Singer, Nomhle Nkonyeni, Ronel Kriel, Susan Danford, Hannes Muller, André Odendaal, Megan Choritz en Juliana Venter

### PW HAS STROKE, MANDELA HAS PARTY

Dié lekker titel is geïnspireer deur twee koerant-opskrifte wat langs mekaar verskyn het. Die stuk speel af in die chaos van 'n nuuskantoor van 'n koerant, oftewel die chaos van 'n subredakteur se gedagtes. 'n Revue wat homself sal update soos dinge in ons land gebeur.
Deur Garth van der Walt en Colin Williams.

### DIE CRAZER

Bekroonde toneelskrywer Charles Fourie beskryf sy stuk - oor die kaal keiser uit Andersen se sprokie se terugkeer nadat die kind hom "ontmasker" het - as 'n "spannende subconscious pop-video sprokie". Met Pieter Brand, Charles Fourie en 'n troebadoer.



Jah Rootsman dra Linton Kwesi Johnson se dub-poetry voor

### MY FATHER'S HOUSE

Dié stuk speel ná die revolusie af in 'n wit ghetto wat deur wagte gepatrolleer word. Die seun keer terug van diensplig na 'n verlamde vader en 'n swanger suster. Geskryf deur Ian Bruce (oud-Suid-Afrikaner wat in Amsterdam woon), met Tjaart Potgieter, Ilse van Hemert en André Odendaal onder spelleiding van Francois Swart..

### THE RIPPLES OF THE SECOND RISE

Michael McCabe se wetenskapsfiksieverhaal oor 'n ruimtevaarder wat medisyne na 'n verafgeleë planeet moet neem. Felicity, die rekenaar, raak op hom verlief. (As radiodrama deur die SAUK uitgesaai in 1988, maar sedertdien aangepas vir die verhoog.) Met Michael McCabe en Susan Danford, onder spelleiding van Peter Terry.

## Musiek

### COMPOSERS OFF CAMPUS

Komposisies vir stem deur komponiste Martin Scherzinger, Hendrik van Blerk, John Coulter, Carl van Wyk en Ivan Melman. Wits se kamerkoor tree op.

### STEAM DRIVEN SOUND '89

Blues, soul en folk wat nie op elektroniese musiekinstrumente gespeel word nie. Aangebied deur die Buskers Acoustic/Folk Music Club, wat laasjaar baie gewild was.

### GUNFIGHT AT CARNEGIE HALL

Colin Shamley se huldeblyk aan Phil Ochs, die sanger/musiekskrywer wat 'n groot invloed gehad het op Bob Dylan, Tom Paxton en andere.

### THREE NEW SONGS

Ilse Smith, matriekleerling van Helpmekaar, voer haar eie semi-klassieke komposisies uit. 'n Liefdeslied "Why", 'n vermaaklike "Rooi Volksie" en 'n toonsetting van Ingrid Jonker se "Die Kind".

## Dans

### BLOSSOMING

Jeanette Ginslov se uitdagende, absurde dansteater wys ons 'n nuwe wêreldbewustheid. Op musiek van Ralph Rabie, Linda Muller, William Nel en Martin Scherzinger.

### CUT THE CAKE

'n Feministiese ondersoek van mans en vrouens se selfbeelde deur die danser en choreograaf Yda Walt. Saam met Barry Burke, Michelle Constant, Dorothee Hartmann, Jane Ross, Irit Noble en Debra Watson.

### DANCING 'ROUND THE FIRE

Lulu Tsheola gee 'n oorsig oor die geskiedenis van dans in Afrika. Paul Ndlovu en Tsheola skep 'n Vollenweider-agtige klank met perkussie, fluit en stem, waarop Lydia Mdawo in kontemporêre styl dans.

### INGABISE - PRIDE OF THE NATION

Agt meisies tussen dertien en vyftien besing die liefde, die huwelik, hofmakery en feesviering, en kla oor hongersnood, swaarkry en die reën wat wegbly. Onder leiding van Aniki Mokoena.

### CAROL COETSEE'S JAZZPLUS

Op maat van onder andere Pink Floyd, David Foster, All that Jazz, bied Coetsee 'n "merkwaardige aand van jazz en kontemporêre dans" aan.

### THE SHATTERED VISAGE

Gesneuwelde helde en afgode in die popmusiekwêreld, in die politiek, en orals, word onder die loep geneem deur Merle Bracher, Julie Brash, Mariekie Oosthuizen, Dorothee Hartmann en Diane Southey.

### PANTSULA - DISCO TOWNSHIP JIVE

Ratse danse en vlugtige voetewerk van die Initiators Dance Group (ouderdomme van vyftien tot agtien) van Katlehong, onder leiding van Jacob Motjoi en John Mpotoane.

## Marionette, poësie, mimiek

### THE ALL-STAR MARIONETTES

Les Subkleve en Antoinette Snyman met 'n kort, nuwerwetse dog nostalgiese voorstelling van sterre soos Elvis Presley, Jimmy Durante, Barbara Streisand en Liberace asook 'n ONTKLEEDANS

### SUMMER WITH MONIKA

'n Versameling liefdesgedigte van die "Liverpool Poets", Adrian Henri, Roger McGough en Brian Patten, wat deel was van die "popdigters" van die jare sestig. Met Michael Richard, JAmes Borthwiok en Christopher Wells.

### I WROTE A LETTER TO MY LOVE...

Henk Vos, Mari van Niekerk en Chanel Marais lees briewe. Briewe aan die redakteur, aan die sielkundige en briewe wat teruggestuur word poskantoor toe. Met gedeeltes uit Alice Walker se Colour Purple en Jhan van Pletzen se Kleinjan-briewe.

### DUB POETRY

Die Rastafariese digter Jah Rootsman (Johnny Mash) bied die werk van Linton Kwesi Johnson aan. Ja, reggae vibes is koel.

### PIERROT

'n Mimiekstuk deur Marie-Anne Verhaeghe, onder spelleiding van Katia Coppola. Dit gaan oor 'n werklose aktrise wat om die wêreld reis.

### EN VIR DIE KINDERS VAN PRETORIA ...

Twee produksies kindertoneel word net in Pretoria aangebied. Natania van Heerden, wat die kinders verlede jaar so op hol gehad met Dries en die Dwarrelskat is aan die spits van **Avontuur deur Droomland**. Sy moedig hierdie keer die kinders aan om in te meng in bekende sprokies. Die spelers is Jan Steyn, Judy Jooste, Nana Stapelberg, Julian Munroe en Lani Lombard. **Hokus en Pokus**, ook vir kinders van drie tot tien, word aangebied deur twee narre - gespeel deur Sarina Dönges en Retha Kok - wat onderwerpe soos padveiligheid en musiekinstrumente aanraak.

## Kuns

**Meryl Sue Oppenheimer** plak selfgemaakte papier, vere, krale en kalligrafie om abstrakte werke en landskappe te skep



Jeanette Ginslov in Blossoming

**Gwyneth Long** stel vyf van haar ryklik versierede miniature in die Victoriaanse styl ten toon. Saam met haar is **Wendy Elliott** se miniatuur amper-ikone wat fyn en presies met goud en silwer versier is. (Net in Pretoria.)
**Thomas Motswai**, die ontvanger van 'n aantal belangrike toekennings, stal sy kleurvolle, figuratiewe pasteltekeninge uit. (Net in Johannesburg.)
**Dewaldt Seemise** stal tien skilderye op tradisionele stamtemas uit. (Net in Pretoria.)
**Donald Moshuoa** stal ses skilderye - olie op karton - uit saam met vier beeldhouwerke. (Net in Pretoria.)
**Philip Cloete** het 'n uitstalling saamgestel van werke van Otto Klar, Claerhout, Pearl Pols, Chris Tugwell, Büchner, Wessel Marais, Jeanette Dykman, Colin Wilkinson, Pierre de Villiers, Francois Badenhorst en Marie Vermeulen.

## Program vir Pot-Pourri

**Windybrow: Dalro**
**Vrydag 14 April**
6.30nm: The Ripples of the Second Rise
8.15nm: Sunday School for Rottweilers
10.00nm: Dub Poetry
**Saterdag 15 April**
6.30nm: PW has stroke, Mandela has Party!
8.15nm: Dub Poetry
10.00nm: Gunfight at Carnegie Hall
**Maandag 17 April**
8.15nm: My Father's House
**Dinsdag 18 April**
6.30nm: A Letter to My Love
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
**Woensdag 19 April**
8.15nm: My Father's House
**Donderdag 20 April**
6.30nm: A Letter to my Love
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
10nm: Canvas
**Vrydag 21 April**
6.30nm: My Father's House
8.15nm: Steam Driven Sound
**Saterdag 22 April**
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
10nm: Canvas
**Maandag 24 April**
6.30 Dub Poetry
8.15nm: PW has Stroke, Mandela has Party!
**Dinsdag 25 April**
6.30nm: Sunday School for Rottweilers
8.15nm: My Father's House
**Woensdag 26 April**
6.30nm: Dub Poetry
8.15nm: Sunday School for Rottweilers
**Donderdag 27 April**
8.15nm: PW has STroke, Mandela has Party!
**Vrydag 28 April**
6.30nm: The Ripples of the Second Rise
8.15nm: PW has Stroke, Mandela has Party!
**Saterdag 29 April**
6.30nm: Sunday School for Rottweilers
8.15nm: Canvas
10nm: Gunfight at Carnegie Hall

**Windybrow: Adcock-Ingram**
**Vrydag 14 April**
6.30nm: Ingabise Cultural Group
8.15nm: Blossoming
10.00nm: TRITS
**Saterdag 15 April**
6.30nm: Fragments
8.15nm: Man in die Blou Maan
**Maandag 17 April**
6.30nm: Pierrot
8.15nm: Die Crazer
**Dinsdag 18 April**
6.30nm: The Car
8.15nm: Fragments
**Woensdag 19 April**
6.30nm: Ingabise Cultural Group
8.15nm: Die Crazer
**Donderdag 20 April**
6.30nm: Pantsula-Disco Jive
8.15nm: The Car
**Vrydag 21 April**
6.30nm: Pierrot
8.15nm: Fragments
**Saterdag 22 April**
6.30nm: Die Crazer
8.15nm: The Car
**Maandag 24 April**
6.30nm: Ingabise Cultural Group
8.15nm: The Car
**Dinsdag 25 April**
6.30nm: Pantsula-Disco Jive
**Woensdag 26 April**
6.30nm: Man in die Blou Maan
8.15nm: Fragments
**Donderdag 27 April**
6.30nm: The Car
8.15nm: MrMrs
**Vrydag 28 April**
6.30nm: Blossoming
8.15nm: Man in die Blou Maan
**Saterdag 29 April**
6.30nm: MrMrs
8.15nm: The Car
10nm: Man in die Blou Maan

**In Windybrow se kroeg:**
**Dinsdag 18 April**
9.15nm: Summer with Monika
**Donderdag 20 April**
9.15nm: Summer with Monika
**Saterdag 22 April**
9.15nm: Summer with Monika

**Staatsteater: Studio**
**Vrydag 14 April**
8.15nm: My Father's House
**Saterdag 15 April**
8.15m: Die Laaste Supper in Marabastad
**Woensdag 19 April**
6.30nm: Sunday School for Rottweilers
8.15nm: The Ripples of the Second Rise
**Donderdag 20 April**
8.15nm: Composers off Campus
**Vrydag 21 April**
6.30nm: The Ripples of the Second Rise
8.15nm: Sunday School for Rottweilers
**Maandag 24 April**
8.15nm: The Ripples of the Second Rise
**Woensdag 26 April**
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
**Donderdag 27 April**
6.30nm: A Letter to my Love
8.15nm: My Father's House
**Vrydag 28 April**
6.30nm: A Letter to my Love
8.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad
**Saterdag 29 April**
10.15nm: Die Laaste Supper in Marabastad

**Staatsteater: Momentum**
**Vrydag 14 April**
6.30nm: Pierrot
8.15nm: Die Crazer
**Saterdag 15 April**
10.00vm: Avontuur deur Droomland
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: Carol Coetsee's Jazzplus
8.15nm: The Car
**Maandag 17 April**
6.30nm: TRITS
8.15nm: Carol Coetsee se Jazzplus
**Dinsdag 18 April**
6.30nm: Man in die Blou Maan
8.15nm: Blossoming
**Woensdag 19 April**
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: TRITS
8.15nm: Carol Coetsee se Jazzplus
**Donderdag 20 April**
8.15nm: Man in die Blou Maan
**Vrydag 21 April**
6.30nm: Dancing 'round the fire
8.15nm: TRITS
**Saterdag 22 April**
10vm: Avontuur deur Droomland
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: Blossoming
8.15nm: Man in die Blou Maan
**Maandag 24 April**
8.15nm: Carol Coetsee se Jazzplus
**Dinsdag 25 April**
6.30nm: Die Crazer
8.15nm: Die Crazer
**Woensdag 26 April**
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: Dancing 'round the fire
8.15nm: TRITS
**Donderdag 27 April**
6.30nm: Die Crazer
8.15nm: Pierrot
**Vrydag 28 April**
6.30nm: Dancing 'round the fire
8.15nm: TRITS
**Saterdag 29 April**
10vm: Avontuur deur Droomland
2.30nm: Avontuur deur Droomland
6.30nm: Carol Coetsee se Jazzplus
8.15nm: Die Crazer

**Staatsteater: Transvalia**
**Vrydag 14 April**
9.05nm: Canvas
**Saterdag 15 April**
6.30nm: Canvas
9.15nm: Summer with Monika
**Dinsdag 18 April**
7.45nm: Three New Songs
**Donderdag 20 April**
6.30nm: Dub Poetry
9.30nm: Gunfight at Carnegie Hall
**Vrydag 21 April**
7.15nm: Dub Poetry
9.30nm: Gunfight at Carnegie Hall
**Saterdag 22 April**
7.30nm: Dub Poetry
**Dinsdag 25 April**
7.15nm: Three New Songs
9.15nm: Canvas
**Vrydag 28 April**
7.15nm: Dub Poetry
9.15nm: Canvas
**Saterdag 29 April**
6.30nm: Dub Poetry
9nm: Steam Driven Sound '89

**Staatsteater: Drama Foyer**
Hokus en Pokus om 12vm: Saterdag 15 April, Saterdag 22 April en Saterdag 29 April

Sien ook bladsy 10 vir gereelde teater-gids

dié week by die
MARK
MARKTEATER
Maan - Vry 8.00nm
Sat 2 vertonings: 6.00nm & 9.00nm
SCORCHED EARTH
deur Pieter-Dirk Uys
UPSTAIRS-TEATER
Maan - Vry 8.15nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
Openingsaand: Woensdag 19/4 om 8.00 nm
THE LAST TREK - A FANTASY
DIE LAAGER
Maan - Vry 8.30nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
SCORE ME THE AGES (Tell me the time)
- 'n Tragiese komedie van die strate
DIE WAREHOUSE
Maan - Vry 8.00nm Woens ook 3.00nm
Sat 5.30nm & 9.15nm Son 6.00nm
SARAFINA
Mbongeni Ngema
se Broadway-treffer
KIPPIES die MUSIEKPLEK
8.30 en later
THEMBI MTSHALI
sing die blues
MARKGALERYE
Groot Galery
'n Marionette vertoning van die Handspring Puppet Company begin Sondag om 6.00 nm.
Daar is ook foto's van Ian Difford
"Wherever you go, that's where you are"
Klein Galery
'n Huldeblyk aan Kippie Moeketsi
Die eksperimentele muur
Jane Duncan-skilderye
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die Johannesburgse snuffelmark elke Saterdag van 9.00vm tot 4.00 nm op die Mary Fitzgerald-plein

TRUK TONEEL
GULLS
deur Robert Hewett
met RON SMERCZAK
WENNER van 6 TEATERTOEKENNINGS!
Alexander-teater, Braamfontein: 11-29 Apr
Bespreek by Computicket

# Vrouewerkers se lot in die bed geskets

**Orgasmo Adulto Escapes from the Zoo: deur Dario Fo en Franca Rame. Met Michele Maxwell en Amanda Strydom. Regie: David Alcock. In die Baxter-Studio tot 29 April. Resensie deur CATHERINE DU PLESSIS**

DARIO FO se naam is sinoniem met die stryd van die werkersklas in teater en in hierdie stuk is dit spesifiek die lot van die vrouewerker op wie hy sy aandag toespits.

Die vier sketse deur hom en sy vrou, aktrise Franca Rame, beeld uit die onderworpenheid van die vrou aan die manlike geslag. Basies kom dit daarop neer dat dit die man se gslagsdeel is wat hom hierdie mag oor vrouens gee. Hy wend dit na willekeur aan en voor jy kan sê Mamma Mia! het sy 'n kind in die lewe gebring en dan is sy éérs in sy ondankbare kloue vasgevang.

In tipiese Fo-styl is die humor aards en menslik. Amanda Strydom en Michele Maxwell is albei uitstekend in hulle vertolkings van die Italiaanse vrou. Amanda Strydom se skets as die signorita wat haar kêrel verkul sodat sy ook kans kan kry om die gebeure in die bed te beheer, is veral geslaagd.

Michele Maxwell se hoogtepunt is die heel eerste skets, wanneer sy 'n fabriekswerker uitbeeld wat desperaat probeer om sin en genot in haar lewe te vind terwyl sy koorsagtig skarrel om werk, man, kind en huishouding aan die gang te hou. David Alcock se regie sorg dat die pas deurgaans gehandhaaf word.

Algaande verminder die humor in die opeenvolgende sketse en verskerp die bitterheid. Nogtans is die laaste skets oor Jason se versaking van Medea vir 'n jong vrou te veel van 'n verandering in stemming, vanaf Italiaanse kmedie na Griekse tragedie. Dit pas ietwat ongemaklik by die atmosfeer van die ander sketse.

Mens sou graag wou dink dat vrouens in sommige ander lande 'n minder gebonde lewe lei as wat blyk uit Fo en Rame se visie van die Italianers.

Nietemin is daar genoeg universele aspekte van vrouens se lewe - en mans se houding teenoor hulle - wat uitgebeeld word om orals van toepassing te wees.

Die feministiese debat is nog lank nie verby nie, en Dario Fo se uitgesproke bydrae gee beslis stof tot nadenke.

# Megan debuteer stil-stil in Barney se 'gay' stuk

**Chris du Plessis**

MEGAN WILLSON sien toneelspel as psigoanalise. Met elke nuwe karakter word 'n mens gedwing om 'n ander deel van jouself te ontdek.

(In Suid-Afrika, met die belaglike salarisse wat akteurs en aktrises verdien, is toneelspel net duurder).

"Die kommunikasie tussen akteurs op die verhoog is meer intens as in die meeste ander situasies tussen mense (in die wêreld daarbuite)," sê sy.

Die volgende vraag laat Megan haar skouers optrek, maar uiteindelik stem sy saam.

Okay, Barney Simon se nuwe teaterstuk Score Me The Ages wat 17 April by die Markteater opgevoer word sal in elk geval seker as 'n "gay-play" deur die media beskryf word. Maar volgens haar is dit NIE een nie.



Megan Willson, van 17 April in Barney Simon se Score Me The Ages

Die vier hoofkarakters bestaan uit twee middeljarige gay mans en twee "rents" of manlike prostitute. Megan speel die enigste vroulike rol in die stuk.

Dit is haar eerste hoofstroom-produksie vandat sy verlede jaar haar dramagraad by Wits voltooi het.

"Die stuk is essensiëel oor die stryd om te kommunikeer," verduidelik Megan. "Die feit dat dit toevallig uit 'n gay perspektief geskets word is van sekondêre belang."

Die universele drama van verhoudings, die vrees vir verwerping, die gevaar wat met seksuele opwinding gepaard gaan, is die hooftemas. Die pyn wat gays ervaar as gevolg van sosiale vooroordele word egter wel belig.

Die stuk se spelers het meer as ses maande lank navorsing gedoen oor manlike prostitute. Hulle het by stasies met die "rents" gaan praat om uit te vind hoe vind die transaksies plaas en waar word dit beklink.

Die stuk kan dus as 'n soort doku-drama beskryf word. Die gehoor sal dinge oor die lewe van rents te wete kom wat hulle nooit van geweet het nie, sê Megan.

Die meeste van die rents hou blykbaar vol dat hulle nie gay is nie. Hulle verkies heteroseksuele verhoudings, maar as hulle nie deur 'n vrou genader word nie sal hulle 'n man vergesel. Megan dien in Score Me The Ages ook as simbool van hierdie voorkeur.

### Skets

Sy is die metgesel van die broer van een van die rents. Terwyl sy broer in die tronk is, woon Megan by die rent en 'n "verhouding" ("wat nie seksueel is nie hoewel die seksuele spanning merkbaar is") ontwikkel tussen die twee.

Daar word dus nie gemoraliseer oor die regte van gays as regmatige lede van die samelewing nie. Score Me The Ages skets net die situasie. Diegene wat hulle nie kan weerhou daarvan om oordele te vel nie, kan daarvan maak wat hulle wil. Die menslike kondisie word baie realisties en onsensasioneel uitgebeeld. "Dit is eerstens teater oor mense en tweedens oor gays," beklemtoon sy weer.

Megan dring daarop aan dat sy nie 'n openbare figuur wil wees nie. Maar soos baie ander mense in die teaterbedryf kan sy ook nie sê waarom sy nou juis dié beroep gekies het nie.

"Miskien is dit omdat ek nog sterk self-vernietigende eienskappe het," sê sy na 'n ruk voor sy verduidelik. "Die groot probleem vir akteurs in Suid-Afrika is die gedurige keuse tussen geldmaak en goeie werk. Daar is nie 'n middeweg nie. As mens werk van kwaliteit wil doen moet jy bereid wees om swak betaling te kry. Aan die ander kant betaal die werk van swak gehalte baie goed."

# Min ontsag vir sprokies

**TRITS by die Pot-Pourri-fees. Teks van Hennie Aucamp, regie deur Johan van Rooyen. Met die Pretoriase Toneelspelers Organisasie. Resensie deur FELICE ORSINI**

DIE drie ou-ou sprokies wat Hennie Aucamp aangepas het vir die verhoog, Rooikappie, Aspoestertjie en Sneeuwitjie, is met baie min ontsag behandel deur regisseur Johan van Rooyen.

Dit was dalk nie baie wys van Van Rooyen om sy amateurspelers bloot te stel aan die intellektuele toertjies van Aucamp se skryfwerk nie.

Die sprokies is nie juis geskik vir die teater nie. Die konsepte is te dig en verweefd om op die verhoog voorgestel te word, veral as onervare spelers daarmee vertrou word. Die sprokies behoort egter boeiend te wees om te lees.

Die produksie se beligting, kitsch kostuums en uiters ongeïnspireerde regie het enige genot onmoontlik gemaak.

Die sprokies is vol tipies Aucamperige seksuele sinspelings: hy het al die psigies-seksuele verwysings van die oorspronklike verhale uitgetrek. Rooikappie gee aan haar verborge begeertes toe; sy word onder die kombers verlei nadat haar ouma in 'n wolf verander het.

Aucamp se verwerking betrek ook Aspoestertjie en haar prins se huweliksprobleme en hul talryke kroos. Dit klink eintlik na Aucamp se eie vrees vir oudword, want dis sy siening van "vir altyd gelukkig saamleef" waarmee ons gekonfronteer word.

Aucamp kon ook nie die versoeking weerstaan om van Sneeuwitjie 'n aanval op die Groepsgebiedewet te maak nie. Hoe wit was Sneeuwitjie?

Sneeuwitjie beken teenoor haar prins op 'n wit perd wat nou 'n benoude monarg geword het, dat sy eintlik van Windermere af kom en dus nie heeltemal wit is nie. Gaap, gaap.

Gelukkig word ons die besonderhede van haar verhoudings met die dwerge gespaar.

# Rottweilers boei, ontstel

**Sunday School for Rottweilers, by die Pot-Pourri-fees. Geskryf en geregisseer deur Graham Hopkins. Met Jacqui Singer, Christopher Wells, Hannes Muller, Dan Sebogodi en Judy-Lee Vivier. Resensie deur VICTOR MUNNIK**

DIENSPLIG in die huidige omstandighede bly aan ons almal se siele knaag: of 'n mens dit nou doen, ontduik of tromp-op teenstaan soos David Bruce, Charles Bester en Ivan Toms gedoen het.

Dis dus moeilik om te sê of die ietwat onafgeronde stuk Sunday School for Rottweilers sy krag put uit sy konteks, of uit die teks.

Die Rottweiler-klas is 'n metafoor in die hart van die stuk. Die rassisme - wat Bruce se weiering ten grondslag lê - word snydend geparadeer in 'n les oor swakgeteelde honde.

Hof-uitsprake, pamflette en koerantknipsels herleef in die opvoering. Dis veral die woorde van Bruce se ma, oortuigend vertolk deur Jacqui Singer, wat uitgestaan het. En natuurlik die vreemd liriese uitspraak van die appèlregter, dat die ses jaar tronkstraf nie op regsbeginsels nie, maar met 'n sakrekenaar deur 'n amptenaar opgelê behoort te word.

Die weieraar self (die programnotas beklemtoon dat dit net losweg op Bruce se ervaring gegrond is, hoewel sy familie in die saak geken is) se storie word gestruktureer op die versoekings uit TS Elliot se Murder in the Cathedral. Shakespeare se Richard III se patriotisme-in-die-aangesig-van-die-vyand kom uit die mond van 'n sammajoor. Dié literêre grepe verdun die impak van die stuk.

Maar die boeiendste - en ontstellendste - is die wriemelende aanklaer, vertolk deur Judy-Lee Vivier. Want sy verteenwoordig die ontoegeeflike en vreesbevange gemeenskap wat Bruce se martelaarskap nodig gemaak het.

Gaan kyk!

# Bak 'n oskop en val flou!



AL ooit 'n oskop geëet?

Ek ook nie. Maar in die ou dae was dit blykbaar 'n lekkerny in Suid-Afrika - 'n eerste minister van die land het dit selfs as enigste hoofgereg voorgesit.

Ek hoor die mense in Texas begrawe vandag nog oskop tussen kole onder die grond - daar is die storie van 'n Suid-Afrikaanse toeris wat flou geval het toe sewe of agt oskoppe uit die grond gehaal is en die boonste gedeeltes een na die ander met 'n kettingsaag afgesaag is om by die brein uit te kom.

Texas moet dinge altyd oordoen.

'n Paar jaar gelede het ek probeer om 'n kalfskop in die hande te kry. Ek het 'n groot ou Fridgidaire-stoof gehad: 'n soliede stoof uit die vyftiger-jare en so swaar soos 'n os. Die oond was groot genoeg vir 'n kalfskop, maar nie vir 'n oskop nie.

Ná gesprekke met slagters en self met die slagpale moes ek uitvind 'n heel kalfskop is nie beskikbaar nie. Die tong word uitgesny en selfs die vel word van die kop afgeslag. Dit is nie my idee van 'n elegante kalfskop nie.

Die afgelope paar weke het ek 'n klompie resepte verskaf waarmee ons lesers besig kan bly. Vandag wil ek 'n resep vir 'n beeskop gee, wat baie min van ons kan volg omdat heel beeskoppe nie beskikbaar is nie, behalwe vir dié van ons wat familie op plase het.

Die resep kom uit die kookboek Leipoldt's Cape Cookery. Dit klink so:

"'n Beeskop, netjies afgesny sodat dit op die nek kan staan, word gewas en geskrop sonder om enige van die hare te verwyder. Besondere aandag moet gegee word aan die skoonmaak van die neusgate, ore en ooglede. Die horings moet nie verwyder word nie.



Louis Botha. Hy het 'n oskop as enigste hoofgereg voorgesit

Die hele kop word in 'n groot broodoond geplaas waar dit 'n dag en 'n nag lank bak. Dit word dan afgekoel en weer lank in die oond geplaas. Wanneer dit sag is, word dit uitgehaal, regop op 'n skinkbord geplaas en bedien net soos dit uit die oond uit kom.

Die vleissnyer sny die vel van die voorkop en wange af en gee elke gas 'n stukkie van die onderliggende vet, 'n stukkie tong, verhemelte, of wat mense ook al wil hê."

Jou eerste emosie wanneer jy hierdie onsaglike en skrikwekkende stuk roostervleis sien - as die oskop dié van 'n Afrikaner-os is kan die horings die hele lengte van die tafel strek, terwyl die gebakte oë na jou staar met 'n uitdrukking wat lagwekkend sowel as onheilspellend is - is een van uiterste skok.

Op die eerste geleentheid toe ek as gas van generaal Botha gehelp het tydens 'n dinee waar hierdie afskuwelike gereg die hoof- en enigste gereg op die spyskaart was, is twee van my mede-gourmets so deur die gesig oorval dat hulle die tafel moes verlaat.

Tog, gaargemaak op dié manier, is die vlesige deel van die kop wonderlik sag, so smaaklik soos die vleis van 'n jong patrys, met 'n geur wat deur geen ander beesvleis oortref word nie.

Aangesien geen smaakmiddels hoegenaamd in die bereiding van die vleis gebruik is nie, sout en peper die gaste hul porsies na smaak. Jy is veronderstel om dit met "nat" rys te eet, maar enige groente gaan goed daarmee saam. Ek het dit heerlik gevind saam met 'n eenvoudige slaai.

## Meer aantreklik

Dit is natuurlik 'n gereg wat gewoon aangebied kan word en ek sien geen rede waarom dit nie meer aantreklik, indien minder indrukwekkend, gemaak kan word deur die horings af te sny, die ooglede en lippe toe te werk, en die hare af te krap voordat dit gebak word nie.

Maar die tradisie dring daarop aan dat die manier hierbo beskryf die enigste regte manier is waarop dit gaargemaak, bedien en geëet moet word.

As jy dit een keer geproe het, sal die herinnering van die ongeëwenaarde sappigheid jou bybly - soos die herinnering van die geur, aroma en smaak van 'n voortreflike wyn deur die jare by jou draai en die verlange vir 'n herhaling van so 'n volmaakte smaakondervinding by jou stimuleer."

Oubaas Leipoldt kon liries raak oor kos, selfs oor 'n oskop. Het jy al gelees wat hy oor speenvarkies in Polfyntjies Vir Die Proe skryf? Vandag sou die sensors van ons volk dit waarskynlik pornografie noem.

My apologie aan die lesers wat wel Leipoldt se oskop-resep gelees het. Ek moes die ander egter inlig oor een van die mees merkwaardige resepte wat hierdie land opgelewer het.

Nooi my asseblief wanneer jy 'n oskop gaarmaak.

KOOS COETZEE

# Bergkelder betaal baie vir goeie druiwe

**BJ LANKWARDEN skryf oor die verskil tussen wynboere en druiweboere**

DIE BERGKELDER het begin met 'n nuwe prysstelsel vir druiwe van topgehalte wat nog die geskiedenis van ons wingerde kan verander.

Dis 'n feit dat die wingerde in ons land slegs gedeeltelik geplant word deur mense wat ook die wyn maak.

'n Mens hoor dikwels dat iemand 'n wynboer genoem word, terwyl hy eintlik net 'n druiweboer is met waarskynlik geen benul van wynmaak nie.

Ek het al lappe wingerd reg langs wynlandgoedere gesien waar die wingerde heeltemal anders gelyk het, met heeltemal te veel druiwe aan.

Die grond het behoort aan 'n druiweboer wat glad nie belang gestel het in die kwaliteit van die druiwe nie, maar in die kwantiteit.

Sulke boere verkoop hul oes aan 'n plaaslike koöperasie en word per ton betaal.

## Moet swaarkry

Nou moet 'n mens verstaan dat 'n wingerd eintlik moet swaarkry en 'n klein oes moet lewer om goeie wyndruiwe te gee.

In sommige streke van Frankryk is daar dan ook beperkings op die druifproduksie, party plekke so laag as vier ton per hektaar. In ons land word wyn gemaak uit opbrengste van tot 25 ton per hektaar.




Goele wyn vloei reeds uit Die Bergkelder se eksperiment, soos hierdie Chardonnay bewys

Ten einde boere aan te moedig om gesogte variëteite aan te plant, het Die Bergkelder 'n nuwe prysstruktuur vasgestel waarby stewig verhoogde pryse betaal word vir top variëteite wat aan sekere kwaliteitstandaarde voldoen.

Dit is duidelik dat Die Bergkelder soveel vertroue in die mark vir wyn van gehalte het dat hy bereid is om tot R1 600 per ton vir sekere druifvariëteite te betaal.

Op die oomblik betaal hulle dit vir druifsoorte waaraan daar 'n tekort is, veral Chardonnay en Cabernet Sauvignon.

Hulle glo dus duidelik dat die huidige vraag na rooiwyn en duur witwyn sal voortduur. Hier moet ek byvoeg dat 'n goeie Chardonnay altyd in nuwe eikehout moet verouder (of ten minste grotendeels) wat tot R45 per kas kan kos.

Dit maak die wyn byna R4 per bottel duurder.

Ek dink sulke wyne sal verkoop, maar as 'n mens die mark oorstroom met duur wyne, sal die hele bedryf daaronder ly.

Ons het ook goedkoop wyn nodig. Maar kyk 'n mens na die minimumprys wat die KWV gestel het (sowat R580 per ton) is dit duidelik veels te hoog.

Nietemin, dr Julius Laszlo, hoofkeldermeester van Die Bergkelder het beslis 'n interessante eksperiment onderneem en net goeie dinge kan daaruit voortvloei. Dit wys reeds in die nuwe Fleur du Cap Chardonnay 1988.

Hierdie wyn word hoofsaaklik gemaak van druiwe wat gekweek is in onbesproeide wingerde in die distrik Durbanville. Lae opbrengste, hoë pryse, maar 'n fantastiese wyn.

Dit sal seker nooit gebeur nie, maar die ideaal is dat sekere druifsoorte beperkings op produksie behoort te kry en dus teen 'n hoër prys van die hand gesit moet word. Terselfdertyd, behoort die minimumprys ten minste met die helfte gesny te word. Dit sal goed wees vir die wynbedryf. Dit maak dalk selfs van ons 'n nasie van wyndrinkers.

# Bier gee glo kanker

LONDEN. - 'n Britse mediese verslag het bier gevoeg by die lys van voedsel en drank wat kanker kan veroorsaak.

Die Imperial Cancer Research Fund (ICRF) sê dat die inneem van 3,5 liter bier per week die risiko van kanker van die pankreas met drie keer verhoog.

Die ICRF se internasionale Journal of Cancer het 'n berig gepubliseer oor 'n vergelyking tussen met 216 mense wat ly aan kanker van die pankreas, en 'n kontrolegroep van 279 mense van verskillende geslagte en ouderdomme.

Die studie dui op 'n "duidelike verband" tussen die siekte en bierdrink. Maar daar is nie 'n verband gevind tussen die kanker en die drink van wyn of whisky nie - behalwe vir moutwhisky.

Die navorsers sê die oorsaak kan lê by nitrosamien, 'n stof wat net in bier, mout en sigarette aangetref word. Die IRCF sê ook mense wat meer as 20 sigarette per dag rook, se kanse om kanker van die pankreas te kry, is vier keer groter as nie-rokers s'n. - AFP

HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
- JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

Est 1987
Yard of Ale
By die Mark-Teater
Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense
• Die ideale plek vir u funksies
Bespreek vandag : 836-6611/2

ONTHOU
Koala Blu Restaurant
is elke middag en aand oop
Tel: 726-1515
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië

Ondersteun
Vrye Weekblad
Adverteer!
Bel vir Gwynne: (011) 836-7236



Só skiet 'n amateur-roeier deur die wit water van 'n stroomversnelling

# Rivier vat jou weg vir die naweek

Anton Steenkamp

AL JULLE macho-manne en Walter Mitties wat die Paul Revere-advertensie so bekyk en heimlik die ouens beny wat so in hul opblaasbote die Colorado-rivier se bruisende waters aandurf, nou is julle kans.

Selfs die vrouens (en ek is nié seksisties nie) en die minder-macho-ouens het nou die kans om iets van die opwinding te aanvaar. En julle hoef nie al die pad Amerika toe te sukkel agter die Paul Revere-yuppies aan nie.

Die riviere om te tem, lê en wag sommer net hier om die draai - die Vaalrivier (vir die Transvalers) en die Breërivier en die Sederberge se Doringrivier (vir die Kapenaars). En die Transvalers wat in Desember en Januarie op Plett vakansie hou, kan wegkom van die neon-sonbrandolie en ontwerpers-baaikostuums en 'n draai maak op die Keurboomsrivier.

## Wegbreek

Ek het die afgelope naweek die plesier meegemaak om twee dae lank uit Johannesburg uit weg te kom en afwisselend die rustigheid en die opwinding van die Vaalrivier te ervaar.

En dit wás 'n plesier, selfs vir iemand soos ek wat ná 'n weermag-oorlewingskursus op 'n vlot op die Bergrivier gedink het 'n rivier sien my nie weer nie.

Hierdie is nie 'n oorlewingskursus nie. Dis 'n geslaagde mengsel van wegbreek uit die "beskawing" en uiteet by 'n luukse-restaurant.

En as jy deur so 'n lekker wilde stroomverstelling geskiet het, is dit te heerlik om vooroor te leun, die koelhouer (goed vasgegespe!) oop te maak, en op die stil water terug te leun met 'n yskoue bier.

Lekkerder as 'n plat klip onder jou kaal voete.

Die tog op die Vaalrivier het Vrydagaand met 'n braai by die Riviera hotel op Parys (Vrystaat) begin.

Die volgende oggend het die groepie voornemende roeiers, van wie party maar lugtig gelyk het, 'n lekker groot hotel-ontbyt en vonkelwyn geniet, en toe vat ons die pad (of liewer, die rivier).

Twee mense roei saam in 'n opblaas-kano. Nie die tipe waarmee die kinders in die swembad speel nie, maar 'n taai "krokodil" waarin nie eers 'n boomstomp sommer 'n gat maak nie.

'n Mens kom verbasend gou reg met die spaanbeheer, al was jy nog nooit in jou lewe op die water nie, en ná 'n paar uur begin jy lus voel om truuks uit te haal.

## Bravado

Dis nou totdat jy by die eerste stroomversnelling kom. Ek het lanklaas só 'n mengsel van bravado en banggeit tussen 'n klomp mense gesien, en die roomyse (of bier vir Dutch Courage) het goed afgegaan terwyl almal die storie staan en bekyk en lyne beplan.

Nie dat die beplanning veel gehelp het nie. Dit was maar vasklou en deurhou, maar hel, dis lekker as daai waterstroom jou aan die ander kant uitskop!

En ná die opwinding van so 'n stukkie wit water, kan jy agteroorleun, ontspan, die nuwe metodes wat jy uitgevind het met jou mede-roeiers bespreek en jou verlustig in die rustigheid van die rivier.

As jy so by die treurwilgers verbydryf, voel dit asof Johannesburg in 'n ander wêreld is, nie 'n uur weg met die motor nie.

Langs die rivier, op 'n oop klipplaat, stop ons eers vir middagete - koue hoender, slaai, vleisrol - 'n mens kan skaars glo dis alles deur die stroomversnellings, omval en al, en dit lyk - en smaak - nog so goed.

Maar die eintlike onthaal wag die Saterdagaand op ons. Na ses ure se roei kom ons lekker-lyfseer by die kampplek op die rivieroewer aan.

Hier staan die warm koffie en prut, en 'n paar bottels goeie rooiwyn is reeds oopgemaak.

En toe die ete.

Nie sommer 'n gewone vleisbraaiery nie. 'n Mongoolse roerbraai was ons voorland, met seekos, steak, hoender, sampioene, groente, en 'n stuk of sewe verskillende souse.

Die meeste roeiers was aansienlik meer beskeie as die vorige aand, maar die grappies het saam met die bonhomie en rooiwyn gevloei, en party ouens wat ietwat meer tyd in die water as in die kano deurgebring het, moes dit nog 'n keer ontgeld. Wat 'n manier om jou verjaardag te vier...

## Stewige ontbyt

Soos ek gesê het, dis nie 'n oorlewingskursus dié nie. Vroegopstaan is vir die voëls en die wurms. Op 'n beskaafde tyd, so tienuur se kant, is ons die volgende oggend vort ná 'n stewige ontbyt.

Dié rivier is goed beplan vir 'n Sondagoggend-vaart. So een of twee matige stroomversnellings aan die begin, net om jou wakker en aan die gang te kry, en dan dryf jy rustig verder tussen die riete deur.

So vier uur later sleep jy vir oulaas die kano uit teen die wal en geniet nog 'n lekker middagete op die klippe.

Soos dassies het almal op die klippe gaan lê, en nuutgevonde vriende het kopstukke gesels tussen slukkies Don Pedro deur.

Toe ons die pad vat, terug Johannesburg toe, het dit my gevoel ek was 'n week weg, nie net twee dae nie.

As jy weer moeg word vir die lewe in die stad, probeer gerus die rivier.

## Koste

'n Naweek op die Vaal-, Doring- of Breërivier kos sowat R295 per persoon, alle etes ingesluit. As jy in die hotel wil oornag en van Kaapstad of Johannesburg af vervoer wil word, betaal jy R40 ekstra.

Dit klink 'n bietjie rof vir 'n arm joernalis of iets dergeliks, maar dis sekerlik nie te duur vir mense wat sommer maklik R100 of meer 'n nag betaal net om in 'n hotel te slaap nie.

Die Transvaalse rivierseisoen duur van September tot Junie, en die Kaapse riviere is van Junie tot einde Augustus vol genoeg om te geniet.

Vaarte op die Zambesi en die Oranjerivier word op versoek gereël.



'n Ruskansie op die stil water vir ons verslaggewer, Anton Steenkamp

# Bang vir slange?

IS jy iemand wat 'n slang die kop vermorsel voor hy jou in die hakskeen byt?

Dan is die Natuurlewe-vereniging se (Transvaalse) slangplakkaat vir jou bedoel. Saam met sowat tagtig slangfoto's en 'n klassifikasie van giftig/onskadelik en skaars/volop, verskyn die volgende boodskap: "Min is gevaarlik, maar duisende van ons bondgenote word jaarliks deur onkunde vernietig. Slange vorm 'n belangrike skakel in die natuurlike voedselketting en help om baie landbou- en huishoudelike peste te beheer. Die gevaarlike spesies gebruik hulle gif hoofsaaklik om hulle prooi mee te vang. Wanneer hulle gekonfronteer word, verkies hulle om na 'n veilige plek te seil eerder as om aggressie te toon.

"Deur in ons slange belang te stel, sal u nie net besef hoe baie van hulle eintlik skadeloos is nie, maar sal u begin om hierdie diere wat 'n integrale deel van die natuur is, te verstaan en te waardeer."

'n Skilpadplakkaat (met foto's van dertig land-, varswater- en seeskilpaaie in 'n interessante opstel oor hul lewenswyses) bevat ook 'n paar moets en moenies.

Duisende skilpaaie sterf jaarliks in veldbrande, wees dus asseblief versigtig met vure. Moet asseblief nie skilpaaie vang en huistoe vat en hulle slaaiblare in die agterplaas voer nie. (Dis ook onwettig.)

En moenie uitheemse skilpaaitjies as troeteldiertjies koop nie.

Die goed is besig om in plaaslike water te vervuil en hou 'n groot bedreiging in vir ons insekte, paddas en voëls, asook vir die inheemse skilpaaie wat deur hulle verswelg word.

Die twee plakkate (en ander interessante publikasies) kan bestel word van die Transvaaltak, Natuurleweverenigng, Posbus 44344, Linden, 2104.

Die plakkate kos R4,50 elk.



Skelet van grootkopseeskilpad

KAAPSTAD

NU METRO THEATRES
Now Showing 14 April – 20 April
BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

STUTTAFORDS METRO 26-1818
TOWN SQUARE
1 THE ACCUSED
Jodie Foster – Drama (2-18)
Oscar – 'Best Actress'
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE NAKED GUN
Comedy (2-10PG)
Leslie Nielsen, Priscilla Presley
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 TWINS
Comedy (A)
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

OSCAR Adderley St. 45-2585
Desert Hearts
A Controversial Drama (2-21)
Helen Shaver, Patricia Charbonneau
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SEA POINT METRO 44-7951
1 RAIN MAN
4 Oscars including 'Best Picture' (2-16)
Dustin Hoffman, Tom Cruise
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE NAKED GUN
Comedy (2-10PG)
Leslie Nielsen, Priscilla Presley
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Dangerous Liaisons
Winner – 3 Oscars (2-16)
Glenn Close, John Malkovich
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
4 TWINS
Comedy (A)
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

RONDEBOSCH METRO 685-4569
THE ACCUSED
Jodie Foster – Drama (2-18)
Oscar – 'Best Actress'
One Week Only
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

FISH HOEK METRO
TOWN CENTRE, MAIN STREET
1 OPENING 28 APRIL
TEQUILA SUNRISE
2 OPENING 28 APRIL
CROSSING DELANCEY
3 OPENING 28 APRIL
AMERICAN NINJA III

BRACKENFELL METRO 901-8100
CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 RAIN MAN
4 Oscars including 'Best Picture' (2-16)
Dustin Hoffman, Tom Cruise
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE NAKED GUN
Comedy (2-10PG)
Leslie Nielsen, Priscilla Presley
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 TWINS
Comedy (A)
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 THE ACCUSED
Jodie Foster – Drama (2-18)
Oscar – 'Best Actress'
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 CADDYSHACK II
Comedy (A)
Chevy Chase, Dyan Cannon
PLUS
Gorillas in the Mist
A Stirring Drama (A)
Sigourney Weaver, Bryan Brown
MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
2 Satan's Bed
Thriller (A)
All Star Cast
PLUS
Magnificent Warrior
Action (A)
All Star Cast
MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30 SAT: 11.00, 3.30, 8.00

## MUSIEK

**Jameson's Bar,** Commissionerstraat: 'n Wye verskeidenheid van SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsgeld. Vrydag- en Saterdagaand D Fusion. Dinsdag-, Woensdag- en Donderdagaand is dit Jahnito.

**Panama Reds,** Crossroads Sentrum, Randburg. Die nuwe "in" eetplek wat wonderlike Mexikaanse kos maak en boonop goeie lewendige musiek verskaf. Vrydag: Mac the Nite.

PRETORIA

NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 14 April – 20 April

OSCAR 341-7682
Jeppe Street, Sunnyside
THE NAKED GUN
Comedy (2-10PG)
Leslie Nielsen, Priscilla Presley
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

METRO 44-9867
Esselen Street, Sunnyside
TWINS
Comedy (A)
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096
1 PLATOON LEADER
War Action (2-18)
Michael Dudikoff, William Smith
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NOTE: APRIL, 14; 9.45 A.M. SOLD OUT
2 THE ACCUSED
Jodie Foster (2-18)
Oscar – 'Best Actress'
Drama
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

MENLYNPARK 47-4568/348-8611
Atterbury Rd., Menlyn Park
1 TWINS
Comedy (A)
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 RAIN MAN
4 Oscars including 'Best Picture' (2-16)
Dustin Hoffman, Tom Cruise
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
3 Gorillas in the Mist
A Stirring Drama (A)
Sigourney Weaver, Bryan Brown
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 PLATOON LEADER
War Action (2-18)
Michael Dudikoff, William Smith
MON-SAT: 6.00, 8.30
150 Dangerous Liaisons
Winner – 3 Oscars (2-16)
Glenn Close, John Malkovich
MON-SAT: 6.00, 8.30
BOOK AT COMPUTICKET

Saterdag en Sondag: Larry Amos and The Naughty Boys. Dinsdag: Rush Hour, Woensdag: Peto. Donderdag: Seth.

**Roxy Rhythm Bar,** Mainstraat, Melville: Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdagmiddag: Ron Schneider and City Gents, Little Sister. Saterdagaand: The Jive. Maandagmiddag: -aand: Fat City. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: The Party. Donderdag: Rush Hour. Vrydagmiddag: Tam Minter, -aand: African Jazz Pioneers.

**The Junction,** h/v Breë- en Claimstraat: Die ouer rock en new wave wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

**Kippies,** Mark-teater, Newtown: Township-jive se meer voorstedelike gelyke. Thembi Mtshali sing die blues.

**No 58,** Hillbrow: Bring Back That Lovin' Feeling. Met Anne Powers, Edwin van Wyk, Barbara Tellinger, Marilyn Taylor en The Boys in the Band - Garth Victor, Reuben Sameuls en Kai.

**The Thunderdome,** h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf.

**Rumours,** Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook.

**Late Nite Duke's,** Melville: Laatnag-alternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Rake's Wine Bar,** Ridgestraat 20, Parktown: In 'n ou huis met 'n groot tuin. Ligte etes op die grondvloer en steak op die boonste verdieping. Vrydagaand: Roots en die eenmanvertoning Nebbon. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyfuur. Die Waldorf String Band is Sondae aan die beurt.

**Idols,** bokant van Endstraat: Lang toue van BAIE entoesiastiese jollers buite. Vir tiener-yuppies.

**Capone's,** Louis Bothalaan 440: Restaurant met orkes. Dinsdag: Brynn. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Largèsse. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Tam Minter. Sondag: Largèsse.

**King of Clubs,** h/v Mark- en Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

NU METRO THEATRES

HILLBROW METRO 724-2511
1 TWINS
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
3 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NOW SHOWING 14 April – 20 April
BOOK AT COMPUTICKET
5 A FISH CALLED WANDA
John Cleese, Jamie Lee Curtis (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
6 GORILLAS IN THE MIST
Sigourney Weaver, Bryan Brown (A)
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
7 DANGEROUS LIAISONS
Glenn Close, John Malkovich (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091
1 JOHANNESBURG INTERNATIONAL FILM FESTIVAL
See "What's On" for details
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 6.00, 8.00, 10.00
2 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MARKET ST. METRO 29-8493
1 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

BALFOUR PARK METRO 887-8548
1 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SAT. 9.45: Kiddies Show
2 RAIN MAN
Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16)
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

BEDFORDVIEW METRO 616-5250
1 TWINS
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

RANDBURG METRO 787-0340
RAIN MAN
Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16)
DAILY: 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
SAT. 9.45 Kiddies Show

7 ARTS NORWOOD 728-1539
JOHANNESBURG INTERNATIONAL FILM FESTIVAL
See "What's On" for details
DAILY: 2.00, 6.00, 8.00, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
1 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362
1 TWINS
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SAT 9.45: Kiddies Show
2 RAIN MAN
Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16)
DAILY. 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
1 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
MON-SAT: 6.00, 8.30
150 DANGEROUS LIAISONS
Glenn Close, John Malkovich (2-16)
MON-SAT: 6.00, 8.30

SHARE THEATRES R2,50 ALL SHOWS 835-1704
1 GORILLAS IN THE MIST
Sigourney Weaver, Bryan Brown (A)
DAILY. 9.30, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE NAKED GUN
Leslie Nielsen, Priscilla Presley (2-10PG)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
5 FORCED VENGEANCE
Chuck Norris (2-18)
DAILY: 10.00, 2.30, 5.30, 8.30
6 RAIN MAN
Dustin Hoffman, Tom Cruise (2-16)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
7 TWINS
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
8 MY AFRICAN ADVENTURE
Dom DeLuise, David Mendenhall (A)
DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
1 INDIANA JONES AND THE TEMPLE OF DOOM
Harrison Ford (2-6PG)
2 PLATOON LEADER
Michael Dudikoff, William Smith (2-18)
3 TWINS
Arnold Schwarzenegger, Danny DeVito (A)
4 THE ACCUSED
Jodie Foster (Oscar 'Best Actress') (2-18)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00. SUNDAY: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00

CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Jodie Foster in SIESTA Drama (2-21)

## Regulars speel reggae

**The Base:** Die reggae-groep The Regulars is Woensdag-aand hier te sien.

**Villa Revue:** Workforce speel hier. Saterdagmiddae is daar 'n paar ernstige jazz-sessies.

**Rompie's Rhythm Bar,** Regency Hotel: Die groep Loco is elke aand hier met weergawes van bekende kommersiële musiek.

**Tatler's,** Silversands: Dinsdae tot Donderdae tree die Tony Schilder-trio op. Vrydagaand kan liefhebbers van laserstrale, John Travolta en alles wat met disko te make het, die groep Collage gaan geniet en Sondagaand is dit jazz met Jeff Weiner en Mainstream.

**Idols,** Loopstraat: Verskeie musieksmake kan, so lyk dit, hier bevredig word. Van acid house, funk en old soul tot die nuuste treffers word gespeel.

**Arties Cellar Pub,** Riebeeckstraat 34: Verskeie jazz-groepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

## TEATER

**Just like Home,** Laager, Markteater. 'n Opvoering deur Pieter Dirk Uys. Met Shaleen Surtee-Richards.

**Scorched Earth** deur Pieter-Dirk Uys, wys by die Mark se Hoofteater.

**Tom Foolery,** Leonard Rayne-teater, Doornfontein: Musikale revue na die musiek en lirieke van Tom Lehrer. Met Richard Loring, Malcolm Terrey, Mark Richardson en Celeste Litkie.

**Beyond Reasonable Doubt,** André Huguenet-teater, Hillbrow: 'n Hofdrama gegrond op die Jeffrey Archer-verhaal. Met Rex Garner, John Hussey en Vanessa Cooke.

**Sarafina,** Warehouse by die Markteater: Die tweede rolverdeling van Mbongeni Ngema se Broadway-treffer. 'n Vernuftige bemarking van die revolusie à la Chorus Line. Blink en oppervlakkig.

**Whale Nation** met Dawid Minnaar by The Black Sun, 262 Louis Bothalaan, Orange Grove: Dinsdag tot Sondag om 8.30. Die groep **Peto** kan Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30 beluister word. 'n Opvoering genaamd **Schitz-are-free-in-here** met Sean Higgs, Liam Cundill, Lesley Rochat en Paul Savage is Woensdag, Vrydag en Sondagaande om 10.30 aan die beurt.

**The Last Trek - A Fantasy** is by Upstairs van die Mark-teater te sien.

**Nunsense,** Alhambra, Doornfontein: Die groep jolige nonne is terug in Johannesburg. Met onder andere Kate Normington, Gaby Lomberg en Natalie Gamsu.

**Gulls,** Alexander-teater, Braamfontein. Met Ron Smerczak en Jeremy Taylor.

**Pot-Pourri** - bl 6 & 7.

### Kaapstad

**Baxter-teater,** Mainstraat, Rondebosch: Studio: Orgasmo Adulto (oor vroue se seksuele frustrasies). Die Kaapstadse filmfees word in die Teater gehou. Emperor's Nightingale open 25 April. Travelling Shots in die Concert Hall.

**Nico Malan,** Strandgebied: Long Day's Journey into the Night met Patrick Mynhardt en Diane Wilson in die Teater. In die Operahuis is die balletopvoering Spartacus te sien. In die Arena spot die konsert Sleutel-Gatrevue (met Elsabè Zietsman en Casper de Vries) nog met allerhande dinge.

**Theatre on the Bay,** Kampsbaai: Sarcophagus deur Vladimir Gubaryev, met Jeremy Crutchley.

## GALERYE

**Les Art International:** Werke van Dufy, Matisse, Pissarro, Signac and Vlaminck. Tot einde April.

**Goodman-galery:** Waterverfwerke en tekeninge deur Walter Battis en Max Wolpe. Van 15 April tot 6 Mei.

**Johannesburgse Kunsmuseum,** Joubertpark, Kleinstraat: Kaapstadse Driejaarlikse uitstalling van die beste plaaslike kunswerke van 1988.

**Kim Sacks-galery,** Cavendishstraat, Bellevue: Die galery en pottebakkersentrum spog met verskeie soorte handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Suid-Afrikaanse mandjies en Suid- en Sentraal-Amerikaanse handwerke word tans uitgestal. Handgemaakte porselein deur Kim Sacks en 'n versameling Pedi-potte is ook te sien.

**Markteater-fotogalery,** Newtown: Gideon Mendel se omstrede fotografiese uitstalling, Beloofde Land, saam met 'n satiriese beelde-uitstalling deur Brett Murray. Tot 15 April.

**Galery 21:** Etswerke deur Giulio Tambellini en Sonja Strafella tot 20 April.

**Cassirer-galery,** Mutualplein, Rosebank: 'n Uitstalling van ballet, teater en film kostuums, ontwerp deur bekende Franse, Engelse en Suid Afrikaanse ontwerpers open 24 April. Tot 6 Mei.

**Everard Read-galery:** Kunswerke deur Karin Jaroszynska. Tot 3 Mei.

**Natalie Knight-galery:** Verjaardag-herdenkingsuitstalling. Internasionale kontemporêre kunstenaars en moderne meesters. Tot 28 April.

**African Magic:** Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. (Mordechai is dié week terug uit Zoeloeland.) Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en 9a Milkwoodsentrum, Plettenbergbaai.

**Zona.** Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

### Kaapstad

**Baxter-kunsgalery:** Houtsneewerke, tapisseries, potte en beeldhouwerke. Tot 6 Mei.

**Gallery 709,** Adderlystraat: Collages deur die Israelse kunstenares Naama Nothmann. Tot 16 April.

**Cape Gallery,** Kerkstraat 60: Nuwe werke deur Pieter van der Westhuizen, George Botha, Nico Verboom en Ruth Squibb. Tot 15 Mei.

**Kunskamer,** Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier. Tot einde Mei.

**Artscene,** St Andrewslaan, Seepunt: Olieverfwerke deur Anne Wells: Beyond Earth and Water. Tot 23 April.

**Gallery International,** St Georges Sentrum: Twee uitstallings open 17 April -Aidan Walsh van Durban en Wim Blom van Spanje. Hulle stal saam tot 3 Mei uit.

## FILMS



Steve Guttenberg en Courteney Cox in Cocoon: The Return

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
* Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie
SK - Ster Kinekor
M - Metro
K - Kaapstad
PWV - Pretoria, Witwatersrand, Vereeniging

COCOON: THE RETURN - Die klompie senior burgers wat in Cocoon die geleentheid gekry het om die buiteruim te gaan verken, moet in hierdie vervolgrolprent besluit of hulle weer aardbewoners wil word of nie. Met onder andere Don Ameche, Wilford Brimley, Hume Cronyn en Maureen Stapleton. SK: PWV, K.

****DANGEROUS LIAISONS - 'n Briljante rolprent wat beslis aanbeveel word. Glenn Close, Michelle Pfeiffer en die sjarmante John Malkovich lewer uitstekende vertonings in die rolprent waarin seksuele en emosionele speletjies tot tragedies lei. SK: PWV, K.

***DEAR AMERICA: LETTERS FROM VIETNAM - 'n Rolprent wat fokus op die onreg wat aan die Amerikaanse soldate gedoen is gedurende die oorlog. Briewe deur soldate, ouers en meisies word voorgelees deur akteurs met reputasies vir rebelsheid soos Sean Penn, Michael J Fox en Robert de Niro. Die klankbaan is genoeg rede om die rolprent te gaan sien met onder andere Alice Cooper, Bob Dylan en The Doors. SK: PWV.

***DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS - Steve Martin en Michael Caine speel die hoofrolle in die histeriese komedie, losweg gegrond op die swart komedie Bedtime Story, oor twee maltrappe wat ontmoet en besef dat een dorp nie groot genoeg is vir twee skelms nie. SK: PWV, K.

***HIGH TIDE - Die bekende Australiese aktrise Judy Davis en regisseuse Gillian Armstrong werk vir die eerste keer weer saam sedert My Brilliant Career. High Tide handel oor verlore liefde tussen moeder en dogter, die oorsaak en die gevolge daarvan. Ook met Jan Adele en Colin Friels. SK: PWV

***RAINMAN - Dustin Hoffman en Tom Cruise vertolk die rolle van twee broers wat weer ontmoet ná hul pa se dood. Charlie (Cruise) wil uitvind hoekom hy net 'n motor en 'n klomp roosbome geërf het en wie die ander drie miljoen dollar ryker geword het. SK: PWV, K.

***WOMEN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN - Dit lyk of vroue tot vervelens toe gaan kla oor die feit dat die wêreld deur mans aan die draai gehou word. Die lekkerkykstorie handel oor 'n paar vroue wie se mans hulle op een of ander manier bedrieg het en hul oorwinning oor smart. SK: PWV, K

***IMAGINE: JOHN LENNON - 'n Moet vir Lennon-liefhebbers. In die dokumentêre huldeblyk word 'n mens teruggeneem na die Beatle-era, John se kinderjare en sy lewe saam met Yoko. Sy seuns, Sean en Julian lewer ook kommentaar oor hulle pa. 'n Meer konserwatiewe Yoko met kort hare vertel ook hoekom sy besluit het om van die meer private beeldmateriaal aan die publiek te vertoon. SK: PWV.

***BABETTE'S FEAST - Dié film, wat 'n Oscar as die beste buitelandse prent gewen het, handel oor die invloed wat 'n vlugteling van die Communard-opstand in Parys (en spesifiek haar kookkuns) het op 'n klein dorpie op die Jutlandse kus in Denemarke. Gegrond op 'n roman van Isak Denisen. SK: PWV, K

***A FISH CALLED WANDA - Cleese en Palin van die Monty Python-span saam met Jamie Lee Curtis (as stomme femme fatale wat uiteindelik verlief raak) en Kevin Kline in 'n juweeldiefstal-avontuur. So snaaks dat almal huis toe gaan met seer wange. Wanda is die vis... en die seksieste vrou wat Cleese sê hy ooit gesien het. SK: PWV, K.

**GORILLAS IN THE MIST - Gegrond op Dian Fossey se stryd om die berggorillas van uitwissing te red. Sigourney Weaver speel die hoofrol in die rolprent wat al twee Golden Globe-toekennings losgeslaan het. Ook met Bryan Brown en Julie Harris. M, SK: PWV, K

**WORKING GIRL - Die verhaal van twee vroue: 'n nydige baas en haar sekretaresse en hulle veldtog om die man van hulle drome vas te trek. Wenner van vier Golden Globe-toekennings en genomineer vir ses Academy-toekennings maak die fliek 'n moet. Met Sigourney Weaver, Harrison Ford en Melanie Griffith. SK:PWV,K

**THE ACCUSED - Jodie Foster is Sarah Tobias. Sy word deur drie mans,

*Na bladsy 12*

## Die Afrikaanse weergawe van Kinekor se filmgids kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad


★★★★★★★★★★★★★★★
**14 - 15 APRIL 1989**
★★★★★★★★★★★★★★★

STER-KINEKOR 14-15 APRIL 1989
**MOVIES**
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES
**CINEMAS** ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
DON AMECHE • STEVE GUTTENBERG
COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 10, 2.30, 5 15, 7.45, 10.15 pm
DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE
RAIN MAN
Brilliant drama. 8 Academy nominations (2-16)
DAILY: 9 45, 12, 2 30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
JODIE FOSTER • KELLY McGILLIS
THE ACCUSED
Powerful courtroom drama (2-18)
SPECIAL SATURDAY: 9 45, 12, 2.30 pm
LADY AND THE TRAMP
Walt Disney's favourite classic (All)
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
• LESLIE NIELSEN •
THE NAKED GUN
Laugh-a-minute comedy hit. (2-10)

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
MON-FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
GEENA DAVIS – OSCAR WINNER 'BEST SUPPORTING ACTRESS'
WILLIAM HURT, KATHLEEN TURNER
ACCIDENTAL TOURIST
Drama. (All)
MON-FRI: 10 30, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 12, 2.30, 5 30, 8.00, 10.15 pm
MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD
WORKING GIRL
... her time has come. A Mike Nichol's film. (2-16)
★ SATURDAY at 10 am ★
DIRTY DANCING
MON-FRI: 10.30, 2 30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10 15 pm
MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS
The con-comedy of the year (All)

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
DEAR AMERICA
A moving cinema experience (2-12)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
GLENN CLOSE • MICHELLE PFEIFFER
DANGEROUS LIAISONS
Lust, Seduction, Revenge – A must see! (2-18)
DAILY: 10, 2.30, 5 15, 7.45, 10.15 pm
DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE
RAIN MAN
Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
GEENA DAVIS – OSCAR WINNER 'BEST SUPPORTING ACTRESS'
WILLIAM HURT, KATHLEEN TURNER
ACCIDENTAL TOURIST
Drama (All)
DAILY 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
DON AMECHE • STEVE GUTTENBERG
COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS
The con-comedy of the year (All)
SPECIAL SATURDAY 9.45, 12, 2.30 pm
LADY AND THE TRAMP
Walt Disney's favourite classic (All)
DAILY: 9.30, 2.30, 7 45 pm
DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE
RAIN MAN
Brilliant drama 8 Academy nominations. (2-16)
DAILY: 12, 5 30, 10 15 pm
Arnold Schwarzenegger, Danny de Vito as
TWINS
Hilarious comedy (All)

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THUR: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRI: 10.30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT: 9 45, 12, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 pm
• BLES BRIDGES •
THE DEVIL AND THE SONG
His story ... His music ... for everyone (All)
★ SATURDAY at 9.45 am ★
BIG
MON-THUR 10.30, 2.30, 5 30, 8 30 pm
FRI: 10.30, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
SAT. 9 45, 12, 2.30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
• LESLIE NIELSEN •
THE NAKED GUN
Laugh-a-minute comedy hit (2 10)

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-2720
DAILY 9 45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
DON AMECHE • STEVE GUTTENBERG
COCOON - THE RETURN (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS
The con-comedy of the year (All)
DAILY: 10, 2.30, 5 15, 7.45, 10.15 pm
DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE
RAIN MAN
Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
MON-THUR: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
GEENA DAVIS – OSCAR WINNER 'BEST SUPPORTING ACTRESS'
WILLIAM HURT, KATHLEEN TURNER
ACCIDENTAL TOURIST
Drama (All)
MON-THUR: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
GLENN CLOSE • MICHELLE PFEIFFER
DANGEROUS LIAISONS
Lust, Seduction, Revenge – A must see! (2-18)

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-8941
DAILY 2.30, 8.30 pm
MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD
WORKING GIRL
her time has come A Mike Nichol's film. (2-16)
DAILY: 5.30 pm ONLY
Tantalizing ... War-of-the-sexes-comedy!
WOMAN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN
(With sub-titles) (2-14)
★ SATURDAY at 10.30 am ★
LICENSE TO DRIVE

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
MON-FRI: 2 00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
SAT 2 00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
DUSTIN HOFFMAN • TOM CRUISE
RAIN MAN
Brilliant drama 8 Academy nominations (2-16)
★ SATURDAY at 10.30 am ★
BLACK EAGLE
MON-FRI 2.00, 4 15, 6.30, 9.00 pm
SAT 11, 2 00, 4 15, 6.30, 9.00 pm
DON AMECHE • STEVE GUTTENBERG
COCOON - THE RETURN (All)
MON-FRI. 2.00, 4 15, 6.30, 8.45 pm
SAT. 10 30, 2.00, 4.15, 6 30, 8.45 pm
MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN as
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS
The con-comedy of the year (All)
MON-FRI 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT. 11, 2.15, 4 30, 6.45, 9.00 pm
LE GRAND CHEMIN
French with English sub-titles. (2-18)

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5581
MON-THUR: 2.30, 5.30, 8 00 pm
FRI. 2 15, 4 30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 4 30, 6 45, 9.00 pm
MELANIE GRIFFITH • HARRISON FORD
WORKING GIRL
... her time has come. A Mike Nichol's film (2-16)
SPECIAL SATURDAY: 10.30, 12 15, 2 15 pm
LADY AND THE TRAMP
Walt Disney's favourite classic (All)
MON-THUR: 3.00, 6.00, 8.30 pm
FRI: 2.00, 4.30, 7.00, 9.15 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 7.00, 9.15 pm
Arnold Schwarzenegger, Danny de Vito as
TWINS
Hilarious comedy (All)

**DRIVE-INS**
★ NIGHTLY AT 8.00 pm ★
R9,50 per Car, Combi, or L.D.V. for 2 Films
**Goodwood - Tel 54-4339**
DEVIL AND THE SONG
BLES BRIDGES His story, His music, for everyone
IN THE NAME OF BLOOD
TED LE PLAT, SANDRA PRINSLOO DRAMA (2-12)
**Seabreeze - Tel 701-3309**
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS
MICHAEL CAINE, STEVE MARTIN Comedy (All)
WATER
MICHAEL CAINE Comedy (All)
**Skyvue - Tel 903-5130**
TWINS
Arnold Schwarzenegger Danny de Vito Comedy (All)
SCROOGED
BILL MURRAY Hysterical Comedy (All)

• ADGRAPHICS •



STER-KINEKOR
14 APRIL – 20 APRIL
ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET
ENQUIRIES (011) 28-3040 – ALL WELCOME
**MOVIES**
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

**CENTRAL**

KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Daily: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 8.00, 10 15 pm
THE ACCIDENTAL TOURIST (A) A ROMANTIC COMEDY STARRING ACADEMY AWARD WINNER GEENA DAVIS!
Daily: 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
TWINS (A)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
WORKING GIRL (2-16)
A FISH CALLED WANDA (2-18)
COCKTAIL (2-16)
Daily: 10.00, 2.30, 5 30, 8.00, 10 20 pm
RAINMAN (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 21 Apr – THE EMISSARY; 28 Apr – A TIME OF DESTINY

**NORTH**

SANDTON CITY 1-7 783-4430/1
Daily. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 pm
THE ACCIDENTAL TOURIST (A) ACADEMY AWARD WINNER GEENA DAVIS STARS WITH WILLIAM HURT IN THE ROMANTIC COMEDY!
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) THE LONG-AWAITED SEQUEL WITH MORE ADVENTURE, SURPRISES AND HEARTACHE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
Daily: 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2 30, 5.30, 8.00, 10 20 pm
RAINMAN (2-16)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
TWINS (A)
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 21 Apr – THE EMISSARY

**EAST**

EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daily 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) THE MYSTERY, THE FANTASY, THE ADVENTURE, CONTINUES!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) THE DEFINITE 'MUST-SEE' COMEDY OF THE YEAR! WITH MICHAEL CAINE!
THE NAKED GUN (2-10)
Daily 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2.30, 5 30, 8.00, 10.20 pm
RAINMAN (2-16)
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 21 Apr – THE EMISSARY; 28 Apr – A TIME OF DESTINY

KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Mon-Thurs: 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45 pm
Fri-Sat: 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
THE NAKED GUN (2-10) A HILARIOUS COMEDY FROM THE MAKERS OF 'FLYING HIGH'!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
COMING ATTRACTIONS: 28 Apr – TEQUILA SUNRISE; 5 May – FOREVER FRIENDS

CONSTANTIA BENONI 422-3305
Mon-Thurs: 12 15, 2.30, 5 30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
Sat. 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE NAKED GUN (2-10) A LAUGH-A-MINUTE COMEDY WITH LESLIE NIELSEN!
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 5 May – FOREVER FRIENDS

350 BOKSBURG 52-4631
Mon-Thurs: 12.15, 2 30, 5.30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Daily: 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8 00, 10.20 pm
RAINMAN (2-16)

PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223
Mon-Thurs: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE NAKED GUN (2-10)
Daily: 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – THE EMISSARY; 28 Apr – TEQUILA SUNRISE

AMERICA 1964
A TIME OF VIOLENCE, RAGE, HATRED!
WHEN AMERICA WAS AT WAR WITH ITSELF!
**MISSISSIPPI BURNING**
STARRING GENE HACKMAN & WILLEM DAFOE
*OPENS FRIDAY 21 APRIL*

STER CITY 1-8 337-3033
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
THE NAKED GUN (2-10) FROM THE MAKERS OF 'FLYING HIGH' A MUST SEE HILARIOUS COMEDY!
THE ACCUSED (2-18)
MARRIED TO THE MOB (2-16)
THE DEVIL AND THE SONG (A)
WORKING GIRL (2-16)
IMAGINE JOHN LENNON (2-12)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
MIDNIGHT RUN (2-18)
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
GORILLAS IN THE MIST (A)
COMING ATTRACTIONS: 28 Apr – TEQUILA SUNRISE; 21 Apr – SPLIT DECISION; 5 May – THE STEPFATHER

KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Mon-Thurs. 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat. 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) JOURNEY TO THE MOST WONDERFUL PLACE ON EARTH – HOME!
Daily: 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTION: 28 Apr – A TIME OF DESTINY

CRESTA RANDBURG 476-3802
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) THE FANTASY CONTINUES! THE MUST-SEE SEQUEL!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) WHATEVER YOU DO – DON'T TURN YOUR BACK ON THEM! A COMEDY WITH STEVE MARTIN!
Daily: 10.00, 12.15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
TWINS (A)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – THE EMISSARY; 12 May – THE RESCUE

KINE HILLBROW 1-3 725-3134
Daily: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) THE LONG-AWAITED SEQUEL! MORE EXCITEMENT AND ADVENTURE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) TWO CONMEN YOU MIGHT WANT TO AVOID! A COMEDY STARRING STEVE MARTIN!
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.15, 10.30 pm
RAINMAN (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 5 May – FOREVER FRIENDS

NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daily: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
THE ACCIDENTAL TOURIST (A) A ROMANTIC COMEDY STARRING OSCAR WINNER GEENA DAVIS!
Daily: 9 45, 2.30, 8.00 pm
RAINMAN (2-16)
Daily: 12.15, 5.30, 10 20 pm
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 5 May – FOREVER FRIENDS

**POTCH**
KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daily: 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10.00 pm
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE – TWO CONMEN IN THIS HILARIOUS COMEDY!
THE NAKED GUN (2-10)
THE DEVIL AND THE SONG (A)
COMING ATTRACTION: 5 May – FOREVER FRIENDS

**WEST**

WESTGATE 1-3 764-2530
Daily 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) A HILARIOUS COMEDY STARRING STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
TWINS (A)
Daily: 10 00, 12 15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 21 Apr – THE EMISSARY

KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daily 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) THE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES!
THE NAKED GUN (2-10)
COMING ATTRACTIONS: 28 Apr – TEQUILA SUNRISE; 5 May – FOREVER FRIENDS

CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Tickets: Adults R4.50. Scholars R3.00
Daily. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
DANGEROUS LIAISONS (2-16) WINNER OF THREE ACADEMY AWARDS!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE IN THIS LAUGH-A-MINUTE COMEDY!
COCOON 2 – THE RETURN (A) ADVENTURE & INTRIGUE! THE MUST-SEE SEQUEL!
TWINS (A)
THE ACCUSED (2-18)
Sat 15 April 10 00 am, 12.15 pm
GREMLINS (A)
COMING ATTRACTIONS: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING; 21 Apr – THE EMISSARY

KINE KRUGERSDORP 665-5330/1
Mon-Thurs. 12 15, 2.30, 5 30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE DEVIL AND THE SONG (A)
Sat 15 April 10 00 am, 12.15 pm
SUPERMAN 4 (A)
WORKING GIRL (2-16)
COMING ATTRACTION: 21 Apr – PLATOON LEADER

**VAAL** △
RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Mon-Thurs: 12.15, 2 30, 5.30, 7 45 pm
Fri: 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
THE DEVIL AND THE SONG (A)
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
COMING ATTRACTION: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daily: 10.00, 12 15 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily. 2 30, 5.30, 8.00, 10 20 pm
RAINMAN (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE NAKED GUN (2-10)
COMING ATTRACTION: 21 Apr – THE EMISSARY

**PRETORIA**

STERLAND 1-8 341-7568/9
Daily: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
THE ACCIDENTAL TOURIST (A) STARRING ACADEMY AWARD WINNER GEENA DAVIS!
Daily: 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
COCOON 2 – THE RETURN (A) MYSTERY, ADVENTURE, ROMANCE! THE FANTASY CONTINUES!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) A HILARIOUS COMEDY STARRING STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
TWINS (A)
THE DEVIL AND THE SONG (A)
THE NAKED GUN (2-10)
WORKING GIRL (2-16)
Daily: 10 00, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 pm
GORILLAS IN THE MIST (A)
COMING ATTRACTION: 21 Apr – MISSISSIPPI BURNING

SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daily: 10 00, 2.30, 5 30, 8.00, 10.20 pm
RAINMAN (2-16) DUSTIN HOFFMAN AND TOM CRUISE IN THIS MULTIPLE-OSCAR-NOMINATION FILM!
Daily 10.00, 12.15, 2 30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
DANGEROUS LIAISONS (2-16)
Daily: 10.00, 12 15, 2 30, 5.30 pm
LADY & THE TRAMP (A)
Daily: 7.45, 10.00 pm
COCKTAIL (2-16)
COMING ATTRACTION: 21 Apr – THE EMISSARY

TRANSVALIA 26-8387
PLEASE PHONE CINEMA FOR DETAILS
FILM FESTIVAL

VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Daily 10.00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A) LAUGHTER AND ADVENTURE WITH STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
THE NAKED GUN (2-10)
COMING ATTRACTION: 5 May – FOREVER FRIENDS

ICE-RINK 44-5253
PUBLIC SKATING
MONDAYS – SATURDAYS
1st Session: 10.00-12.30 pm
2nd Session: 2.00-5.00 pm
Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

**Sun City Theatres** 014651-21174
NOW SHOWING: OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: MISSISSIPPI BURNING (2-18); THE EMISSARY (2-14); CADDYSHACK 2 (A); WILLOW (A)
CINE 1: PRETTY PEACHES (Adult); COVER GIRL (Adult); THE BLONDE NEXT DOOR (Adult)
CINE 2: SWINGING PARTIES (Adult); MY NIGHTS WITH MESSALINA (Adult); KINKY LADIES OF BOURBON ST (Adult)

SK THE MECCA OF QUALITY FILMS
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: MISSISSIPPI BURNING; TIME OF DESTINY; NIGHT OF THE PENCILS

THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.20 pm
RAINMAN (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
DEAR AMERICA (2-12)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
I PICARI (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
IMAGINE JOHN LENNON (2-12)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
WOMEN ON THE VERGE OF A NERVOUS BREAKDOWN (2-14)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BABETTE'S FEAST (A)

CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
THE ACCIDENTAL TOURIST (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
DANGEROUS LIAISONS (2-18)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

SK STER-KINEKOR 14 Apr – 20 Apr
DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT
ONLY R10,00 PER CAR, KOMBI OR L.D.V. FOR 2 SHOWS.
Films change on FRIDAYS. Gates and cafeteria open 6.00 p.m. Shows start at 7.15 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843
Please Note: Extra late shows at 11.30 pm Friday and Saturday at Top-Star, Velskoen and Atlas. R6,50 per car, kombi or L D V.

TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877
A COMEDY WITH DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER!
TWINS (A)
A FISH CALLED WANDA (2-18)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11.30 pm R6,50 PER CAR. TWINS
21 Apr MISSISSIPPI BURNING/BULL DURHAM

VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812
A COMEDY WITH DANNY DE VITO & ARNOLD SCHWARZENEGGER!
TWINS (A)
A FISH CALLED WANDA (2-18)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11 30 pm R6,50 PER CAR TWINS
BE ADVISED – COME EARLY!

ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017
A MUST-SEE ACTION COMEDY FROM THE MAKERS OF FLYING HIGH
THE NAKED GUN (2-10)
WILLOW (A)
EXTRA LATE SHOW FRI & SAT 11.30 pm R6,50 PER CAR THE NAKED GUN
21 Apr WORKING GIRL/ALIEN NATION

STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131
A CHARMING BACHELOR A BOSS FROM HELL & THE SECRETARY – HER TIME HAS COME!
WORKING GIRL (2-16)
MARRIED TO THE MOB (2-16)
21 Apr TWINS/SCROOGED

5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963
A CHARMING BACHELOR A BOSS FROM HELL & THE SECRETARY – HER TIME HAS COME!
WORKING GIRL (2-16)
ALIEN NATION (2-14)
21 Apr GORILLAS IN THE MIST/COCKTAIL

KEMPTON PARK 816-1444/976-4905
TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
SUPER DOUBLE

SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129
A MUST SEE ACTION COMEDY FROM THE MAKERS OF FLYING HIGH!
THE NAKED GUN (2-10)
TEENWOLF 2 (A)
21 Apr: DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/BUSTER

GERMISTON 816-1444/902-1607/8
IN A LAND OF BEAUTY, WONDER & DANGER! THE TRUE STORY OF DIAN FOSSEY!
GORILLAS IN THE MIST (A)
CADDYSHACK 2 (A)
21 Apr ACCUSED/FATAL ATTRACTION

STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468
STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE! FILLED WITH LAUGHTER FROM START TO FINISH!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
THE BIG BLUE (2-16)
21 Apr: MISSISSIPPI BURNING/BULL DURHAM

SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138
BLES BRIDGES TRUE LIFE STORY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
VERKEERDE NOMMER (A)
BE ADVISED – COME EARLY!
21 Apr WORKING GIRL/IN THE NAME OF BLOOD

PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411
SUPER COMEDY DOUBLE! THE MUST-SEE SEQUEL!
COCOON 2 – THE RETURN (A)
MARRIED TO THE MOB (2-16)
21 Apr ACCUSED/FISH CALLED WANDA

MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060
TRUE LIFE STORY! BLES BRIDGES!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
21 Apr ACCUSED/A FISH CALLED WANDA

HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212
IN A LAND OF BEAUTY, WONDER & DANGER! THE TRUE LIFE STORY OF DIAN FOSSEY!
GORILLAS IN THE MIST (A)
FUNNY FARM (A)
21 Apr DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/BUSTER

BRAKPAN 816-1444/916-3907
STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE! FILLED WITH LAUGHTER FROM START TO FINISH!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
MARRIED TO THE MOB (2-16)
21 Apr TWINS/TUCKER

VEREENIGING 816-1444/12-3211
DIRTY HARRY AT HIS BEST IN THE ACTION FILM! CLINT EASTWOOD!
THE DEAD POOL (2-16)
COCKTAIL (2-16)
21 Apr: ACCUSED/CROCODILE DUNDEE 2

KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117
IN A LAND OF BEAUTY, WONDER & DANGER! THE TRUE STORY OF DIAN FOSSEY!
GORILLAS IN THE MIST (A)
FRANTIC (2-14)
21 Apr FISH CALLED WANDA/BIG EASY

KRUGERSDORP 412-1843/953-1959
THE TRUE LIFE STORY OF BLES BRIDGES!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
BE ADVISED – COME EARLY!
21 Apr COCOON 2/MARRIED TO THE MOB

NIGEL 816-1444/739-6616
A CHARMING BACHELOR A BOSS FROM HELL & THE SECRETARY – HER TIME HAS COME!
WORKING GIRL (2-16)
BUSTER (2-14)
21 Apr: FISH CALLED WANDA/SCROOGED

SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS

FOUNTAINS 44-2454
STARRING ACADEMY AWARD WINNER JODIE FOSTER!
THE ACCUSED (2-18)
THE PRESIDIO (2-16)
21 Apr: MISSISSIPPI BURNING/COLORS

SWARTKOPS 374-4902
DANNY DE VITO IN THE HILARIOUS COMEDY!
TWINS (A)
TUCKER (A)
21 Apr: NINJA 3/P.O W. THE ESCAPE

WONDERBOOM 57-1108
PLENTY ACTION IN THIS SUPER DOUBLE!
PLATOON LEADER (2-18)
HERO (2-16)
21 Apr: RAINMAN/BILOXI BLUES

LYNNWOOD 87-1633
THE MUST-SEE SEQUEL! THE FANTASY CONTINUES!
COCOON 2 – THE RETURN (A)
NIKITA (2-12)
21 Apr: PLATOON LEADER/FREEDOM FIGHTERS

UITSPAN 7-2515
BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
21 Apr DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS/LICENSE TO DRIVE

JAKARANDA 54-9115
BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
IN THE NAME OF BLOOD (2-12)
21 Apr: COCOON 2/BUSTER

WITBANK 01351-81064
A HILARIOUS COMEDY WITH STEVE MARTIN & MICHAEL CAINE!
DIRTY ROTTEN SCOUNDRELS (A)
SWEETHEARTS DANCE (2-14)
21 Apr: DEVIL AND THE SONG/IN THE NAME OF BLOOD

RUSTENBURG 01421-29358
BLES BRIDGES' TRUE LIFE STORY!
THE DEVIL AND THE SONG (A)
SKOLLIE (A)

## VRYDAG 14

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Another Life
4.30 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 The Boy and the Book
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 MacGyver
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Derrick
10.00 Spies en Plessié
11.00 Neon en Beton
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.03 Posse
10.39 Frank's Place
11.04 The Television Academy Hall of Fame

**M-NET**
10.30 Goodbye Supermom
12.10 In Shape '89 Health Club Challenge - deel 2
3.30 Eye on the Sparrow
5.06 Videofashion Monthly
5.25 Transformers
5.50 Care Bears
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Annie McGuire - Die begin van 'n nuwe reeks oor 'n liefdesverhouding tussen twee mense met teenstrydige persoonlikhede. Met Mary Tyler Moore en Denis Arndt.
7.45 Motorsport en sokker Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Deliverance - Vier stadsjapies tel probleme op toe hulle besluit om die gevaarlike Chattanooga-rivier in 'n kano aan te durf. Met Burt Reynolds, Jon Voight, Ned Beatty en Ronny Cox.
10.15 West 57th: Tracey Ullman
10.30 Blue Lightning
12.00 Hot Hits

## SATERDAG 15

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000 (3)
11.50 The Pink Panther and Sons (3)
12.00 Beyond 2000 (4)
12.50 The Pink Panther and Sons (4)
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo
1.10 Skatte-eiland
1.35 Bloedbroers
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Jazz-Technikon - Die Pretoria Tegnikon se eerste Jazz-groep se vertoning by die Pretoria Staatsteater.
7.05 Buck James
8.00 News
8.35 Magnum (slot)
9.30 Raid on Entebbe - kyk onder hoogtepunte
12.05 Late Night Live
01.10 Epilogue

**TV4**
6.03 Me and Mom
9.03 A Different World
9.30 Hooperman
9.58 That's Hollywood
10.25 The Tracy Ullman Show
10.51 Man sonder naam

**M-NET**
12.30 Mistral's Daughter - deel 1: 'n Mini-reeks in vier dele gegrond op die trefferverhaal van Judith Kranz oor drie geslagte beeldskone rooikopvroue.
2.30 Mistral's Daughter - deel 2
4.00 Sokker
Oop Tyd
6.15 In Shape '89 Health Club Challange
6.35 Hot Hits
7.00 Beauty and the Beast Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
8.30 Diamonds are Forever - In die agtste James Bond-fliek oormeester agent 007 (Sean Connery) die wulpse Tiffany Case (Jill St. John) wat vir 'n bende internasionale diamantsmokkelaars werk. Ook met Charles Gray en Bruce Cabot.
10.30 Sokker

# Hoogtepunte op TV

# Lieg die Yanks oor besoeke uit die buiteruim?

BAIE aardbewoners vind dit moeilik om te begryp dat hulle nie die enigste lewende wesens in die heelal is nie. Dit is hulle probleem, maar die bewering dat die Amerikaanse regering ongelooflike feite oor besoeke uit die buiteruim van die wêreld weerhou is 'n emstige saak. Journey into Space: UFO Cover-Up handel oor hierdie onstellende moontlikheid (met die Amerikaners is alles moontlik) en word Woensdagaand op M-Net vertoon.

ARENDE is die verhaal van die Boerekrygsgevangenes se hopelose stryd op die onherbergsame eiland van St. Helena en een man se onvermoë om sy lot te aanvaar. In die drama beleef die families van die bannelinge trauma en frustrasie en die Britse troepe raak betrokke by die gevangenes se lewens. Met Ian Roberts, Andrè Roodtman en Gert van Niekerk. 'n Dokumentêr oor die reeks wat 27 April begin, kan Donderdag-aand om 7-uur op TV1 gesien word.

TV1 se fliek vir Saterdag-aand, Raid on Entebbe, is die dramatiese voorstelling van die spannende gebeure wat die ontsetting van 10? gyselaars deur Israeliese kommando's voorafgegaan het. Die drama speel hom op Uganda se Entebbe-lughawe af. Met Peter Finch, Martin Balsam en Charles Bronson.

TRAPPED IN SILENCE wys Donderdagaand 11-uur op TV1. Dis 'n spannende drama oor 'n stil, agressiewe tienerseun en 'n sielkundige se stryd om hom te help. Die rolprent is op 'n ware verhaal gebaseer (na die boek Murphy's Boy). Met Marsha Mason, Kiefer Sutherland en Ron Silver.

'n Nuwe reeks, GOLDENGIRL, vervang Murder She Wrote Maandagaande op TV1. Susan Anton (sy was op 'n stadium aan Dudley Moore se sy) speel die hoofrol in 'n reeks van vier aflewerings oor 'n lieflike sesvoet blondine wat beslis drie goue medaljes in die Olimpiese Spele behoort te verower. Ook met James Coburn en Robert Culp.

JEFF BRIDGES speel die hoofrol in die riller Cutter's Way wat Sondag-aand op M-Net vertoon word. 'n Rondloper is 'n ooggetuie van die nadraai van 'n moord en hy besluit om met behulp van 'n vriend (John Heard) ondersoek in te stel. Ook met Stephen Elliot en Lisa Eichhorn.

WHEN TIME RAN OUT is 'n spannende drama met Paul Newman en Jacqueline Bisset in die hoofrolle. Die twee bevind hulle op 'n erotiese eiland waar hulle betrokke raak by 'n liefdesdriehoek en boonop 'n vulkaan op die drumpel van uitbarsting in die gesig moet staar.
Die fliek wys Maandag-aand op M-net. Ook met William Holden.

DIE baie gewilde en geliefde karakterjie Webster maak weer sy verskyning op TV1 Maandagmiddag om 4.30. In die eerste episode trou Webster as deel van 'n klasprojek om menseverhoudinge beter te verstaan en word die vader van 'n eier wat hy Chester noem. George bak die eier per ongeluk vir ontbyt en Webster beskuldig hom van moord op sy kind.



Die oulike Disney-karakter, Robin Hood

## SONDAG 16

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Storybook International
2.30 Ourselves and Other Animals
3.00 Francois Alwyn Venter: Hunkering en Verbetering
3.30 Anne of Green Gables
4.30 Collage
5.20 The Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Ludwig
9.45 Simfonie nr 1: Schumann
10.20 Perspektief

**TV4**
6.03 Treasure Hunt
9.04 Highway to Heaven
9.57 Kate and Allie
10.25 Sing Country. Hei hei hei.
11.00 Topsport

**M-NET**
5.20 Boks
10.30 Portugese tier open
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca - Twee speurders en hul sekretaresse probeer om 'n internasionale skurk vas te trek. Met Rui Mendes, Antoneo Assuncao en Paula Mora.
11.20 Os Amigos de Gaspar - Portugese weergawe van The Muppets
11.55 Fim de Semana - Joernaalprogram
12.00 Programa Musical
12.25 Ha Petroleo No Beato
Intekenare
1.30 Badminton
3.30 On her Majesty's Secret Service
5.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.50 Raggedy Ann and Andy
Oop Tyd
6.15 Heartbeat
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Wildlife on One: Shipwreck
8.30 Cutter's Way - kyk onder hoogtepunte hierbo
10.12 Newsnight: Multinational Mafia
10.30 I, The Jury

## MAANDAG 17

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Another Life
4.30 Webster - kyk onder hoogtepunte
5.00 Mio Mao
5.10 The Trap Door
5.15 Pumpkin Patch
5.30 The Boy and the Book
5.35 Bionic Six
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Goldengirl - kyk onder hoogtepunte
8.00 Netwerk
9.00 Skoppensboer (heruitsending) - Die eerste van tien aflewerings waarin liefde en internasionale spioenasie hoogty vier. Met Anneline Kriel en Hans Strydom in die hoofrolle.
9.40 Roep
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Butterfly Island
6.30 Topsport
9.00 Family Ties
9.30 Dynasty
10.24 Wiseguy
11.15 The Beam

**M-NET**
10.30 Emma's War
12.05 Mississipi Burning - 'n Kykie agter die skerms by die vervaardiging van die rolprent.
3.30 And now for something completely different
5.00 Costa Rica is different
5.25 The Spiral Zone
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Murphy's Law
7.45 Rugby
Intekenare
8.00 Rugby
8.30 When Time Ran Out - kyk onder hoogtepunte
10.15 West 57th: Paul Harvey
10.30 Over the Top

## DINSDAG 18

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Swartwoudkliniek
5.00 Fanjan, die towenaar van Drakenstein
5.10 Wielie Walie
5.30 Koning Arthur
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Jakkalsstreke
8.00 Network
8.30 You Be The Judge
10.00 Topsport
11.00 Educational - Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.03 Zeppelin
10.50 Easy Street
11.17 Gunsmoke

**M-NET**
10.30 Goodbye Supermom
12.05 In Shape '89 Health Club Challenge
3.30 Silent Movie
5.00 The Underworld
5.25 The Real Ghostbusters
5.50 GI Joe
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 China Beach
7.45 Atletiek
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
8.30 Up the Creek
10.15 Cinema Wars
10.30 Girls just want to have fun

## WOENSDAG 19

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Mio Mao
5.10 The Trap Door
5.15 Tele 6
5.25 The Boy and the Book
5.30 Sea Hunt
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 The Cavanaughs
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Cul De Sac III
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Die goeie aarde
11.30 Oordenking

**TV4**
6.03 Day by Day
6.30 Topsport
9.03 The Colbys
9.56 Misdaad
11.28 My Two Dads

**M-NET**
10.30 I, The Jury
12.15 Videofashion Monthly
3.30 Robin Hood
5.00 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.25 The Flintstone Kids
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 The Oldest Rookie
7.45 Sokker
Intekenare
8.00 Sokker
8.30 Journey into Space: UFO Cover-up? - kyk onder hoogtepunte
10.30 Cutter's Way

## DONDERDAG 20

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Swartwoudkliniek
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Arende - kyk onder hoogtepunte
8.00 Network
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 Trapped in Silence - kyk onder hoogtepunte
12.35 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.03 Life's Most Embarrassing Moments
9.56 Cheers
10.26 Oubaas Koster
11.27 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Silent Movie
12.15 West 57th: Dr Death
3.30 Blue Lightning
5.00 Last Ditch Defence
5.25 Dr Snuggles
5.50 Inspector Gadget
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Designing Women
7.20 Empty Nest
7.45 Revue Plus
Intekenare
8.00 Revue Plus - vervolg
8.30 Diamonds are Forever
10.30 Deliverance
12.00 Carte Blanche

## FILMS

*Van bladsy 11*

aangehits deur toeskouers, in 'n kroeg verkrag en haar stryd teen die skuldiges begin. Haar prokureur (Kelly McGillis) is huiwerig oor die hele aangeleentheid en Sarah beskuldig haar daarvan dat sy aan haar twyfel as gevolg van haar agtergrond. SK, M: PWV, K

**COCKTAIL - Tom Cruise is Brian Flanagan, 'n ambisieuse jong man wat aan die hand van die ervare Doug Coughlin (Brian Brown) die beste kroegman in Manhattan word. 'n Romanse met 'n pragtige kunstenares bring nuwe perspektief in Brian se lewe. SK: PWV.

*TWINS - Danny DeVito en Arnold Schwartzenegger speel die hoofrolle as tweelingbroers wat nie van mekaar se bestaan geweet het nie. Julius (Schwartzenegger) se soektog na sy tweelingbroer is skreeusnaaks. SK: PWV, K

*THE DEAD POOL - Dirty Harry is terug, en hierdie keer (soos al die vorige kere) speel hy nie toneel nie. Harry Callahan se naam verskyn op 'n moordlys, wat hom die vervolgde maak pleks van die vervolger. Clint Eastwood, burgemeester van Carmel, is in die hoofrol. M, SK: PWV, K

## Onafhanklike bioskope

### Kaapstad

LABIA - 68 Oranjestraat
Filmfees
Vanaand: 6.00 The Cry of Reason. 8.15 Manifesto. 10.00 Death of a Son.
Saterdag: 6.00 Haunted Summer. 8.15 The Lair of the White Worm. 10.15 I've Heard the Mermaids Singing.
Maandag: 5.45 The South. 8.00 The Rainbow. 10.15 Manifesto.
Dinsdag: 6.00 Brightness. 8.00 Haunted Summer. 10.15 Mascara.
Woensdag: 6.00 Death of a Son. 8.00 Burning Secret. 10.00 The South.
Donderdag: 6.00 Vincent. 8.00 Love and Fear. 10.15 Shot Down.

### Johannesburg

4AD FILM SOCIETY - Corlett City, Louis Botha.
Sondag-aand: The Sorrow and the Pity. 'n Dokumentêr oor Frankryk tydens die Eerste Wêreld-oorlog.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow.
Woody Allen se Everything you always wanted to know about sex, but were afraid to ask, wys vanaand en Saterdag-aand. Maandag, Dinsdag en Woensdag-aand wys die fliek Hair en Donderdag-aand begin Pretty Baby met Brooke Shieds as 'n 11-jarige prostituut.

**Alternatiewe Afrikaanse musiek — 8 & 9 van hoofkoerant**